# Vrye Weekblad

**Die nuwe stem vir 'n nuwe Suid-Afrika**

9 Desember 1988 Tel: (011) 836-7236/7/8/9 Prys: R1,20 (R1,07 + 13c AVB)



Kyk hoe wit is Heunis se strande! 3





KP-Koos se beaut van 'n vuis 5




# Boere-gekonkel kring wyer uit

Martin Welz

BLOEMFONTEIN - Die gekonkel in hoë kringe wat gelei het tot die selfmoord van 'n plaaslike miljoenêr het wyer uitgekring en nog bekendes is betrek.

Dit blyk nou dat:

* Frik Siebert, die oorlede miljoenêr, waarskynlik van bedrog aangekla sou word omdat hy vervalste dokumente gebruik het om verbandlenings te bekom;
* Die komitee wat ná sy dood deur die minister van Plaaslike Bestuur en Behuising aangestel is om huistransaksies waarby Siebert betrokke was te ondersoek, het sonder om getuienis van die publiek in te win, binne 'n paar uur bevind dat, wat die departement betref, alles in orde is;
* Twee van die komiteelede was staatsamptenare wat in hul amptelike hoedanigheid met die transaksies gewerk het;
* Die invloedryke kringe waarin Siebert beweeg het, blyk uit die name van mense aan wie hy geld geskuld het. Dit sluit in twee regters, 'n Presidentsraadslid en van die Vrystaat se bekendste miljoenêrs; en
* Vrye Weekblad het ook beweringe ondersoek dat die hooflanddros van Bloemfontein, Ben Loots, druk laat uitoefen het op die Verbruikersraad om 'n ondersoek teen Siebert te los.

Dit is die nuutste inligting in die skandaal wat Bloemfontein geskud het nadat Vrye Weekblad onlangs onthul het dat Siebert 'n fortuin gemaak het uit staatshuise wat veronderstel was om die eiendom van minder gegoede staatsamptenare te word. Huispryse is opgejaag en Siebert en sy medewerkers het staatsubsidies in hul sak gesteek.

'n Paar dae na die onthullings het Siebert en Phil Venter, 'n agent van die Grahamstad-Bougenootskap, wat verbandlenings vir hom gereël het, saam selfmoord gepleeg.

In Bloemfontein is daar al sterker aanduidings dat Siebert nie net bankrotskap in die gesig gestaar het nie weens sy oordadige lewenstyl en geldtransaksies nie, maar ook inderdaad waarskynlik van bedrog aangekla sou word.

Valse sertifikate is aan die Grahamstad-Bougenootskap gegee sodat verbandlenings vir huise uitbetaal is voordat hulle gebou is. Salarisstrokies van verbandaansoekers is ook vervals om die indruk te wek dat hul salarisse hoog genoeg was om lenings te bekom.

Een slagoffer van so 'n bedrog is 'n deurwag by die Die Volkblad, 'n plaaslike koerant, wat as gevolg daarvan 'n skuldlas van meer as R60 000 op 'n salaris van skaars meer as R700 het. Hy het nooit die huis bewoon nie.

Nadat Siebert en amptenare van die Grahamstad-Bouvereniging met dié bedrog gekonfronteer is, het Siebert se prokureur, Fritz Krohn, skriftelik bevestig dat Siebert maandeliks R200 tot die deurwag se paaiement sal bydra.

Siebert is dood voordat hy 'n bydrae kon maak.

Krohn is 'n prokureur in die firma Honey en Vennote, wat hul naam van Siebert en Honey na Honey en Vennote verander het ná die onthullings oor Siebert in Vrye Weekblad.

Krohn het dié week geweier om met Vrye Weekblad te praat of kommentaar te lewer op aktekantoorrekords wat daarop dui dat hy self met Siebert se hulp R7 000 wins gemaak het op 'n spekulasiehuis in Wilgehof.

Die redakteur van die Volksblad, Hennie van Deventer, was 'n intieme vriend van Siebert en het hom die Sondagaand voor sy dood moed ingepraat toe hy met selfmoord gedreig het.

Die Volksblad het in 'n voorbladberig Vrye Weekblad se oorspronklike onthullings as 'n "smeerberig" beskryf.

Die hooflanddros van Bloemfontein, Ben Loots, is dié week genader vir kommentaar op gerugte dat hy druk laat uitoefen het op die plaaslike Verbruikersraadkantoor om hul


*Na Bl 2*


# Uitlating kos SAUK-man hoë pos

Jacques Pauw

'N UITLATING deur Sakkie Burger, senior direkteur van nuus en buitelandse dienste by die SAUK, tydens 'n besprekingsprogram oor die algemene verkiesing verlede jaar het nou waarskynlik veroorsaak dat hy nie bevorder gaan word nie.

Dit het pas bekend geword dat Burger nie die pos van Kobus Hamman, adjunk-direkteur-generaal van nuus by die SAUK, gekry het nie. Hamman tree einde vanjaar uit en Burger is allerweë as sy natuurlike opvolger beskou.

Vandeesweek het die nuus soos 'n veldbrand deur die SAUK versprei: Burger bly in sy pos. Hulle soek iemand van buite.

Daardie "iemand" is glo Hennie van Deventer, redakteur van die Volksblad in Bloemfontein. Hy kon egter teen druktyd gister nie vir kommentaar bereik word nie.

Burger word in SAUK-kringe beskou as 'n "Riaan Eksteen-man" en 'n "oorblyfsel van die Pik Botha-manne". Die uitlating wat sy gewildheid in regeringskringe geknou het, was toe hy na die algemene verkiesing van verlede jaar lid was van 'n paneel wat aan 'n besprekingsproram deelgeneem het.

Hy het in die program gesê: "Dit lyk asof die KP goed vorder."

Daar is daarna glo amptelik uit hoë regeringsvlak by die SAUK oor Burger se uitlating beswaar gemaak.

Volgens inligting is Van Deventer onwillig om Hamman se vakante pos te vul, maar die SAUK hoop steeds dat hy wel op die ou end sal inwillig.



**Doodsvlug voor Renamo**

HULLE is al "volksmoordenaars" genoem - hierdie vryheidsvegters wat die afgelope twaalf jaar 'n spoor van dood en verwoesting deur Mosambiek gelaat het. 'n Miljoen Mosambiekers het voor Renamo na buurlande weggevlug. Meer as 300 000 bevind hulle nou in Suid-Afrika. Lees FOKUS op bladsye 8 en 9.

# Ontmoet Mnr Mandela ...

Max du Preez

Ontmoet Makgato Mandela, seun van Nelson.

Mandela jnr, 38, is die ANC-leier se oudste seun by sy eerste vrou, Eveline, en sy pa se ewebeeld. Dit is een van die eerste foto's van hom wat ooit gepubliseer word.

Hy woon in Cofimvaba in die Transkei waar hy sy ma help in haar winkel langs die bushalte. Voor hy 'n paar jaar gelede terug is Transkei toe, was hy 'n sakeman wat in Soweto gewoon het.

Anders as sy pa is die jonger Mandela nie polities aktief nie. Sy enigste werklike betrokkenheid was tydens die 1976-onrus in Soweto.

Hy was 'n seun van 13 toe sy pa Robbeneiland toe gestuur is.

Sedertdien het hy hom darem van tyd tot tyd in die tronk besoek - die laaste keer was vroeër vanjaar. Hy ken sy pa se tweede vrou, Winnie, baie goed en het gereeld by haar gekuier.

Nelson en Eveline Mandela se eerste twee kinders is dood - die dogter kort ná geboorte en die seun as 'n volwassene in 'n motorongeluk.

Die Mandelas is 'n prominente Transkei-familie.

Nelson Mandela is gebore as 'n lid van die Tembu's se koninklike familie. Toe sy pa dood is, is hy as twaalfjarige deur opperhoof David Dalindyebo aangeneem en grootgemaak.

Eveline Mandela, Mandela sr se eerste vrou, was jare lank 'n verpleegster aan die Rand. Sy het grootgeword in die ouerhuis van haar neef, Walter Sisulu, die ANC leier wat in 1964 saam met Nelson Mandela tronk toe gestuur is.

Walter Sisulu se seun, Zwelakhe, is die redakteur van New Nation wat verlede week ná twee jaar in aanhouding vrygelaat is.

* Nelson Mandela is dié week uit die kliniek waar hy behandel is, na 'n huis by die Victor Verster-gevangenis verskuif.

## Dié week in die nuus

### Suid-Afrika

**Die redakteur** van New Nation, Zwelakhe Sisulu, word vrygelaat na meer as twee jaar in aanhouding. 'n Streng inperkingsbevel word op hom bedien.

**Landwyd word** sterk kritiek uitgespreek teen die verhoging in die petrolprys wat op 16 Januarie van krag word.

**President Lennox** Sebe van Ciskei en sy kabinet gee vir hulself 'n salarisverhoging van 40 persent, maar die mense van Ciskei word nie daaroor ingelig nie.

**'n Belangrike stap** in die rigting van versoening in die NG Kerkfamilie word geneem toe die wit kerk verskoning vra oor die skerp veroordeling van kerkleiers, onder andere dr Allan Boesak, wat na die parlement gemarsjeer het.

**Fulton Allem** wen die Miljoen Dollar-toernooi by Sun City na 'n polemiek of hy goed genoeg is om aan die toernooi deel te neem.

**Die skikkingsooreenkoms** oor Angola/Namibia word nie in Brazzaville onderteken nie weens haakplekke wat onstaan oor die ontrekking van die Angolese uit Angola.

**President Fidel** Castro van Kuba sê hy bly eerder nog 20 jaar in Angola as om toe te gee aan Suid-Afrika se eise oor die onttrekking van Kubaanse troepe.

**Gewetensbeswaarde Charles Bester, 18,** word ses jaar tronk toe gestuur omdat hy om christelike redes weier om diensplig te doen.

**Inkhata-vigilantes** maak 13 mense naby New Hanover in Natal dood.

**Die Minister** van Mannekrag, Pietie du Plessis, lê 'n klag van kriminele laster teen die Sondagkoerant Rapport na bewerings dat hy amptenare in sy departement vir persoonlike gewin gebruik het.

**Die Konserwatiewe** Party dreig om die Natal Building Society te boikot nadat die bouvereniging die tak van 'n KP-stadsraadslid in Boksburg sluit.

**Afvaardigings** van die regerings van Suid-Afrika en Botswana ontmoet in 'n poging om 'n sekuriteitsooreenkoms te bereik.

**Die algemene** sekretaris van die Instituut vir Kontekstuele Teologie, vader Smangaliso Mkhatshwa, aanvaar R25 000 skadevergoeding van die Minister van Wet en Orde ná 'n eis oor marteling.

**'n Protesvergadering** oor die Delmas-verhoor in Johannesburg word deur die Kommissaris van Polisie, generaal Hennie de Witt, verbied.

**Twee Amerikaanse** senatore word verlof geweier om ANC-leier Nelson Mandela te sprek.



Frank Siebert (regs) in die geselskap van President PW Botha. Die foto kom uit Die Volksblad.

# Boere-gekonkel kring wyer uit

*Van Bl 1*

ondersoek na klagtes teen Siebert te laat vaar.

Loots is voorsitter van 'n regskakelkomitee wat die publiek se probleme met die regsdienste moet uitstryk.

Hy sê hy het wel 'n klagte ontvang van 'n lid van die publiek wat bygestaan is deur die Verbruikersraad, maar dat die klagte nie soseer oor Siebert was nie as oor die weiering van verskeie regspraktisyns om namens hom teen Siebert op te tree. Die komitee het besluit dat die klagte by die prokureursorde hoort.

Loots het ontken dat hy 'n klagte teen die Verbruikersraad aanhangig gemaak het.

Die direkteur van die Verbruikersraad in Pretoria, Jan Cronje, het gesê dat 'n ene mnr Deysel van Departement Justisie se hoofkantoor hom meegedeel het dat Loots gekla het oor die Verbruikersraad se optrede in die saak.

Cronje het toe die hoof van die Verbruikersraad se kantoor in Bloemfontein, Christa Nel, opdrag gegee om dadelik by landdros Loots aan te doen om meer besonderhede oor sy klagte te kry.

Nel het gesê sy kan nie meer "presies onthou" wat landdros Loots haar vertel het nie, maar hy het ontken het dat hy gekla het.

Toe Loots hierop deur Vrye Weekblad vir kommentaar genader word, het hy alle verdere vrae na sy hoofkantoor in Pretoria verwys.

Ná Vrye Weekblad se onlangse onthullings het die minister van plaaslike bestuur en behuising, Amie Venter, aangekondig dat hy op versoek van die Minister van Justisie en LP vir Bloemfontein-Wes, Kobie Coetzee, 'n ondersoek gelas het.

Koos van Zyl, lid van die Raad vir Ontwikkeling en Behuising, is aangestel om "feitelike inligting onmiddellik" in te win en aan Venter verslag te doen.

Vrye Weekblad verneem betroubaar dat Van Zyl, en die ander twee komiteelede, Frank Gerber en Willem Lombard, Maandag 'n week gelede 'n paar uur lank in die kantoor van Dr Louis van der Watt, genomineerde LP, in Bloemfontein deurgebring het.

Die komitee 'n ete saam met Van der Watt genuttig, en na 'n klein aantal dokument gekyk sonder om enige getuienis in te roep. Die volgende dag was die verslag, waarin hul geen fout vind met die departement nie, op minister Venter se tafel.

Beide Van Zyl en Lombard was in hulle ampshoedanighede belas met die magtiging om staatshuise te verkoop waarmee Siebert gespekuleer het.

Onder die voorste burgers van Bloemfontein aan wie Siebert geld geskuld het, is:

* JM "Job" Pretorius, Vrystaatse lid van die Presidentsraad, stadsraadslid en voormalige burgemeester van Bloemfontein, en direkteur van Floreat Eiendomsmakelaars, die agente wat baie van Siebert se transaksies hanteer het.
* Appelregter Hendrik van Heerden, aan wie Siebert R250 000 geskuld het.
* Regter Fred Beckley, regter van die Vrystaatse afdeling van die Hooggeregshof.
* Dr Barnie Human, raadslid van UOVS, motorhandelaar en een van die Vrystaat se rykste burgers.
* Dr Alberto Tresolino, eiendomsmagnaat, geldskieter, en Italiaanse ere-konsul in die Vrystaat - ook een van die Vrystaat se topmiljoenêrs.

Siebert het enkele dae voor sy dood ook geld probeer leen by die Vrystaat se bekendste miljoeners, Boet en Bill Troskie, maar het volgens hulle sy afspraak nie nagekom nie. Hulle is Vrystaatse motor-handelaars en wêreldbekende filmprodusente.

Vrye Weekblad het voorheen oor die minder gegoede woonbuurt Wilgehof berig. Dié week is vasgestel dat 'n soortgelyke spekulasiepatroon in ten minste drie ander voorstede, en veral in die "goedkoper" woonbuurt Flora, hoogty vier.

# UWK oorweeg stappe teen polisie

DIE Universiteit van Wes-Kaapland het opdrag aan 'n advokaat gegee om moontlike regstappe teen die polisie te ondersoek ná verlede week se reuse klopjag op die universiteit se kampus.

Die doel van die klopjag was om beslag te lê op verbode dokumente en literatuur.

Die polisie het beslag gelê op 'n groot aantal ondermynende publikasies, het die afdeling openbare betrekkinge van die polisie gesê. Verbode materiaal oor die African National Congress/Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party-alliansie is gevind.

"Sommige van die ondermynende dokumente is gevind in die Ruth First-vrouekoshuis, en in die Cecil Esau- en Eduardo dos Santos-manskoshuise," het die polisie gesê.

Volgens ooggetuies het sowat 70 polisievoertuie verlede Donderdag om 9 vm die kampus in 'n konvooi binnegegaan. 'n Visenteringslasbrief is aan die rektor, prof Jakes Gerwel, oorhandig. Daarin is melding gemaak van verbode dokumente en literatuur wat op die kampus versteek sou wees.

Ongeveer 200 polisiemanne van onder meer die onluste-eenheid, die veiligheidstak en die honde-eenheid het daarna die kantore van die studenteraad en die SA National Students Congress (Sansco) sowel as kamers in sekere koshuise deursoek.

Die soektog het sowat uur in beslag geneem. Tydens die soektog is lede van die pers deur die polisie die kampus verbied. Niemand is tydens die ondersoek in hegtenis geneem nie.

Volgens die universiteit, wat 'n studentebevolking van 11 000 het, is daar op 'n "onbenullige aantal" dokumente beslag gelê. 'n Woordvoerder van die polisie het die operasie as "100 persent geslaagd" beskryf.

Prof Gerwel was nie vir kommentaar beskikbaar nie, maar 'n senior dosent wat tydens die gebeure op die kampus was het aan Vrye Weekblad gesê dat "'n olifant geboorte geskenk het aan 'n muis".

Alle politieke kommentaar in hierdie uitgawe van Vrye Weekblad is deur Max du Preez, en opskrifte deur Koos Coetzee. Albei is van Breëstraat 153, Newtown, Johannesburg.

**Vrye Weekblad**

**Ons steek niks weg nie**

Maak seker jy kry Vrye Weekblad elke Vrydag - en spaar boonop 15% op die normale prys van R61,20. Vir R52 (AVB ingesluit) kan jy Vrye Weekblad vir 12 maande kry. Vir 6 maande sal dit jou R28 (AVB ingesluit) kos. Voltooi dié vorm en stuur dit met 'n posorder of gekruisde tjek aan:

VRYE WEEKBLAD, POSBUS 42637, FORDSBURG 2033.

Ek wil graag inteken op Vrye Weekblad vir 12/6 maande en sluit hiermee 'n posorder/tjek in vir R ........................................

NAAM ........................................

ADRES ........................................

........................................

Nog beter: watter wonderliker Kersgeskenk kan jy vir 'n spesiale vriend gee as 'n jaar se Vrye Weekblad in sy of haar posbus afgelewer?
Ek wil graag vir 'n vriend inteken op Vrye Weekblad vir 12/6 maande en sluit hiermee 'n posorder/tjek in vir R ........................................

NAAM ........................................

ADRES ........................................

........................................

**Ons sal jou ingelig hou**

# Dis spierwit op Kaapse strande

**Boksburgers kan met tevrede harte in Kaapland gaan vakansie hou - die meeste strande is net vir blankes gereserveer. Ook in Durban kan dié witmense hul velle donkerder gaan braai sonder om tussen donker velle te lê, want daar is ook nog 'n paar apartheidstrande. Cornis van der Lugt het ondersoek ingestel na waar mense nog 'n wit Kersfees kan gaan hou...**

UIT die munisipaliteite van tien gewilde stranddorpe aan die Kaapse kus wat genader is, het nege aangedui dat hul strande formeel volgens ras geskei is. Dié skeiding word deur die Kaapse Provinsiale Administrasie (KPA) gehandhaaf.

Drie van dié munisipaliteite, Plettenbergbaai, Hermanus en Gansbaai, het egter aangedui dat hulle geen bordjies op het nie en dat die skeiding nie in die praktyk toegepas word nie. Hulle "turn a blind eye", soos die assistent-stadsklerk van Plettenbergbaai, George Clarke, dit stel. En hulle ontvang blykbaar nie klagtes nie.

"As daar klagtes kom sal ons dit aan die polisie oorlaat. Dis tog hulle wat daai wet toepas," sê Thys van Rooyen, adjunk-stadsklerk van Hermanus.

Munisipaliteite in die Kaapprovinsie wat hul strandgebiede wil oopstel, móét dit volgens wet in samewerking met die Kaaplandse administrateur, Gene Louw, doen.

Intussen het dié administrasie reuse-bedrae vir die inrig of verbetering van strande vir swartmense by sommige gebiede beskikbaar gestel.

Aan die Natalse kusgebied is net 'n klein gedeelte by Richardsbaai en Durban vir blankes alleenlik gereserveer. Die Durbanse stadsraad het verlede jaar besluit om alle strande noord van Wesstraat oop te stel. By strande suid hiervan, soos Addington en South Beach, mag net witmense swem.




**Kyk hoe lyk Chris Heunis se dorp!**

Die burgemeester van Durban, Derrick Watterson, sê hy verstaan nie heeltemal wat die probleem is nie, aangesien nie-blankes in terme van die wet wel op dié strande mag wees, maar net nie mag swem nie. Alle rasse mag dus per slot van sake reeds op hierdie strande rondbeweeg.

"Swartmense mag net nie hul voet in die water sit nie," sê die PFP-streeksvoorsitter van die Natalse kusstreek, Roger Burrows, oor dié "absurde situasie".

Kaapstad se strande is reeds 'n paar jaar lank vir alle rasse oop. Daar is geen munisipale geriewe wat rasgeskei is nie en die swembaddens is almal oop.

Van die strande in die onmiddellike Skiereiland-omgewing soos Milnerton, Bloubergstrand, Melkbosstrand, Gordonsbaai en die Strand is slegs vir blankes gereserveer.

Hierdie gebiede val almal onder die Streeksdiensteraad. "Daar was probleme met konserwatiewe mense by hierdie plekke. Toe die destydse afdelingsraad hul belastingbetalersverenigings gekontak het, het hulle opstelling teengestaan," sê die PFP se nasionale direkteur, Neil Ross.

Van die tien Kaapse stranddorpe waarna Vrye Weekblad ondersoek gedoen het, is Saldanha-baai die enigste waarvan die strand vir alle rasse oop is. "Die mees populêre gedeelte, Hoedjiesbaai, wat teen die sentrale sakegebied lê, is oop vir alle rasse, behalwe 'n klein gedeelte teen 'n vakansie-oord wat slegs vir blankes is," sê die stadsklerk, Jurgens Potgieter.

'n Groter swemgebied by Tabakbaai word vir alle rasse beplan. As dié gebied voltooi is, sal Hoedjiesbaai vir swartmense gesluit word.

Volgens die burgemeester van Gansbaai, Christoffel Botha, word die plaaslike "slegs blankes"-getypoel soms deur enkele swartmense gebruik, maar daar is geen bordjies op nie en hulle ondervind geen probleme nie.

"Die wet staan soos hy staan. Ons dorpsraad kan niks oor die saak doen nie. Ons moet maak soos hulle sê," is die stadsklerk van Gordonsbaai, Chris Neethling, se woorde.

*Vrye Weekblad het aan die administrateur van Kaapland, Gene Louw, gevra of hy nie voel dat alle strandgebiede in sy provinsie vir alle rasse oopgestel behoort te word nie. Hy het soos volg skriftelik daarop geantwoord:*

*"Dit is nie vir die Administrateur moontlik om 'n persoonlike morele standpunt uit te spel oor enige aspek wat moontlik sou kon verskil van die implimenteringsbeleid en/of bepalings van wetgewing nie.*

*"Die eerste en primêre taak van 'n politieke ampsbekleder is om verantwoordelik werk na te kom, asook om toe te sien tot billikste implimentering van enige wetgewing ooreenkomstig voorskrifte.*

*"Indien 'n politieke funksionaris telkemale versoek word om morele standpunte teenoor wetsbepaling te vergelyk, sal dit politieke ampsbkleërs in 'n onverantwoordelike situasie plaas.*

*"Wette is immers veranderlik na gelang van politieke omstandighede en die gevoel van die publiek.*

*"Die breë beleid van die uitvoerende komitee van Kaapland is om te alle tye, welke wetsbepalinge ookal ter sprake is, dit op die billikste en regverdigste wyse toe te pas."*

Die KPA het R2,5-miljoen verskaf vir die uitbreiding van Preekstoel, die bruin kampeerterrein by Stilbaai. Volgens die burgemeester van Stilbaai, Kobus Cronje, is dit "ekonomies gesproke" beter dat Stilbaai se wit strandgebied gesluit bly. "Stilbaai se vakansiegangers is meestal Transvalers wat van die Natalse kus wegbly en wat baie geld in eiendom hier belê het."

Hy sê die bruin vakansieganger wat daar kom is 'n "hoëklas-mens". As daar 'n tekort aan geriewe is, moet mense bereid wees om te deel. Maar: "Ons bruin gemeenskap het 'n lekker strand hier. Ek dink dis 'n beter strand as die blankes s'n."

'n Stryd word nog steeds oor die strande van Port Elizabeth gevoer. Dit is onseker of die "slegs blankes"-strande wetlik inderdaad net vir witmense gereserveer is. Dié strande is Somerstrand, Humewood, King-strand, Pollockstrand en klein gedeeltes by St Georgesstrand en Blouwaterbaai.

Die Hooggeregshof het vroeër vanjaar beslis dat die aanvanklike afbakening in die laat sestigerjare deur die stadsraad, ongeldig is. Die betrokke strande is dus oop - soos die stadsraad sedertien by twee geleenthede besluit het. Die KPA en die Minister van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning staan egter hierdie besluit teen.

Nadat verskeie mense op dié wit strande in hegtenis geneem is, het 'n prokureur en gewese stadsraadslid, Graham Richards, die saak ondersoek. Hy het bevind dat die oorspronklike indeling van die strandgebied wetlik ongeldig was en aansoek gedoen by die Hooggeregshof om duidelikheid oor die saak te kry.

Die hof het sy vermoede bevestig. 'n Appèlaansoek deur die minister en die administrateur moet nog verhoor word.

Intussen is die Jacobs-kommissie deur die provinsiale administrasie aangestel om verslag te doen oor die "strandgebruikspatroon" aan die kusgebied tussen die Gamtoos- en die Visrivier.

# Koevoet word probleem vir skikplan

**Max du Preez**

'n Nuwe struikelblok in die onderhandelinge oor Namibia en Angola se toekoms is besig om op te doem - een wat die skikplan op die nippertjie in die wiele kan ry.

Die SWA Polisiemag (Swapol) is volgens betroubare inligting besig om sy berugte teen-insurgensiemag, Koevoet, vinnig uit te brei sodat hulle 'n selfs sterker mag gaan wees wanneer Swapol ingevolge die VVO se skikplan die wet en orde moet handhaaf tydens die verkiesingstydperk.

Koevoet, wat 'n groot aantal gewese Swapo-vegters in hul geledere het, is die Veiligheidsmagte se mees effektiewe eenheid teen Swapo se insurgensie, maar weens hul metodes en optrede ook die mees gehate eenheid in veral Owambo.



Chester Crocker ... rede om te glimlag?

'n Swapo-woordvoerder het aan Vrye Weekblad gesê Swapo sal "dom en onverantwoordelik" wees as hulle "honderde Koevoet-lede toelaat om in die noorde rond te hardloop terwyl die mense van Namibia sonder intimidasie aan die stemprosesse moet deelneem".

Ook uit diplomatieke bronne is ernstige kommer oor die planne met Koevoet teenoor Vrye Weekblad uitgespreek. "Hoe meer Koevoet-lede daar is, hoe groter is die probleem. 'n Mens kan jou kwalik indink hoe dié manne met hul geskiedenis weer deur die bevolking of deur Swapo aanvaar sal kan word. Wil Suid-Afrika 'n massamoord in Owambo sien?" het 'n senior diplomaat uit New York gevra.

Intussen ry die onderhandeling oor Namibia en Angola se toekoms nou wipplank soos nooit tevore nie.

In die laaste paar dae het:

* Kuba se Fidel Castro in Havana 'n skerp aanval op Suid-Afrika geloods en gesê die Kubane sal nog vir twintig jaar in Angola bly as dit moet. Hy het laat blyk dat die Suid-Afrikaanse en Amerikaanse voorstelle vir verifikasie van Kubaanse onttrekking uit Angola onaanvaarbaar is;
* Die Minister van Buitelandse Sake, Pik Botha, aangedui dat Suid-Afrika nuwe voorstelle oor verifikasie aanvaar het "wat die probleem te bowe kan kom;"
* Die Britse ambassadeur in Suid-Afrika, Robin Renwick, in 'n belangrike toespraak in Johannesburg sy regering se entoesiastiese steun vir die jongste pogings uitgespreek. Hy het dit as die "mees positiewe verwikkeling in Suider-Afrika die laaste dekade" bestempel;
* 'n Swapo-woordvoerder in Lusaka, Kandi Nehova, gesê Suid-Afrika is duidelik nie werklik bereid om Namibia te laat vaar nie. Suid-Afrika het die Brazzaville-konferensie kwaadwilliglik verlaat en as dié land se onbuigsaamheid voortduur, sal Swapo weer die oorlog verskerp; en
* Verdere bevestiging gekom dat Unita-soldate in Caprivi bedrywig is, wat daarop kan dui dat Unita hom in Namibia ingrawe in afwagting van die onafhanklikheidsproses.

# 'Lugmag het nie beheer oor lugruim verloor'

Suid-Afrika het nie tydens die "groot gevegte" teen Angolese en Kubaanse troepe in die Namibia/Angola grensstreek vroeë vanjaar beheer oor die lugruim verloor nie, beweer die Suid-Afrikaanse Lugmagtydskrif Ad Astra.

Volgens Ad Astra het die gekombineerde Kubaanse en Angolese lugmagte nege vliegtuie verloor en Suid-Afrika net een. Die tydskrif het nie oor die "groot gevegte" uitgebrei nie.

Die Suid-Afrikaanse troepe, wat Unita ondersteun het, het teen die einde van Augustus van Angola onttrek.

Volgens die tydskrif was die Kubaanse en Angolese troepe tydens gevegte in 'n "uiters gunstige posisie of in 'n getalle-meerderheid". Die Suid-Afrikaners het vanuit ongunstige posisies geveg. Hulle het buite hul radarnetwerk en teen meerdere getalle geveg.

"Hulle het steeds omtrent tien kolskote gehad vir die vyand se een," sê die tydskrif. Dit beskryf wat Pretoria bereik het as "onvergelykbaar".

Buitelandse militêre waarnemers het aangevoer dat Pretoria sy troepe van suid-oos Angola onttrek het omdat hulle in die Kubaanse en Angolese weermag 'n gedugte teenstander gevind en beheer oor die streek se lugruim verloor het.

# 'Hulle het nie respek vir die opsê van gebede nie'

Elsabé Wessels

VRIENDE, familie en ondersteuners van die 13 veroordeeldes in die marathon- Delmasverhoor moes Woensdagaand vinnig uitmekaar spat nadat die polisie 'n gebedsdiens vir die 13 opgebreek het.

Die polisieoptrede is daarna skerp deur kerkleiers as 'n skending van godsdiensvryheid veroordeel.

In 'n verklaring wat deur kerkleiers van die Presbiteriaanse, Anglikaanse, United Congregational- en die Methodiste-kerke uitgereik is, is die regering versoek om nie godsdienstige aanbidding aan die staat te onderwerp nie.

Die Menseregte-kommissie het die polisie-optrede ten sterkste as 'n blatante skending van menseregte veroordeel.

Die Moderator van die NG Sendingkerk, dr Allan Boesak, wie se preek deur die polisie kortgeknip is, het die voorval as "skandalig" beskryf.

"Die Suid-Afrikaanse regering het nie eers respek vir 'n kerkdiens en die opsê van gebede nie. Ons het hulle mooi versoek dat hulle ons kans gee om eers af te sluit met spesiale gebede vir die beskuldigdes, maar dit is geweier."

Sowat 40 gewapende polisiemanne van die onluste-eenheid, sommige geklee in helderkleurige sweetpakke, het sowat 'n uur na die aanvang van die diens in die sentrale Metodistekerk in Pritchardstraat, Johannesburg, sonder waarskuwing die kerk binnegekom en posisie voor by die preekstoel ingeneem.

Onder polisietoesig het die Metodiste-leier, eerw Peter Storey, vir Boesak kortgeknip en aangekondig dat die polisie die byeenkoms as "onwettig" verklaar het.

Hy het die kerkgangers versoek om die kerkgebou so gou moontlik op vreedsame wyse te verlaat.

Gemeenskapsleiers in die gehoor het kerkgangers versoek om die bevel te gehoorsaam word.

Eerwaarde Storey het 'n vinnige gebed gedoen voordat die kerkgangers die gebou onder streng polisietoesig verlaat het.

Die diens is ter elfder ure gereël nadat 'n protesvergadering teen die skuldbevinding van die 13 vroeër die dag verbied is.

Die veroordeeldes is almal ampsdraers van die United Democratic Front, wat in Februarie vanjaar onder die noodregulasies aan bande gelê is.

Vier van die 13 is aan hoogverraad skuldig bevind en nege aan terrorisme. Onder die sowat 800 mense wat die diens bygewoon het, was gemeenskapsleiers, diplomate en 'n Duitse parlementslid.

Ná skriflesing en gebed en die sing van gewyde liedere is die diens toegespreek deur die president van die Suid-Afrikaanse Raad van Kerke, pastoor Frank Chikane, en Boesak, 'n beskermheer van die UDF.

Kerkgangers wat solidariteit betoon het met UDF-leiers Popo Molefe, Patrick Lekota en Moss Chikane en andere, was duidelik ontstig deur die polisie se teenwoordigheid.

## Begrafnis vir Louis Trichardt-man

LOUIS-TRICHARDT - 'n MAN van Guguletu wat drie maande gelede deur polisie in die Noord-Transvaal doodgeskiet is, is verlede week deur ondersteuners van die PAC begrawe ondanks versekerings deur sy familie dat hy eintlik 'n lid van die ANC is.

Mark Luthando Mkonto (23), is glo 36 keer geskiet. Sy familie beweer hul het eers twee weke gelede gehoor hy is dood.


**Vrye Weekblad**

Ons soek na 'n

ADVERTENSIE-VERKOOPPERSOON

Om by ons dinamiese span aan te sluit. Betekenisvolle kontakte by belangrike adverteerders en agentskappe is belangrik en 'n bewese vermoë om 'n hoë volume advertensie-bestellings te skryf is 'n vereiste.

Aantreklike diensvoorwaardes en 'n geoeie salaris kan beding word.

Skakel vir Karien by (011) 836-7236/7/8/9 om 'n afspraak te reël, of skryf aan Vrye Weekblad, Posbus 42637, Fordsburg 29033




Pastoor Frank Chikane, sekretaris-generaal van die SA Raad van Kerke, diepe gesprek met 'n polisieman wat hom nie wil toelaat om die hofsaal binne te gaan nie

# 'UDF die resultaat van Driekamerparlement'

Jacques Pauw en Sapa

DIE UDF is, in 'n mate, die resultaat van die Driekamerparlement. Binne 'n baie kort tyd het dit daarin geslaag om die verbeelding van baie mense aan te gryp. Dit weerspieël die ideale en standpunte van die mense.

Só het dr Van Zyl Slabbert vandeesweek in die Paleis van Justisie die UDF beskryf in sy getuienis ter versagting van die elf beskuldigdes in die Delmas-verhoor wat aan terrorisme en verraad skuldig bevind is.

Slabbert was deel van 'n prominente groep Suid-Afrikaners wat namens die beskuldigdes in Suid-Afrika se langste politieke verhoor getuig het.

Saam met hom was onder meer die skryfster Nadime Gordimer, prof Jakes Gerwel, rektor van die Universiteit van Wes-Kaapland, dr Sam Mosuenyane, president van Nafcoc en Enos Mabuza, hoofminister van KaNgwane.

Tientalle polisiemanne het vandeesweek voor die hofsaal stelling ingeneem en honderde mense is weggewys omdat die hofsaal net sitplek vir sewentig mense gehad het.

Onder die hofgangers vandeesweek was mense soos Winnie Mandela, Allan Boesak en Frank Chikane.

Vier beskuldigdes, insluitende drie leiers van die UDF, is aan verraad skuldig bevind. Die res is skuldig bevind aan terrorisme.

Van Dijkhorst het na 440 dae se hofverrigtinge in 'n 1 521 bladsy-uitspraak bevind dat die vier mans deel was van 'n sameswering van die UDF om die Staat met geweld omver te werp.

Daar is geen minimum straf vir verraad nie. Die maksimum vonnis is die doodstraf. 'n Skuldigbevinding aan terrorisme kan ook die doodstraf beteken.

Die drie UDF-leiers wat aan verraad skuldig bevind is, is nasionale sekretaris Popo Molefe (39), publisiteitsekretaris Terror Lekota (43) en gewese Transvaalse sekretaris Moss Chikane (43). Tom Manthata (51) van die Soweto Civic Association is saam met hulle skuldig bevind.

Boesak het een dag van die verhoor bygewoon. Hy het die verrigtinge só opgesom:

"My oorheersende emosie was een van uiterste verwarring. Ek het nie die UDF herken waarvan daardie mense gepraat het nie. Ek het nie die SA Raad van Kerke herken waarvan hulle gepraat het nie. Ek het ook nie die Popo Molefe of Terror Lekota herken waarvan hulle praat nie."

Slabbert het vandeesweek gesê hy ondersteun nie geweld nie, maar dat hy uit gesprekke met die uitvoerende komitee van die ANC geleer het dat die gewapende stryd 'n laaste uitweg was na dekades van vreedsame protes.

Daar is redelike gronde vir swartmense om geweld te beoefen, het hy gesê.

Toe hy gevra is oor die moontlikheid van versoening in Suid-Afrika, het Slabbert gesê: "Dit is moontlik, maar uiters onwaarskynlik."

Hy het gesê daar is geen kwessie oor die gewildheid van die ANC nie. Gevra of die drie leiers van die UDF in die beskuldigde bank stroomopmense (mavericks) is, het hy gesê glad nie, hulle verteenwoordig die standpunte van 'n noemenswaardige gedeelte van die bevolking.

Op die eerste dag van versagtende getuienis het Gordimer gesê sy ondersteun Umkhonto we Sizwe (militêre vleuel van die ANC) as deel van die ANC. Wat haar betref, kan die ANC nie beskryf word as gewelddadig nie. In die meerderheid van sy dokumente en aksies is hy vreedsaam.

Gerwel het getuig dat die ANC in die gemeenskap waarin hy beweeg, as 'n politiese eerder as terroristegroep gesien word.

"Hulle word beskou as patriotte, as mans en vroue met 'n sterk oortuiging wat bereid is om baie op te offer. As daar vry en regverdige verkiesings is, is die kanse goed dat ek vir hulle sal stem," het Gerwel gesê.

Mabuza het op 'n vraag op hy geweld veroordeel, gesê: "Ek veroordeel dit, maar respekteer mense wat meen daar is geen ander uitweg nadat demokratiese prosesse tot 'n einde gekom het nie. Ek respekteer daardie mense wat geweld gekies het."

Motsuenyane het by die regter gepleit om die beskuldigdes 'n ligte vonnis te gee om dinge vir alle Suid-Afrikaners makliker te maak om bymekaar te kom. Hy het ook gesê hy kan die geweld van die ANC nie veroordeel nie.

"Die mans in die beskuldigde bank is desperaat, gefrustreer en het hoë geloofwaardigheid in die swart gemeenskap.

"Hulle word geëer as helde in die gemeenskap omdat hul werk vir verandering in Suid-Afrika," het Motsuenyane, 'n gewese lid van die ANC, gesê.

# KP-Koos met die 'beaut' van 'n vuis

**Elsabé Wessels**

RAMKAT van die KP - dié Koos. Hy maak kleingeld van NP LP's op Netwerk. En op 51 het hy 'n man "met 'n beaut van 'n linker" katswink geslaan.

Koos is sommer net Koos: "Dis my titel. Niemand praat ooit van die agbare lid van Overvaal nie," sê hy. Ook nie van Johannes Hercules Van der Merwe, BProc. Hons. nie. (Dié staan wel op 'n koperplaatjie op die muur van sy huis in Alberton.)

Nege-uur Woensdagoggend maak 'n effe verslaapte Koos, in 'n geel kortbroek en 'n wit oopnekhemp en hardloopskoene, die deur oop. Hy dag dis nog maar half- nege. Maar tyd maak nie saak nie. Koos kan gesels en hy doen dit graag. Hy is 'n ou wat van 'n "punchline" hou. Letterlik en figuurlik, besef 'n mens.

"Ek het vreeslik baie ouens gedonner toe ek jonger was. Ek is ook goed opgefoeter. Ek verstaan die taal van 'n man. Dit het my geleer om respek te hê vir almal - selfs die kleintjies," sê Koos as hy verduidelik waar sy vegtersinstink vandaan gekom.

Hy is onder die sterreteken van die Leeu gebore. "Ek doen wat ek wil doen, maar ek doen dit met eerlikheid," sê hy.

Die woord eerlikheid word bakens in 'n gesprek met dié KP-stoomroller. Hy is 'n man wat maklik sy nek uitsteek.

Hy het 15 jaar lank vrywillige diens in die Weermag gedoen - ook grensdiens, waarvoor hy die Pro-Patria medalje gewen het. Vandag is hy die KP se hoofspreker oor verdediging.

Hy val ook nie maklik terug nie. Gerugte doen die rondte dat hy goed geroskam is oor sy uitlating in die tydskrif Leadership oor die verwydering van swartmense uit Hillbrow. Hy staan by standpunt: "Ek het gesê ek kan nie sien hoe 100 000 mense met geweld verskuif kan word nie. Ek kan dit steeds nie sien nie - 'n ander manier sal uitgewerk moet word."

Koos wil die NP nog verder looi oor eerlikheid. Hy het die NP-LP vir Turffontein André Fourie verlede week goed die Leviete voorgelees op televisie oor die NP se oneerlikheid en Boksburg.



Koos en sy kat Ramkat

"Die NP het 'n kritieke strategiese fout gemaak met Boksburg. Hulle het Boksburg gebruik om te KP te probeer verwoes. Maar ons gebruik dit nou om hulle te verwoes. Ons het een slogan: 'open up or shut up'." Die NP se "morality is at stake," sê Koos met 'n tikseltjie leedvermaak en vertel dat selfs Piet Koornhof in Washington voor Amerikaanse senatore erken het dat die regering "al te veel gelieg het".

"Ons pas nou die landswette toe. Dis mos 'n enorme aanval op die NP vir hulle skeinheiligheid," sê Koos.

"In die ses jaar van die KP se bestaan, was Boksburg die NP se grootste fout. Mense wat in glashuise bly, moenie klippe gooi nie. Ons gooi hul huis in sy moer," spreek Koos die laaste woord oor Boksburg.

Hy dink 'n oomblik na en vertel dan van sy visie vir Suid-Afrika: Sy visie is om deur middel van die intellek en die gees - die brein - 'n oplossing te vind deur onderhandeling wat gebaseer is op "selfbeskikking vir dié wat dit wil hê".

Met ander woorde, Koos soek 'n stuk grond waar die Afrikaner oor homself kan regeer en in vrede met sy bure en die buiteland kan saamleef.

Sy visie sal "opofferings van die Afrikaner vra". Maar Koos wil met die buiteland in vrede saamleef, want hy reis graag en hy wil bittergraag oor Moskou se Rooiplein stap en op China se muur gaan loop.

"Suid-Afrika moet sy pariah-status ontgroei," sê Koos 'n paar keer driftig. Hy haal ook Dr Verwoerd aan: "Eerder 'n Suid-Afrika waarin die blanke homself regeer as 'n hele Suid-Afrika waar swartes ons regeer."

Op 'n vraag of hy 'n rassis is, het Koos lank kop gekrap. "Ek haat nie 'n kaffer nie," sê hy nadat hy die saak bepeins het. "Ek gebruik kaffer en outa net in privaatgesprekke en in die binnekamer," verdedig Koos sy woordkeuse.

Van paternalisme moet jy hom nie beskuldig nie, maar hy erken tog dat hy 'n "besondere vaderlike gevoel teenoor 'hulle' koester". Hy vertel later van die "houtkop wat hy met 'n beaut van 'n linker" uitgeslaan het. Die vuishou het hom 'n nuwe bril gekos, maar groter was die besef "dat ek 50 is en ek kry dit nog reg".

Maar Koos is nie net 'n bakleier nie. "Ek kan baklei, maar ek speel ook klavier en skryf gedigte. Ek huil maklik by 'n begrafnis."

Koos se grootste aspirasie op die oomblik is om die KP aan bewind te kry. Hy het met NP-politiek in die huis grootgeword. Hy was skaars tien toe hy al verkiesingspamflette uitgedeel het. Toe hy "spiere gekry het", het hy plakkate opgesit.



In sy kantoor sit Koos agter 'n Suid-Afrikaanse en 'n Amerikaanse vlag

In 1977 het hy Jeppe vir die NP verower. "Ek het gevlug uit Jeppe. Dit was vir my eie politieke oorlewing. Ek het geweet ek gaan verloor."

Vandag sien Koos homself steeds as 'n nasionalis, maar 'n volbloed Afrikaner-nasionalis en sy politieke oesjaar bly 1948.

Hy is trots daarop dat hy in 1981 die eerste man was om agter Dr Andries Treurnicht uit die party te stap.

"Ek is besonder trots om 'n Afrikaner te wees en is besonder lief vir die Afrikaanse taal en die roemryke verlede van my mense." (Hier sluit hy Engelse in wat Afrikaner-ideale deel.)

Watter bydrae dink hy lewer hy? "Ek soek politieke oplossings vir Suid-Afrika." Dit bring ons terug by eerlikheid en 'n boodskap vir 'n alliansie links van die NP.

"Wat Suid-Afrika se politiek die dringendste nodig het, is eerlikheid. Dit kan net bewerkstellig word as Worrall en Malan hulle act together kry. Dan sit jy met die KP aan die een kant en hulle aan die ander kant. Só kan die volk mos kies."

Oor Afrikaner-oorlewing in Suid-Afrika is hy ernstig. "As 'n swart regering oorneem in Suid-Afrika sal ek onbeskaamd deel wees van die wit terrorisme. Ek sal dit vir hulle onmoontlik maak om my selfbeskikking weg te dra. As dit daai stadium bereik dat 'n swart regering oorneem, sal ons vir hulle die land gee as 'n begraafplaas," sê Koos.

"Maar dit sal nie daarby kom nie," sê hy later. "Ons sal dié ding verhoed. Ons wil nie deur ander regeer word nie.

Ten slotte: Koos is 'n "selfmade man". Hy het arm groot geword. "Maar daar was altyd kos in die huis."

Hy is ook 'n versamelaar - boeke, tydskrifte, 208 bierbekers van plekke waar hy besoek afgelê het, opgestopte bok- en buffelkoppe, drie tikmasjiene, 15 000 skyfies en laaie vol fotos, dagboeke van reise (hy was 43 keer oorsee), party-dokumente en briewe van mense wat om hulp kom aanklop.

Op 55 gaan hy begin skryf. Hy vertel die inhoud van 'n mooi kortverhaal wat nog geskryf gaan word. Hy wonder baie oor die "tydelikheid van die mens".

Hy dring daarop aan dat hy die "oorspronklike Koos van der Merwe" van grappie-faam is.

Dit het baie jare gelede in die Akteskantoor in Pretoria onder sy vriende begin.

Maar, ondanks sy grappie-status voel Koos dat hy eintlik 'n ernstige mens is.

Hoe wil hy hê moet mense hom onthou? "Koos het sy beste gedoen om dit waaraan hy glo uit te voer."

# Druk op ANC en PAC om saam te span

VERSOENING tussen die African National Congress en die Pan Africanist Congress is hoog op die agenda van die Bevrydingskomitee van die Organisasie vir Eenheid in Afrika, wat in Februarie in Tripoli byeenkom, het die PAC se sekretaris van buitelandse sake, Gora Ebrahim, dié week in Harare gesê.

OEA-lidlande oefen geruime tyd reeds druk op die twee organisasies uit om hul kragte te smee in hul stryd teen die Suid-Afrikaanse regering.

Ebrahim het voorspel dat Nigerië 'n formele aansoek sal indien om die OEA se ad-hoc komitee vir ANC/PAC-eenheid te laat herleef.

'n Verenigde ANC/PAC-front geniet veral steun van Nigerië, Senegal, die Kongo en Egipte, het Ebrahim gesê. Hy het gesê die Frontliniestate erken toenemend dat die ANC sowel as die PAC 'n politieke en militêre rol in Suid-Afrika speel.

"Hulle glo dat 'n verenigde ANC/PAC-front die vryheidstryd in Suid-Afrika kan aanhelp."

Hy het gesê dat die ANC nog altyd gekant was teen eenheid omdat die PAC volgens hulle geen beleid het nie en 'n negatiewe rol speel in die stryd teen apartheid. Die ANC se hoof van buitelandse sake, Johnny Makatini, wat vroeër dié week oorlede is, was veral sterk gekant teen samewerking met die PAC.

Op 'n vraag oor die "herlewing" van die PAC in Suid-Afrika, het Ebrahim gesê dat verskeie koerante in Suid-Afrika die afgelope tyd breedvoerig berig het oor 'n herlewing van die PAC en die organisasie se politieke rol.

Daar word wyd bespiegel dat konflik tussen die ANC en PAC op 'n ernstige botsing kan afstuur, het hy gesê. Hy het beklemtoon dat die organisasies wat hul beleid betref in die jongste tyd nader aan mekaar beweeg het.

Hy het verwys na die ANC se konsep-grondwet wat in Augustus vanjaar vrygestel is en volgens hom vier nuwe punte bevat wat nog altyd as "basiese riglyne" vir die PAC gedien het: die verwerping van groepsregte, 'n veelpartystaat, 'n verklaring van menseregte, en nie-verbondenheid.

Met sy verwerping van groepsregte en die aanvaarding van individuele regte het die ANC een van die belangrikste beleidsverskille tussen die ANC en PAC uit die weg geruim. 'n Verklaring van menseregte, wat in die grondwet verskans sal word, is sedert die jare sestig die standpunt van die PAC.

'n Versoening van beleidrigtings kan tot samesprekings tussen die twee groepe lei. Met die aanvaarding van 'n veelparty-demokrasie erken die ANC die bestaansreg van ander politieke groepe, het Ebrahim gesê.

Nòg die ANC nòg die PAC kan die politieke debat binne Suid-Afrika ignoreer. Kommunikasie tussen die buitelandse en binnelandse politieke bewegings raak al hoe meer demokraties, het Ebrahim gesê.

Hoewel die PAC 'n verenigde front voorstaan, sal dié organisasie dit nie ten koste van partybeginsels nastreef nie.

# Vryheid met tralies

**DIE redakteur van New Nation, Zwelakhe Sisulu, 38, is verlede week ná amper twee en 'n half jaar in aanhouding sonder verhoor vrygelaat, maar sy vryheid word deur 'n streng inperkingsbevel aan bande gelê. Volgens sy inperkingsbevel mag hy nie sy werk by New Nation hervat nie, nie die Johannesburgse landdrosdistrik sonder polisietoestemming verlaat nie, en nie sy huis in Dube, Soweto, tussen 6nm en 6vm verlaat nie. Hy mag ook nie deelneem aan die aktiwiteite van tien anti-apartheidsorganisasies nie, saam met meer as nege ander mense in dieselfde kamer wees nie, die terrein van enige amptelike opvoedkundige inrigting betree nie of enige byeenkoms waar die regering of plaaslike owerhede gekritiseer word, bywoon nie. Sisulu is hier saam met sy moeder, Albertina Sisulu, en een van sy kinders by sy huis afgeneem. Sy vader, Walter, wat in 1964 weens sabotasie tot lewenslange tronkstraf gevonnis is, word nog in Pollsmoor aangehou.**

*Foto: Anna Zieminski, Afrapix*



# Welsprekende teenstander van apartheid

**Peta Thornycroft**

HARARE - Johnny Makatini, wat verlede Saterdag in Lusaka dood is, was die toonbeeld van die gladde, diplomatieke sy van die African National Congress.

Hy was 'n uitstekende diplomaat en 'n wandelgangpolitikus met ongelooflike energie, en het meer as enige lid van die organisasie se uitvoerende bestuur daarin geslaag om Suid-Afrika in die debat van die VSA se kongres in te dra.

Hy was langer as 'n dekade 'n amptelike waarnemer by die Verenigde Volke, en het stil maar ferm vir Suid-Afrika se isolasie geagiteer. Ten tye van sy dood was Makatini direkteur van die ANC se departement buitelandse sake.

Terwyl die ANC nog herstel van die verlies aan sy beste diplomaat, moet Pretoria gelukkig voel oor die dood van een van sy welsprekendste teenstanders.

Makatini is 56 jaar gelede in Durban gebore, het 'n BA in maatskaplike werk en geskiedenis aan die Universiteit van Natal behaal, en toe aan 'n swart hoërskool in Amanzimtoti skoolgehou.



**Johnny Makatini**

Op universiteit was Makatini aktief in die jeugvleuel van die ANC - toe dit nog 'n wettige organisasie was.

Hy is ingeperk, en het die land daarna verlaat. Hy het die organisasie se eerste kantoor in Algerië geopen. Daarna het hy die ANC se eerste verteenwoordiger by die VVO geword. Hy het dié posisie beklee tot 1985, toe hy na Lusaka verplaas is as hoof van die ANC se 39 buitelandse sendings.

In die Organisasie vir Eenheid in Afrika (OEA) het hy stemme gemaak teen die Pan Africanist Congress, 'n organisasie wat deur die ANC as ontwrigtend en sonder beleid beskou word. Met verloop van tyd het hy sukses behaal: die PAC word in Tanzania verdra en kry slegs in Zimbabwe politieke steun.

Die PAC was baie gebeld oor Makatini omdat hy elke konferensie oorheers het waar albei organisasies teenwoordig was.

Makatini is gesien as een van die meer pro-Westerse lede van die ANC se uitvoerende bestuur, en hy het blykbaar effe afsydig gestaan teen die Oosblok, die ANC se belangrikste ondersteuners.

Die ANC sal dit moeilik vind om hierdie ervare diplomaat te vervang. Hy is deur 'n ANC-diplomaat in Harare beskryf as 'n "stootskraper" beskryf. As diplomasie ondanks Makatini se pogings misluk het, het hy "soos 'n stootskraper vorentoe gebeur. Ek kon nie tred hou met hom nie. Hy was die enigste man wat ek geken het wat 72 uur lank kon werk sonder om te slaap."

Makatini het lank aan suikersiekte gely en was voor sy dood in die Universiteits-opleidingshospitaal in Lusaka 'n week lank in 'n koma.

Hy was getroud en het een kind gehad.

# Boesak lei versoening in NGK-familie

**Elsabé Wessels**

VERSKEURDHEID binne die NG Kerk-familie is dié week op 'n dramatiese wyse op 'n versoeningspad geplaas nadat die moderator van die NG Sendingkerk, dr Allan Boesak, onverwags 'n versoeningsdokument voorgelê het wat deur die moderamen van die drie kerke aanvaar is.

In die dokument spreek die NGK sy spyt uit oor 'n verklaring waarin 'n protesmars van kerkleiers, waaraan Boesak deelgeneem het, sterk veroordeel is.

Maar volgens ingeligte bronne het die spanning binne die moderatuur van die NG Sendingkerk in die loop van die versoeningsproses 'n nuwe hoogtepunt bereik.

Dr Paul Schrotenboer, die leier van die sending van die Gereformeerde Ekumeniese Sinode wat die skaakmat tussen die drie lidkerke van die GES moes oorbrug, het Boesak se optrede as 'n "deurbraak" vir versoening tussen die NG Kerk, die NG Sendingkerk en die NGK in Afrika beskryf.

Dit het gister aan die lig gekom dat Boesak die vier-punt dokument in 'n klimaat van sterk verdeeldheid tussen hom en lede van sy eie moderatuur voorgelê het.

Volgens ingeligte bronne het die dokument onmiddellik die steun van die NGK in Afrika, onder leiding van ds Sam Buti, gekry.

Maar teenkanting van twee NG Sendingkerk-moderatuurslede, dss Sakkie Mentor en Andries Botha, het verhoed dat die NGK in Afrika 'n vyfde punt by die dokument voeg, waarin hulle 'n standpunt van solidariteit met Boesak en ander kerkleiers wou betuig.

Buti het op 'n perskonferensie Woensdag egter aangedring om sy kerk se standpunt in die openbaar te stel: "Ons wil nie struikelblokke in die weg (van versoening) plaas nie.

"Maar my moderatuur het besluit om ons solidariteit te betuig met die aksie van Allan Boesak, Aartsbiskop Tutu en ander kerkleiers deurdat hulle uitdrukking gegee het aan die stem van die stemloses met hul opmars na die parlement in Februarie in protes teen die beperkings wat op 17 apartheidsorganisasies geplaas is."

Waarnemers het verlede week gewaarsku dat die NG Sendingkerk en die NGK in Afrika so ver sou gaan om hul bande met die GES te verbreek indien 'n aanvaarbare skikking nie gevind kon word nie.

Die NGK-moderatuur se aanvaarding van Boesak se vierpunt-dokument het die finale deurslag gegee aan die versoeningspoging wat daarop gerig was om 'n datum te bepaal vir 'n konsultasie van al die lede van die NGK-familie in Suider-Afrika.

Volgens die dokument spreek die NGK hul spyt uit oor hul sterk bewoorde verklaring, waarin hulle die kerkleiers se protesmars in Februarie veroordeel het.

Die vier punte lui:

* "Dit was nie ons doel om enige aanstoot te gee of om die NG Sendingkerk of die Anglikaanse Kerk in swak lig te stel nie.
* "Gesien in die lig van die feit dat ons verklaring wel aanstoot gegee het, spreek ons spyt daaroor uit.
* "Ons erken dat ons uiteenlopende opvattings oor die politieke situasie in Suid-Afrika het en dat ons ook in ons reaksie daarop verskil.
* "Ons erken dat die plek waar ons al hierdie verskille sal bespreek die konsultasie van 7 tot 11 Maart 1989 is."

Die vier punte vorm nou die grondslag vir die Maart-konsultasie, wat vroeër vanjaar deur die NG Sendingkerk en die NGK in Afrika uitgestel is in protes teen die NGK se persverklaring.

Mentor en Botha se weiering dat die NGK in Afrika se standpunt in die versoeningsdokument ingesluit word, is deur waarnemers beskryf as 'n duidelike teken van verdeeldheid binne die NG Sendingkerk-moderatuur en 'n voorsetting van die konflik tussen Boesak en Mentor, die kerk se voormalige moderator.

Leiersfigure binne die NGK in Afrika het gister gesê dat die verskil tussen Boesak en Mentor verteenwoordigend is van 'n ernstige krisis in die bruin gemeenskap oor die politieke pad wat hulle moet loop.

Konflik tussen Boesak en Mentor oor die hou van 'n spesiale sinodesitting, wat deur Boesak versoek is, is dié week na die kerk se spesiale Regskommissie verwys om aantygings van onreëlmatighede in die stemproses te ondersoek.

Mentor was van die begin af teen die spesiale sinodesitting gekant. Boesak wou egter die spesiale sinodesitting byeenroep om afgevaardigdes te dwing om te kies oor die volle politieke implikasies van die Belhar-belydenis.


'n Uitnodiging van

JODAC

Op Saterdag,10 Desember 1988, hou JODAC 'n teepartytjie saam met die families en vriende van die 'Rivonia' gevangenes en die 'Delmas' beskuldigdes.

Daar is in die laaste tyd baie geskryf oor die moontlikheid dat Nelson Mandela en sy mede-gevangenes vrygelaat sal word. Maar terwyl hulle nog in die tronk sit, word ander van ons leiers nou met lang vonnisse bedreig weens hul teenstand teen apartheid.

Vir die families en vriende van albei groepe is dit 'n moeilike tyd. Ons het dus besluit om hulle te steun deur hulle te besoek en saam tee te drink.

Enigiemand wat saam wil gaan is baie welkom. Ons vergader om 13h30 by St. Anthony se Kerk in Krause Straat, Pageview. Ons sal daarvanaf Soweto toe reis in huurmotors of busse. Sien julle daar!

Internasionale Menseregte Dag 10 Desember 1988

Johannesburg Democratic Action Committee Posbus 93118 Yeoville 2143

# 'Ons het hier die begin van 'n groot beweging'

Jacques Pauw

DAAR is minstens vyf ander dienspligtige jongmans waarvan hy weet wat gaan weier om volgende jaar vir diensplig aan te meld. Daar is 'n nuwe vlaag van gewetensbeswaardes wat gaan groei tot 'n magtige groep.

Só sê Ivan Toms, die Kaapstadse dokter wat in Maart vanjaar tot 21 maande tronkstraf gevonnis is omdat hy geweier het om enige verdere diens in die SA Weermag te verrig. Hy is tans vry op borg hangende appèl teen sy vonnis.

"Ek dink ons gaan baie gou nog 20 of 30 jong manne kry wat in die tronk gaan sit omdat hul weens politieke en morele redes nie bereid is om daardie bruin uniform aan te trek en met die SA Weermag geïdentifiseer te wees nie," het Toms gesê.

Intussen het 'n woordvoerder van die Ondersteunersbeweging vir Gewetensbeswaardes (COSG) in Johannesburg gesê daar is 'n groeiende getal burgermaglede (persone wat klaar twee jaar diensplig gedoen het, maar nog verdere kampe moet doen) wat weier om verdere diens te verrig.

"Daar is baie min agtienjariges soos Charles Bester wat genoeg moed en oortuiging het om te weier om diensplig te doen. Maar onder veral burgermaglede merk ons 'n groeiende teenstand teen diens in die Weermag," het die woordvoerder gesê.

Charles Bester het vandeesweek die tweede gewetensbeswaarde geword wat ses jaar tronk toe gestuur is weens sy weiering om diensplig te doen. In Julie vanjaar is David Bruce vir dieselfde tydperk tronk toe gestuur.

In die hofsaal hierdie week was verskeie van die 143 mans wat in Augustus vanjaar in 'n gesamentlike verklaring aangekondig het dat hul as gewetensbeswaardes weier om diens te verrig. Bester was 'n lid van hierdie groep. Die meeste is burgermaglede.

Daar was hierdie week kwaai kritiek teen die regstelsel wat eers Toms, toe Bruce en nou Bester tronk toe gestuur het. Brain Currin, nasionale direkteur van Laywers for Human Rights, het dit só gestel:

"Daar moet iets verkeerd wees met 'n regstelsel wat mense tronk toe stuur weens hul godsdienstige en politieke besware om 'n stelsel te verdedig wat onverdedigbaar is.

Currin het gesê die regstelsel is "verkeerd" omdat dit 'n sogenaamde "verpligte" vonnis is. Die landdroste in die gevalle Toms, Bruce en Bester was van oordeel dat die wet hul geen ander keuse laat nie as om die maksimum vonnis op te lê.

"Bester en die ander twee is gewis geen misdadigers nie. Hulle is deel van die duisende nie-misdadigers wat die afgelope 40 jaar vir oortredings soos paswette en instromingsbeheer tronk toe is," sê Currin.

Hy het die vonnisse vergelyk met dié van 'n geweldenaar soos Jacobus Vorster wat verlede maand in Louis Trichardt 'n opgeskorte vonnis gekry het nadat hy een van sy plaaswerkers wreedaardig doodgeslaan het.

Steun vir Bester het uit talle oorde gekom. Biskop Desmund Tutu het die volgende boodskap gestuur: "Ons prys jou standpunt. Ons glo jou saak is reg, so wees sterk en hou moed."

Toms het gesê dat 'n "verskriklike moeilike" tyd op die jong Bester wag. "Ek weet hoe Bester voel. Die lang, donker gange, die deure wat agter jou toeslaan en die agt voet by ses voet sel wat sy tuiste vir die volgende ses jaar gaan wees.

"Toe ek Pollsmoor toe is, was ek 'n individu. Sedertdien het die teenstand van gewetensbeswaardes gegroei en nou is ons drie. Ons het hier die geboorte van 'n groot beweging. Die Staat kan vergeet om mense te breek of hul oortuigings te verander deur hul in die tronk te sit," het Toms gesê.

Die wet maak tans voorsiening vir alternatiewe diens vir mans wat amptelik as godsdiensbeswaardes geklassifiseer word. Hierdie diens is veel langer (ses jaar) as gewone diensplig en moet in 'n staatsorganisasie gedoen word. Tot dusver is sowat 1 200 mans amptelik as godsdiensbeswaardes geklassifiseer. Driekwart hiervan is Jehova-getuies.

In Augustus 1987 het die nuwe vlaag van gewetensbeswaardes begin toe 23 mans in Kaapstad aangekondig het dat hulle nie verder diens sal doen nie. Toms was een van hulle.

# Geel blommetjies en ses jaar

Jacques Pauw

DIE agtienjarige Charles Bester het lomp en onbeholpe uit die beskuldigdebank gestap. Daar was trane in sy oë, 'n Bybel onder sy arm en 'n geel blommetjie in sy hempsak. Die landdros het hom pas skuldig bevind omdat hy weier om diensplig te doen.

Hy het agterom die bank gestap waar 'n menigte ondersteuners hom ingewag het. Sommige se gesigte was strak. Ander het gehuil. 'n Groot vrou met 'n lang, los rok en dik vlegsel het oor die afskorting geleun, Bester op sy skouer geklop en gesê:

"Great, Charles, great."

Ek het gewonder of sy besef wat vir die jong Bester wag. 'n Bloedjong man uit 'n gesiene huis en privaatskole moet vir ses jaar tronk toe gaan.

Maar sy ondersteuners juig hom toe. Hul gooi geel blommetjies agter hom aan toe hy met die trappe af selle toe gelei word. Hulle sing 'Nkosi Sikelel' i'Afrika, en hou gebalde vuiste in die lug.

Hulle skreeu "viva Charles", "viva Ivan (Toms)" en "viva Dave (Bruce)".

Toe die landdros gelas dat die hofdeure gesluit en die hofgangers hofselle toe geneem moet word omdat hul die orde versteur het, het van hulle gretig dieselfde trappies as Bester afgestap.

Een het 'n baba vasgehou; die ander is met gebreekte been en krukke val-val die steil trappe af.

Bester is 'n produk van, soos hy dit self gestel het, 'n "liefdevolle en vry-denkende ouerhuis". Hy was in Grey-Kollege in Bloemfontein en in private skole in Johannesburg.

In sy matriekjaar in St Martin's het hy eerstespan-rugby en -krieket gespeel, sy skool op Johannesburg se junior stadsraad verteenwoordig, en met 'n universiteitsvrystelling geslaag.

Sy hele betoog het rondom sy christenskap gedraai. Hy het dit só gestel: "Ek is 'n belydende christen en ek glo dat dit Jesus Christus se wens op aarde was dat daar geregtigheid, vrede en vryheid moet wees. Ek glo vas dat God wil hê ek moet weier om diensplig te verrig.

"Ons het baie dringend versoening nodig om bymekaar uit te kom. Ek glo die Weermag hou ons (die verskillende rassegroepe) uitmekaar en ondersteun die stelsel van apartheid."

Die hele tyd was sy swart Bybel styf onder sy arm vasgedruk. Hy het hard en duidelik in die hofsaal gepraat. Hy het verduidelik waarom hy sy christelike gewete gehoorsaam:

"Niemand in hierdie hof kan my vandag veroordeel vir wat ek as christen doen nie. Ek gehoorsaam net Sy wette. En selfs hierdie hof waarin ek staan, berus by Sy wette, want julle het my gevra om in sy naam te sweer dat ek die waarheid sal praat."

Sy regsverteenwoordiger, Kathy Satchwell, het in haar betoog gesê Bester moes kies tussen die wette van God en die wette van die land. Hy het God s'n gekies.

Vóór die hofsaak het Bester op vrae oor hoe hy voel, geantwoord: "I feel strong."

Hy het gemaklik met mense buite die hofsaal gesels en selfs vir die groepie Weermagmanne geglimlag wat die saak staan en bespreek het.

Daar was 'n fris sersant-majoor met 'n groot pistool aan sy sy, nog twee sersant-majoors en 'n man met 'n strepiesdas, sportbaadjie en grys skoene.

Hul gesprek het só verloop: "Die land se wette is heeltemal te sag. Hulle moet hom tien jaar tronk toe stuur."

"Jy's reg, my seun is 'n reccie en pas die land op. Man, gee my 'n toegespande stukkie woestyn en 'n trop Rottweilers - julle weet mos daai met die groot koppe. Jaag hierdie klomp snaakse goed (mense soos Bester) daarin en ek sal hulle dril."

"Jong, jy gaan 'n groot stuk land nodig hê, want hier kom groot moeilikheid in Januarie," (verdere hofsake)

Toe stafsersant Johan Flattery, wat in die hof getuig het, buite die hof deur Bester se lêer blaai, het een van die manne hom gewaarsku: "Maak toe daai lêer, hier's oë wat dwaal."

Drie-uur Maandagmiddag was Bester se gesig strak en sy oë rooi. Net voor hy gevonnis is, het die landdros die hof vir drie minute verdaag het sodat almal van hul geel blommetjies - die wêreldwye embleem van pasifiste - ontslae kon raak.

Bester het in die beskuldigdebank omgedraai en die hofgangers kortliks toegespreek:

"Dankie vir julle ondersteuning. Julle sal die waarheid hoor en die waarheid sal julle uiteindelik vrymaak."

Hulle het hom spontaan toegejuig waar hulle op die vloer, trappies en bankies van die hof ingepak gesit het.

Bester se oom, Charles Cassidy, 'n evangelis, het net voor vonnisoplegging vir hom gebid. Hy het ook vir die polisie gebid.

Langs die beskuldigdebank, en byna skouer aan skouer met Bester, het swaargewigbokser Pierre Coetzer en sowat tien ander polisiemanne na die saak gestaan en luister.

Hulle het ongemaklik begin rondtrap toe Cassidy begin bid. Sommige het hul oë toegemaak, ander het duidelik nie geweet wat om te doen nie.

In die middel van die gebed het 'n polisieman die deur oopgemaak en gesê: "Maak gou, die landdros is op pad."

Landdros van der Merwe het in doodse stilte sy uitspraak voorgelees: "Die hof het die wet bestudeer en geluister na die verteenwoordiging wat namens jou gemaak is, maar tot die slotsom gekom dat die enigste vonnis wat hierdie hof kan oplê, een van ses jaar tronkstraf is. Dit is jou vonnis."

Bester se ouers en familie was ook in die hof. Sy ma, Judy, het bitterlik gehuil toe hy gevonnis is. Ivan Toms het haar getroos.

'n Grys en bejaarde vroutjie wat langs sy ouers gesit het, moontlik sy ouma, het dapper vir Bester gewaai toe hy selle toe gelei is.

Laat Maandagmiddag het 'n silwer tronkwa uit die ingewande van die landdroshof verskyn en in Weststraat afgedraai. Agter-in was Charles Bester.



Gavin Sinclair

**Charles Bester (links) saam met Ivan Toms buite die Johannesburgse landdroshof**

# Seuntjie sien sy ANC-ma weer na ses maande

Sahm Venter

KAAPSTAD - 'n Vierjarige seuntjie is hierdie week met sy ma verenig nadat sy - so het die kind geglo - vir ses maande lank by die werk was.

In werklikheid het Farieda Kahn (27) uit die tronk gekom nadat sy ses maande in die tronk was omdat sy 'n lid van die verbode ANC was.

Kahn is Woensdagoggend uit Pollsmoor-gevangenis vrygelaat. Toe sy tronk toe gestuur is, het sy besluit om nie vir klein Timol te sê waarheen sy gaan nie. Hy was al voorheen saam met haar in die tronk.

Kahn woon sedert 1982 saam met haar man, Patrick Ricketts, in Botswana. Sy is in Mei verlede jaar in hegtenis geneem toe sy en Patrick vir 'n vakansie teruggekeer het na Kaapstad.

Kahn, haar 62-jarige ma, Rugaya, en haar suster, Gadija (33), is aangehou ingevolge artikel 29 van die Wet op Binnelandse Veiligheid. Timol en sy nefie, Rugaya (8), is saam met hulle in die tronk aangehou, maar die volgende dag vrygelaat.

Kahn se ma en suster is na sewe weke vrygelaat. Kahn is vir drie maande aangehou. 'n Paar weke nadat Kahn in hegtenis geneem is, is Timol toegelaat om by haar aan te sluit.

Kahn, 'n kleuterskoolonderwyseres, het vir hom vertel hulle is in 'n skool. Toe sy weggeneem is vir ondervraging, het sy vir hom gesê sy gaan "werk" toe.

Hoewel Timol geglo het dit is 'n skool, is hy tog deur die tronklewe beïnvloed, vertel Gadija. Timo het aan haar gesê hulle het in 'n "klein hokkie" gebly en "ek hou nie van daardie Boere-skool nie".

Hy sien tans gereeld 'n kindersielkundige.

In haar verhoor vroeër vanjaar het Kahn erken sy is 'n lid van die ANC. Sy is twee jaar tronk toe gestuur, waarvan 18 maande opgeskort is.

Sedert sy skuldig bevind is, is Kahn 'n gelyste persoon en mag dus nie aangehaal word nie.

'n Hoogtepunt van haar tronkstraf was toe sy en nog 'n gevangene "Happy Birthday" aan ANC-leier Nelson Mandela gesing het. Die antwoord wat deur die tronkmuur teruggekom het, was: "Dit is nog te vroeg, kameraad."

Kahn is tydens haar gevangeneskap meegedeel dat sy vrygelaat kan word as sy geweld sou veroordeel. Sy het geweier.

Sy het haar man agtien maande gelede gesien. Haar paspoort is tans nog ingetrek en sy kan hom dus nie in Botswana besoek nie.

geluk aan David Bruce, gewetensbeswaarde,

COSG wens jou geluk met jou menseregte toekenning. Ons bevestig weereens ons ondersteuning vir gewetensbeswaardes en die reg tot vryheid van gewete.

# Renamo ... en sy slagoffers



Afonso Dhlakama, leier van Renamo, in sy basis by Gorongosa

## Is dit die Khmer Rouge van Afrika?

**Max du Preez**

HULLE is al Afrika se Khmer Rouge genoem. Die Frelimo-regering praat van hulle as "bandits" en 'n onlangse Amerikaanse verslag het hulle "volksmoordenaars" genoem.

Vir elemente in die Suid-Afrikaanse Weermag en ver-regses hier en in Amerika is hulle dapper anti-kommunistiese vryheidsvegters.

Of hulle nou terroriste of helde is, die Mosambiekse weerstandsbeweging Renamo is die primêre oorsaak dat sowat 'n miljoen Mosambiekers al oor die grense na Suid-Afrika en Malawi gevlug het.

Na twaalf jaar van bloedige burgeroorlog lyk dit asof Renamo nog vir 'n geruime tyd sal sorg dat vrede die verarmde Mosambiek ontwyk.

Sonder vrede kan daar nie werklik met ekonomiese heropbou in die verwoeste Mosambiek begin word nie, en sal die kritieke hongersnood en byna algehele gebrek aan mediese dienste voortduur.

In die verslag oor Renamo wat die Amerikaanse departement van buitelandse sake vroeër vanjaar uitgereik het, word beweer dat Renamo al meer as 100 000 burgerlikes vermoor en meer as 'n miljoen mense uit die land gedryf het.

'n Vraag wat ewe veel as die aard van Renamo gedebatteer word, is of Suid-Afrika die beweging steeds ondersteun.

Die Suid-Afrikaanse regering het twee weke gelede miljoene rande se militêre toerusting vir Frelimo in Beira afgelaai, maar kort daarna het Renamo-drosters weer eens beweer dat elemente in die weermag Renamo steeds in die geheim steun.

Die kort antwoord op die vraag, volgens verskeie neutrale waarnemers, is waarskynlik dat daar 'n dubbele Suid-Afrikaanse strategie vir Mosambiek is: sorg dat Renamo nie heeltemal van die toneel verdwyn nie, maar maak die Frelimo-regering terselfdertyd meer en meer van Pretoria se ekonomiese en militêre steun afhanklik.

Wat nie in twyfel getrek word nie, is dat Renamo in sonde gebore is.

Dit is deur die destydse Rhodesiese militêre magte in die lewe geroep om hul Marxistiese buurstaat te ondermyn, maar dié voogskap is net voor Zimbabwe se onafhanklikheid deur die SA Weermag oorgeneem.

Renamo het verskeie basisse in Suid-Afrika gehad: op 'n plaas net buite Pretoria, een naby Potgietersus en die laaste, wat volgens onlangse bewerings in Maputo nog bestaan, by 5 Verkenningskommando by Phalaborwa.

Die regering het na die ondertekening van die Verdrag van Nkomati in 1984 volgehou dat hy sy steun aan Renamo gestaak het, maar daarna is bewyse gevind dat die steun voortgeduur het - tot in 1987 het die Amerikaanse departement van buitelandse sake nog gesê die beweging kry steun uit Suid-Afrika.

Vroeër vanjaar het die gewese Renamo-verteenwoordiger in Lissabon, Paulo Oliviera, na Frelimo oorgeloop en oortuigende eerstehandse getuienis gelewer van voortgesette Suid-Afrikaanse militêre steun aan Renamo.

Oliviera het gesê die SA Weermag het in laat 1987 nog radiotoerusting in sy huis in Lissabon gaan installeer.

Die twee Weermagoffisiere wat steeds in Maputo genoem word as skakeloffisiere met Renamo, is brigadier Charles van Niekerk en 'n brigadier Van Tonder van Militêre Inligting.

Maar vir die onmiddelike toekoms is Renamo se herkoms en die moontlike beperkte steun uit Suid-Afrika nie soveel van belang as dié vraag nie: Hoe lank kan dié mag van sowat 15 000 man nog die bloedige geweld in Mosambiek laat voortgaan en duisende vlugtelinge oor die grense van Suid-Afrika en Malawi laat stroom nie.

Soos die Renamo-leier, Afonso Dhlakama, onlangs aan 'n joernalis van Newsweek gevra het: "As Renamo geen populêre steun het nie, hoe is dit dan dat ons oorleef met soveel kragte wat teen ons saamgespan is?"

Die ander kant van die argument, sê strategiese kenners en Amerikaanse joernaliste wat onlangs 'n paar dae by 'n Renamo-kamp deurgebring het, is dat Renamo beslis stadig sal doodbloei as sy buitelandse steun heeltemal afgesny word.

Renamo het sy bestaande populêre steun hoofsaaklik aan twee faktore te danke: die stamverdelings in die land en die manier waarop die Frelimo-regering die stamkapteins ondermyn het, en die wanadministrasie en oneffektiewe ekonomiese beleid van die Machel-regering nadat hulle die leë dop van 'n land van die Portugese kolonialiste oorgeneem het.

Renamo sê die essensie van sy bestaan is sy anti-kommunisme, maar dit is duidelik dat sy ondersteuning van die tradisionele stamgebruike en -gesagstrukture in die onontwikkelde Mosambiek tot sy grootste steun lei. Die beweging het byna geen teenwoordigheid in die stede nie.

Boonop is die Frelimo-leër nie die mees effektiewe en gedissiplineerde in Afrika nie, en het die eerste militêre suksesse teen Renamo eers gekom nadat die professionele Zimbabwiese soldate hulle gaan bystaan het. Daar is op die oomblik tienduisende Zimbabwiese, Tanzaniese en Zambiese troepe in Mosambiek.

Daar is ook heelwat getuienis dat van die wandade wat teen die bevolking gepleeg word, die werk van ongedissiplineerde Frelimo-soldate is. Dit is veral die geval by gehuggies wat steun aan Renamo gegee het.

Wat vir Mosambiek nou van uiterste belang is, is dat die kraglyn van Cahora Bassa na Suid-Afrika begin werk, dat van die buitelands-gesteunde landbou-projekte van die grond af kom, en dat die belangrikste roetes tussen stede en na buurstate beveilig word.

Net verlede week het Evkom se Ian Macrae in Maputo bekendgemaak dat Renamo 'n verdere 674 kragpale opgeblaas het.

'n Paar weke gelede het Renamo 'n trein uit Suid-Afrika aangeval en agt mynwerkers doodgeskiet. Maputo het dadelik gesê die opdrag vir die aanval het van "magte binne Suid-Afrika" gekom.

Frelimo is baie sensitief oor militêre hulp uit Suid-Afrika, maar terselfdertyd is daar heelwat hoop in Maputo dat die Suid-Afrikaanse taakmag wat die kraglyn gaan beskerm, Renamo 'n goeie knou sal gee. Daar is heelwat bespiegeling dat die mag uit gesekondeerde lede van die Weermag gaan bestaan. 'n Klompie Suid-Afrikaanse soldate is reeds in Mosambiek om Frelimo-soldate op te lei om die toerusting wat aan Mosambiek geskenk is, te gebruik.

Dit sal 'n dubbele ironie wees as die Weermag albei kante van die burgeroorlog in Mosambiek gaan steun.



Vroue en kinders in polisieselle

## Stamverskille skeur Renamo

MAPUTO - Stamgeskille het gelei tot 'n skeuring in die Mosambiekse weerstandsbeweging Renamo, sê regeringsbronne hier.

Hulle sê een van die Renamo-bevelvoerders, Gimo Phiri, het 'n paar maande gelede van Renamo weggebreek en die Mosambiekse Nasionale Unie gevorm.

Sy beswaar was dat die Ndau-stam van die sentrale provinsies Manica en Sofala die beweging oorheers.

Die leier van Renamo, Afonso Dhlakama, en die meeste van sy luitenante is lede van die Ndau-stam.

Volgens die bronne is die meeste guerrillas in die noordelike Zambezia-provinsie volgelinge van Phiri.

Hy was die leier van die Mosambiekse Revolusionêre Party wat in Malawi gebaseer was, en het in 1982 by Renamo aangesluit op aandrang van die destydse sekretaris-generaal, Orlando Cristina. Dit het Renamo 'n afspringplek in Malawi gegee.

Cristina is in 1983 in 'n Renamo-kamp net buite Pretoria vermoor.

Die nuus van die skeuring kom waarskynlik van 'n Renamo-droster, Chanjunja Joao, wat verlede week in Maputo om amnestie aansoek gedoen het. - AFP.



Renamo-soldate besig met opleiding in die basis Gorongosa. Hierdie beweging is destyds deur Rhodesië gestig om Frelimo te ondermyn. Die stryd duur steeds voort.

**Jacques Pauw**

## Sonder hoop, sonder toekoms, sonder uitkoms

OP 'n vlakte in die Oos-Transvaal, nie ver van die weelderige Mala-Mala-wildtuin af nie, lê 'n menslike vullishoop. Honderde moddergehuggies staan styf teenmekaar ingepak en kinders speel in die as van ou vure.

Hier woon sowat 2 000 mense sonder hoop, sonder toekoms, sonder uitkoms. Welsynsorganisasies is al wat tussen hierdie mense en 'n hongerdood staan.

Tog verkies hulle om hier te woon, ver weg van die onmenslike wreedhede van 'n oorlog, van vroue en kinders wat verkrag en vermoor word, van koringlande wat afgebrand en vee wat weggevoer word.

Die vlugtelingskamp by Rhulane in 'n afgeleë en drooggeteisterde gedeelte van Gazankulu het die afgelope twee jaar 'n uitkoms en toevlugsoord vir duisende Mosambiekse burgers geword wat deur die burgeroorlog gedwing is om na Suid-Afrika te vlug.

Talle vlugtelinge haal nooit die veiligheid van Rhulane nie. Van hulle word deur leeus en krokodille opgevreet, ander word deur Suid-Afrikaanse grenspatrollies gevang en teruggestuur Mosambiek toe, en ander loop hulle vas teen die geëlektrifiseerde draadheining aan 'n deel van die grens met Mosambiek.

Adriaan Vlok, Minister van Wet en Orde, het vroeër vanjaar in die Parlement gesê dat 12 164 Mosambiekers verlede jaar by polisiestasies in die Nelspruit-distrik aangehou is. Meer as 26 000 onwettige Mosambiekse immigrante is verlede jaar teruggestuur na hul geboorteland.

Die heining, meer as twintig kilometer lank en met 'n elektriese stroom van 20 000 volt, het verlede jaar minstens 31 Mosambiekse vlugtelinge doodgeskok wat na Suid-Afrika probeer vlug het.

Soldate en polisiemanne wat die grens patrolleer, het die elektriese heining die grillerige bynaam van die "kaiingdraad" gegee.

Die heining, wat sowat R20 000 per kilometer gekos het, strek vanaf Komatipoort tot by die grens van Kangwane. Die heining het die Sjangaanbevolking van Suider-Afrika in twee verdeel en die hoop van duisende Mosambiekers verydel om 'n veilige heenkome in Suid-Afrika te vind.

Dit is die tweede geëlektrifiseerde heining wat Suid-Afrika aan sy grens met 'n buurland opgerig het. Daar is ook 'n elektriese heining van twaalf kilometer naby Messina in die Noord-Transvaal.

In die verlede het net 'n sogenaamde "sagte heining" Suid-Afrika en Mosambiek geskei. Die heining moes dieresiektes keer en het Sjangaans toegelaat om vryelik tussen die twee lande te beweeg.

Die oorlog tussen Frelimo en Renamo het die hele prentjie verander. Skielik was Suid-Afrika nie meer net kuierplek nie, maar 'n heenkome. Duisende vlugtelinge het oor die "sagte heining" begin stroom.

Vandag is daar volgens amptelike syfers 300 000 Mosambiekers in Suid-Afrika - 80 000 wettige werkers, 70 000 vlugtelinge en 150 000 onwettige werksoekers.

Selfs na die oprigting van die elektriese heining het Mosambiekers probeer om daardie gedeelte van die heining oor te steek.

Enkeles het wel die heining gefnuik deur onder meer 'n ketting oor die draad te gooi wat aan die elektriese kabels en die grond aan beide kante raak. Hierna het hulle boomtakke oor die draad gegooi en oorgeklim, of die lemmetjiesdraad geknip en deurgekruip.

Die heining het egter 'n alarmstelsel en baie vlugtelinge is gevang terwyl hul oor die heining probeer klim het.

Die hoofminister van KaNgwane, Enos Mabuza, sê die elektriese heining is "onmenslik" en verdeel mense wat nie verdeel moet wees nie en maak onskuldiges dood.

"Hierdie mense is nie deel van die oorlog nie. Hulle soek net veiligheid by hul vriende en familie aan hierdie kant van die grens," het Mabuza gesê.

Die elektriese heining bring mee dat al hoe meer vlugtelinge deur die Krugerwildtuin na Gazankulu probeer vlug. Dis 'n staptog van drie tot sewe dae deur 'n gebied sonder kos, min water en baie wilde diere.

In Februarie vanjaar het die vlugtelinge Gazankulu teen 'n tempo van 300 per maand binnegestroom. In 1986 en 1987 is sowat 50 000 permitte aan Mosambiekse vlugtelinge in Gazankulu en Kangwane uitgereik.

Die vlugtelinge het net een doel voor oë, en dit is om die veiligheid van Gazankulu of Kangwane, die Swazi-tuisland op die grens tussen Suid-Afrika, Mosambiek en Swaziland, te bereik.

Die vlugtelinge wat wel Rhulane bereik, vertel net een verhaal: van 'n oorlog wat nie vrou, kind of oumens spaar nie. Dis 'n verhaal van armoede en ellende, en van die hongertog na die veiligheid van Gazankulu.

Hul ontberings is hartverskeurend, soos die ma wie se pasgebore baba in die Krugerwildtuin deur 'n hiëna weggedra en opgevreet is, of 'n pa wat vertel van sy jong dogtertjie wat in die Komatirivier deur 'n krokodil van hom weggeskeur word.

Die Nasionale Parkeraad het al in 'n jaarverslag gesê dat hy bekommerd is oor leeus in die Krugerwildtuin wat mensvreters word omdat die vlugtelinge 'n maklike prooi vir die ongediertes is.

Kangwane en Gazankulu bied herberg aan die vlugtelinge. Hier kan hulle vir 'n onbepaalde tyd wettig woon.



Die "kaiingdraad" tussen Suid-Afrika en Mosambiek

## Lang, harde reis vir Mosambiekse vlugtelinge

**Jacques Pauw**

ONGEKENDE wreedhede word deur Renamo-rebelle in Mosambiek gepleeg. Vlugtelinge in die kamp by Rhulane beskryf hierdie bendes guerrillas as skietlustige wreedaards wat geen vrou, kind of bejaarde ontsien nie.

Die vlugtelinge wat by Rhulane aankom, het almal die lang pad deur die Krugerwildtuin aangedurf om veiligheid te bereik. In baie gevalle is dit 'n staptog van ses dae tussen wilde diere en soldate deur om Rhulane te bereik. Die vlugtelinge skuil bedags, en loop snags.

Daar is min volwasse mans in Rhulane. Die meeste is betrokke in die oorlog of het in die kruisvuur tussen Frelimo en Renamo omgekom. Meer as die helfte van die vlugtelinge in Rhulane is onder sestien jaar.

Rhulane bestaan op geen kaart nie. Dit bestaan uit die honderde moddergehuggies van die vlugtelinge en etlike tente van welsynsorganisasies soos die Rooi Kruis, Operasie Honger en die Heilsleër.

Elke familie vlugtelinge wat daar opdaag, kry 'n perseel om 'n hut te bou. Daar is baie min werk vir hulle in Gazankulu. Daar is planne om 100 000 hektaar land by Gazankulu in te lyf waarop die vlugtelinge hervestig kan word.

Vlugtelinge vertel hartverskeurende verhale oor die tog deur die Krugerwildtuin. Dikwels vlug die mense uit Mosambiek sonder 'n kriesel kos.

Al die vlugtelinge in Rhulane het al deurgeloop onder die wreedhede van óf Renamo óf Frelimo. In baie gevalle is 'n gesinslid vermoor of verkrag, lande afgebrand en vee vermink.

Renamo se rebelle-bedrywinghede strek nou oor al tien provinsies van Mosambiek. Namate hul grootste mag meer suidwaarts en nader aan Maputo beweeg, vlug al meer Mosambiekers na Suid-Afrika.

Renamo plunder gereeld statjies, maar kruip ook daar weg as Frelimo in die omgewing is. Sou die Frelimo's agterkom dat die plaaslike bevolking Renamo toegelaat het om daar weg te kruip, word van die ouer mans geskiet.

Al die mans van 'n statjie word geskiet sou iemand inligting aan Frelimo verskaf. Die oorlewendes word nie toegelaat omn gesinslede te begrawe nie.

Die vegters bly gewoonlik in die statjie tot die lyke begin ontbind. Dan kom hulle 'n paar dae later terug, en as die dooies begrawe is, word dié wat hulle begrawe het, geskiet.

Terwyl Renamo in 'n stat is, word vroue voor hul mans verkrag. Jong meisies moet die buit wegdra en sommer ook die gesellinne van die soldate wees. As Frelimo van die meisies by Renamo vang, word hulle doodgeskiet omdat hul met die vyand saamwerk.

Hier is die verhaal van Maria, een van die vlugtelinge in Rhulane: "Renamo was een oggend vroeg daar. Hulle het al die inwoners buite op 'n hoop gejaag. Hulle het vir kos gevra. Hulle was moeg en honger.

"Hulle is vir dae lank deur 'n patrollie van Frelimo gejaag. Hulle wou weet wie inligting aan die soldate oor hul bewegings gegee het. Ons het van niks geweet nie.

"Hulle wou ons nie glo nie. Hulle het min koeëls oorgehad en was bang Frelimo hoor hulle. Toe kap hulle van die ou mans dood. Kinders se bene en arms is met draad vasgemaak. Toe steek hulle die stat aan die brand. Van die mense het doodgebrand.

"Ek, my tannie en ons ses kinders het gevlug. Ons het gehoor van Gazankulu. Ons het weswaarts begin loop. Ons het vier dae deur die wildtuin geloop. Ons het nie kos gehad nie, maar water by die diere se drinkplekke gedrink.

"Een nag het ons ons in 'n trop buffels vasgeloop. 'n Ander keer moes ek 'n hiëna met 'n kombers verjaag wat ons agtervolg het.

"Al wat ons geëet het, was bessies wat ons van bome afgepluk het.

"Die een kind is dood op pad hierheen. Hy moes iets giftigs geëet het. Ons moes haar net so in die veld agterlaat.

"Nou is ons hier in Rhulane. Daar is niks om te doen nie. Daar is nie velde om mielies in te plant of vee aan te hou nie. Maar dit is veilig en ons kry elke dag kos. Maar ek weet nie wat van die kinders gaan word nie."



'n Mosambieke vlugteling wat in die Komatierivier verdrink het

## Diensplig

CHARLES BESTER is 'n mooi, gesonde seun wat op skool 'n leier was en uitgeblink het in die akademie en sport.

Hy is dié week gevonnis tot ses jaar saam met geharde misdadiger in 'n tronk.

Sy misdaad? Sy gewete laat hom nie toe om diensplig te doen nie.

Voor hy tronk toe is, het Bester vrywillige diens by 'n evangelisasie-groep gedoen. Dit is juis sy Christelike gewete wat Bester nie toelaat om in die Weermag te dien nie.

Watter soort gemeenskap is dit wat van só 'n jong man 'n misdadiger maak? Of 'n mens nou met hom saamstem of nie, is iemand van 18 jaar oud wat só sterk oor sy Christelike beginsels voel dat hy bereid is om ses jaar lank tronk toe te gaan, nie bewonderenswaardig nie?

Het ons maar meer sulke wit seuns in ons land gehad. Politieke oorweginge eenkant gelaat en bloot op durf en integriteit geoordeel, het Bester waarskynlik net soveel morele aanspraak op 'n medalje vir dapperheid as enige soldaat.

Bester is nie die eerste geval van sy soort nie. Onlangs is twee ander jong mans, Ivan Toms en David Bruce, ook só tronk toe gestuur.

Toms is 'n mediese dokter wat onder meer welsynswerk onder arm gemeenskappe gedoen het voor hy tronk toe moes gaan. Bruce het pas afstudeer by Wits toe hy in die hof moes verskyn.

In hierdie stadium het ons howe geen ander keuse as om gewetensbeswaardes vir ses jaar tronk toe te stuur nie. Dit maak hul straf baie swaarder as wat in vele gevalle aan bedrieërs, diewe, verkragters en selfs moordenaars opgelê word.

Al stem alle redelike Suid-Afrikaners nie saam met dié manne se besware teen diensplig nie, kan 'n mens aanvaar dat net kwaadwilliges gaan sê hulle verstaan glad nie waarom die besware draai nie.

Baie ander Suid-Afrikaners, baie van hulle lede van die Nasionale Party, het ook sterk twyfel oor ons Weermag se rol in Angola, Namibia en in ons swart townships.

Dit is so dat elke land 'n weermag moet hê. Maar as goeie jong burgers ses jaar in 'n tronk begin verkies bo twee jaar *diensplig*, moet die regering begin besef daar is iets drasties verkeerd.

Nie een van die drie is 'n bedreiging vir die gemeenskap nie. Inteendeel, hulle was in diens van die gemeenskap voor die staat hul daaruit verwyder het.

Bester het sy weiering só verduidelik: "Ek glo dat as ek my liefde vir God, my land en my mede-Suid-Afrikaners wil demonstreer, ek die weg van versoening en nie-geweld moet volg. Daarom weier ek om in die SA Weermag te dien."

Dit kan net 'n moreel bankrot regering wees wat iemand oor só 'n standpunt tronk toe stuur.

In elke beskaafde land in die wêreld word voorsiening gemaak vir manne met gewetensbesware teen militêre diens. In Suid-Afrika is daar voorsiening gemaak vir godsdienstige beswaardes, maar nie vir mense met politieke besware nie.

Daar is byvoorbeeld geen voorsiening vir iemand soos Bester wat godsdienstige, politieke en gewetensbesware teen diensplig het nie.

Godsdiensbeswaardes se alternatiewe diens is ses jaar in 'n staat- of semistaatinstelling. Dit is in baie gevalle diens in 'n staatsdepartement, brandweer of ambulans.

Sekerlik kon die staat vir Bruce, Toms en Bester tot soortgelyke diens gevonnis het. Pleks van die gemeenskap dien, is hulle nou in die tronk.

Ons hoop van harte die regering gaan binnekort sy ongevoelige houding teenoor gewetensbeswaardes hersien.

Dit sal verhoed dat waardevolle mannekrag verlore gaan en jong manne in die tronk gebreek word.

In die proses kan die staat verhoed dat nog martelaars en helde uit sy onsinnige beleid gevorm word.

## So sê hulle . . .

"Swart en bruin koopkrag is niks meer nie as 'n neweproduk van die blanke ekonomie" en "Onder leiding van die KP kan Suid-Afrika een van die grootstes in die wêreld word." - die KP-woordvoerder oor ekonomiese sake, Clive Derby-Lewis

"By Operette, Sektor 10 se opleidingseenheid, het Jánine kennis gemaak met terroristewapens. Sy het haar slag gewys met 'n verskeidenheid van skietgoed. Toe die masjiengewere so begin rat-ta-tat-tat, het sy opgemerk: 'Dit is groot sports!'" - Rapport, oor Mej. Suid-Afrika se besoek aan die Weermag

"The SA government believe unshakeably in separate education for different population groups." - die Minister van Onderwys en Kultuur (Volksraad), Piet Clase, by die Pretoria Onderwyskollege se gradeplegtigheid vandeesweek




So naby en tog so ver . . .

# Een onderwysdepartement in SA is nou 'n vereiste

**Dr Nthato Motlana, ere-president van die Soweto Civic Association, en prof Stuart Saunders, rektor van die Kaapstadse Universiteit, het dié week by die universiteit se gradeplegtigheid oor onderwys in Suid-Afrika gepraat. Hier is uittreksels uit die twee toesprake.**



Saunders



Motlana

## Saunders:

IN 1985 was daar 239 000 studente aan Suid-Afrika se 21 universiteite. Dit gee mens 'n syfer van 7,7 uit elke 1 000 mense van die bevolking. Deel mens dit op in rasse, is dit 29,2 uit elke 1 000 vir blankes, 19,8 vir Asiërs, 4,7 vir bruinmense en 2,2 vir swartmense.

On dit internasionaal te vergelyk, kan mens die voorbeeld noem van Brittanje waar die syfer 7,5 per duisend van die bevolking is en in Australië 11 per duisend.

Ons kan hieruit aflei dat blanke Suid-Afrikaners óf baie slim is óf in 'n baie meer bevoorregte posisie is as mense in meeste Westerse lande. Die teenoorgestelde is natuurlik waar van bruin- en swartmense.

Hierdie ongelykheid moet hand aan hand met die ongelykheid in laer- en hoërskoolonderwys uitgeskakel word. Daar is egter baie hindernisse wat oorkom moet word. So byvoorbeeld gaan die gebrek aan menslike en materiële hulpbronne die beweging na gelykheid kwaai in die wiele ry.

Geen poging tot gelykheid kan slaag voordat ons nie wegbeweeg het van die stelsel van verskillende onderwysdepartemente met hul onderskeie begrotings en prioriteite nie.

Suid-Afrika het 'n obsessie met rasse en groepe en beklemtoon die verskille tussen mense in plaas daarvan om op die ooreenkomste te konsentreer. Dit is ook in ons onderwysstelsels ingebou.

Die situasie word vererger deur die demografiese realiteite wat ons teen die jaar 2000 bedreig. Volgens berekenings sal 57 000 blankes dan matrikuleer, 31 000 bruinmense, 14 000 Asiërs en minstens 198 000 swartmense. In die jaar 2020 sal dit 60 000 blankes en 444 000 swartmense wees.

Ons kan nie eens hoop om hierdie probleem aan te spreek met die magdom van onderwysministeries nie: Onderwys en Kultuur (Volksraad), Onderwys en Kultuur (Huis van Afgevaardigdes), Onderwys en Kultuur (Huis van Verteenwoordiging), Onderwys en Opleiding, Nasionale Opvoeding en 'n magdom ander in die tuislande.

Daar moet een ministerie van onderwys wees en onderwys moet op meriete berus, nie velkleur nie. Belastingbetalers se geld kan nie langer vermors word op al hierdie verskillende instellings nie.

## Motlana:

Ek wil konsentreer op daardie plofbare gebied wat ek baie goed ken - Soweto met sy meer as sestig sekondêre skole. Ek is jammer om te erken dat hoewel ons die kinders in 1986 terug in die klaskamers gekry het, min of selfs geen onderwys plaasgevind het nie.

Die kinders offer hul onderwys op om 'n meer regverdige situasie te probeer skep.

Dit is baie jammer om te sien hoe die verantwoordelike minister en sy amptenare hul hande in onskuld was en hulself terugtrek in hul gesaniteerde Boksburgs.

So byvoorbeeld is daar Meadowlands, eens 'n trotse skool wat bekend was vir sy goeie prestasies. Verlede jaar het al 136 sy matriekleerlinge gedop!

Ek wil vandag 'n korttermyn-oplossing probeer voorstel. Die langtermyn-oplossing is polities en die algehele afskaffing van apartheid.

Die strategie vir die onmiddellike toekoms is dat die bestuur van onderwys in die hande van die gemeenskap geplaas moet word. Daarbenewens moet die regering 'n enkele ministerie van onderwys saamstel om 'n nasionale onderwysbeleid te formuleer en onderwys te finansier.

Hierna moet die provinsiale onderwysliggame die nasionale onderwysbeleid toepas en dit monitor. Nie-rassige streeksrade van onderwys moet deur die regering saamgestel word wat dan as die uitvoerende beheerliggaam in elke streek sal optree.

Skoolkomitees kan 'n baie belangrike rol in die hele uitvoering van die plan speel. Ware verteenwoordigers moet op elke komitee sit.

Pretoria het oor baie jare 'n gekkespul van skoolkomitees gemaak omdat die Departement van Onderwys en Opleiding die reg gehad het om enige nominasie waarvan hulle nie hou nie, te veto.

Ek het geen twyfel nie dat demokraties-verkose skoolkomitees met ware magte die jammerlike toestand waarin swart onderwys vandag is, kan verander.

Die komitees se hooffunksies moet wees om die skoolhoof en sy personeel te help om die skool effektief te bestuur en 'n noue band tussen die skool en gemeenskap te smee.

Op hierdie manier kan ons ontslae raak van apartheid in onderwys, devolusie van mag in onderwysbestuur verseker, en die ongelykheid in onderwys uitskakel. Daar word tans sewe keer meer aan elke wit kind as aan 'n swart kind bestee.

## En wie het toestemming gegee?

Baie mense was laas Sondag verbaas oor Rapport se hoofberig oor minister Pietie du Plessis se beweerde doen en late. Brolloks was ewe verbaas.

Dit was maar 'n flouerige storie met yl getuienis, maar die verstommende was dat dit oor 'n minister in die Nasionale Party-kabinet gegaan het!

Nou is dit so dat die koerant al tevore wonderlike stories oor ministers en hul dinge van die hand gewys het uit vrees vir die Groot Krokodil se argwaan.

Sowat 'n maand gelede het die einste koerant glo 'n bommetjie oor Pietie gehad. Hulle besluit toe om dit nie te gebruik nie.

Toe verskyn 'n voorbladberig skielik in die Sunday Times dat die advokaat-generaal 'n ondersoek gelas het na sy grondtransaksies. Daar word die joernalis wat oorspronklik die storie gedoen het, laat op 'n Saterdagaand gebel om te kom red.

Maar toe's dit reeds te laat. Die Times klop hulle toe met hul eie storie.

Merkwaardig dus die skielike mannemoed wat Rapport openbaar.

* Die vraag wat mense in die politiek nou vra, is: By wie het Rapport "goedkeuring" vir die berig gekry? Wie is dit wat Pietie, vriend van Pik, so graag wil sink?




## Kap hulle, Gatsha!

Mangosuthu Buthelezi het ook vandeesweek stem dikgemaak. Hy het nou wel nie die pers lunsrieme genoem nie, maar na die geweld in Pietermaritzburg verwys en gesê: "Ek wil dit duidelik maak dat as enige koerant of organisasie of persoon Inkatha vir dié geweld blameer en hom daardeur belaster, sal Inkatha die nodige wetlike stappe doen om sy regte te beskerm."

* Miskien moet die hoofminister 'n bietjie gaan sit en wonder hoekom hy so sukkel om van die stigma van gewelddadigheid wat blykbaar aan sy organisasie kleef, weg te kom.

**So lyk 'n sertifikaat van R30 000!**

**Dit het smeek, baklei, lek, kerm, tandekners en dertigduisend bloedrande gekos, maar hier is hy: Vrye Weekblad se registrasiesertifikaat as nuusblad.**

**Namens die redaksie en direkteure en lesers van Vrye Weekblad wil ons net hiermee 'n woord van innige dank aan die Minister van Justisie, Kobie Coetsee, rig vir sy optrede.**

**Sy vetetjie teen ons en sy eis dat ons meer geld as enige koerant in die geskiedenis vir registrasie betaal, het vir ons harte en sakke oopgemaak wat vroeër nie wou oop nie.**

*** En 'n groot dankie aan dié mense wat hul hande diep in hul sakke gesteek het om die geld vir ons teen Woensdag te kon laat betaal. Vat ons woord daarvoor: Julle gaan nie spyt wees dat julle ons help oorleef het nie.**

## Kap hulle, Leon!

Ons is bly Leon Wessels, die adjunk-minister van Wet en Orde, het hierdie week die flou ekskusies van die AWB ná die Kerkplein-slagting in Pretoria uitgewys as amper skokkender as die daad self.

* Ons is veral bly dat hy dit by 'n parade van 500 polisiemanne gesê het.

## 'n Pil vir die koors

'n Senior Amerikaanse korrespondent wat die Suid-Afrikaanse situasie al so 'n jaar of wat lank dophou, het goeie raad vir die hoë temperatuur van die Suid-Afrikaanse politiek en die heethoofde van die laaste paar weke: Stort elke week 'n lorrievrag valium in die Vaaldam!

## Só lyk R30 000!



REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA — REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

SERTIFIKAAT VAN REGISTRASIE VAN 'N NUUSBLAD.
CERTIFICATE OF REGISTRATION OF A NEWSPAPER

HIERBY WORD GESERTIFISEER dat die nuusblad getitel
THIS IS TO CERTIFY that the newspaper entitled

VRYE WEEKBLAD

en uitgegee deur of namens die eienaar
and published by or on behalf of the owner

WENDING PUBLIKASIES BEPERK

geregistreer is ingevolge die WET OP DIE REGISTRASIE VAN NUUSBLAAIE
is registered in terms of the NEWSPAPER AND IMPRINT REGISTRATION

## BRIEWE

**Vrye Weekblad plaas alle briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Skryf aan: Die Redakteur, Vrye Weekblad, Posbus 42637, Fordsburg 2033.**

### A bit of a "high"

**Harry Green van Seepunt skryf:**
Graag sluit ek hiermee by 'n tjek van R52 as intekensvooi vir 12 maande en wens julle alle voorspoed.

As iemand wie se tuistaal Engels is, sê ek dat ek nooit verwag het nie om julle houdinge op so 'n manier te sien uitgedruk. (what a bum sentence)

I'm on a bit of a "high" with your paper and talk about it to friends of both language groups.

I also chatted to the young Indian who has a newspitch in Adderley Street, Cape Town, between the bank and the OK Bazaars (among the flower sellers).

He complained that he receives his copies on Saturday. Were he to receive them on Friday he would sell more than the 30 he is already selling.

CNA Long Street reports good sales, while a woman at an outlet in Lansdowne shrugged her shoulders.

### Onse Kobietjie

**Wynand Malan van Waterkloofrif skryf:**
Te dierbaar en so voorspelbaar. Dink iemand vir homself word hy eenvoudig van die tafel afgevee. Onse ou Kobietjie het nou weer vir die Volk besluit wat is waarheid en wat is versinsel.

Gee ons dus eerder realiteite soos hoe PW in die swartes se harte ingekruip het met die munisipale verkiesing en lief Rozanne se weeklikse diarree.

Ek hoop julle oorleef die aanslag op ons reeds verkragte vryheid van spraak. Ons het 'n onafhanklike, gebalanseerde, Afrikaanse koerant soos Vrye Weekblad broodnodig.

### Moenie bekhou nie

**Ian Liebenberg van Stellenbosch skryf:**
Magtag, mense - julle koms is goeie nuus! Dis darem lankal wat ons regte Afrikaners moet droëbek sit. Daar's mos nie 'n enkele koerant wat in Afrikaans sê wat gesê moet word nie.

Nou ja, en net toe 'n mens begin wonner of Afrikaans rêrig 'n bevrydingstaal is, toe daag julle op.

Mooi so - en sterkte. Hou aan om die skeidsmure af te breek. Maar byt vas, moedhou - maar móénie bekhou nie. Hulle kan julle miskien verban, maar die vryheid wat sit in dié blad - daaraan kan hulle niks doen nie.

'n Mens wil vir julle 'n ou gediggie (in 'n nuwe sin) gee: "daar het 'n boompie vlak by die pad gestaan." En mag elke klap wat na julle (en ons) uitgedeel word, net die boompie sterker laat groei. (En g'n nazi, securocrat of fascis kan dit van ons wegneem nie).

Groete van huis tot huis (Hier by ons lees almal die Vrye Weekblad).

### ... sal dit jou niks baat nie

**Werner Smit van Over-de-Voor in Potchefstroom skryf:**
Graag wil ek reageer op Brolloks en Bittergal se kommentaar onder "Al weer Denis".

Ons moet besef dat die magsbasis in die Suid-Afrikaanse politiek in die Volksraad lê.

Al het jy die deelname van groepe wat strek van Azapo tot by Inkatha en die Arbeidersparty en jy het nie die meerderheid setels in die Volksraad nie, sal dit jou niks baat nie.

Ek dink nie dit is moontlik om die 22 persent ontevrede Nasionaliste te lok met groepe soos Azapo, UDF en Cosatu nie.

Vra maar vir mnr Colin Eglin wat maak die NP-propagandamasjien met jou in 'n verkiesing oor iets soos "soft security". Mnr Eglin moes meer ou LP's groet as wat hy nuwes verwelkom het (as hy het).

Daarom: Stap 1 - Kry die meerderheid setels in die Volksraad.

Stap 2 - Betrek dan groepe soos Azapo, UDF en Cosatu.

Asseblief menere, nie andersom nie!

### Ons kan maar net lag

**Louis de Villiers van Ireneweg in Rondebosch skryf:**
Baie geluk met julle en ons nuwe koerant.

Dankie vir die twee afskrifte van die eerste uitgawe wat ek deur die pos ontvang het.

Aangesien ek teen daardie tyd reeds die uitgawe gelees het, kon ek daardie uitgawes aangee en die nuwe boodskap verder uitdra.

Ek het die koerant vanaf die eerste uitgawe met belangstelling gelees en was bly om met die volgende uitgawes te sien hoe vinnig julle al sterker op die been kom. 'n Mens is maar te bewus van die onweerswolke wat reeds opbou en hierdie sonstraaltjie bedreig. Tog hoop ek dat Vrye Weekblad lank met ons sal wees.

Twee puntjies van kommentaar:
1. Wil julle nie 'n datum plaas by die gebeure in "Dié week in die Nuus" nie?
2. In die artikel in 25 November se uitgawe word die stelling gemaak dat daar met die begenadiging van die Sharpeville-ses en ander ter dood veroordeeldes vandeesweek geen teregstellings plaasgevind het nie. 'n Ernstige fout: Daar is steeds Donderdagoggend vyf persone tereggestel volgens my inligting (wat die begenadiging van die 13 soveel meer sinies maak).

Ek hou veral van Egbertus Klaagvoort se TV-rubriek: Ons situasie hier het nou al so erg geword dat ons tog maar net soos Kundera nog daaroor kan lag.

Ek sien uit na die volgende uitgawe!

### Boergrond vir die Boere

**Schalk Jacobsz van "Bywoners" in Braamfontein skryf:**
Die toekenning van Boeregrond aan lede van swart volke deur die regering is tog sekerlik 'n wederregtelike daad.

In 1902 het die Britse regering 'n verdrag met die Boere aangegaan. Wie hierdie Boere was? Dit was tog sekerlik die mense teen wie die Britte hulle "Boer War" geveg het! Hierdie verdrag is nie aangegaan met Uitlanders of Afrikaners (lede van die Afrikanerbond) of Engelssprekende koloniste nie.

Klousule 7 van die verdrag lees: "Military administration in the Transvaal and Orange River Colony will at the earliest date be succeeded by Civil Government, and, as soon as circumstances permit, Representative Institutions, leading up to Self-Government, will be introduced."

Nòg die Transvaal nòg die Vrystaat het selfregering bereik voor die instelling van Unieregering. Brittanje se uitstaande verpligtinge t.o.v. die Verdrag van Vereeniging het dus oorgegaan op die Unieregering en van die Unieregering op die RSA-regering. (Die regmatigheid van hierdie regerings is in elk geval debatteerbaar aangesien die politici wat die Unieregering ingestel geen mandaat daartoe gehad het nie).

Klousule 8 van die verdrag lees: "The question of granting the Franchise to natives will not be decided until after the introduction of Self-Government."

Intussen is vier swart Trustgebiede tot onafhanklike state omskep en ses het selfregering gekry. Maar die enigste twee internasionaal erkende soewerein onafhanklike state suid van die Sahara van voor die Tweede Wêreldoorlog het nou nog nie hul beloofde selfregering ontvang nie!

En tot hulle sodanige selfregering ontvang, het die RSA-regering geen reg om oor swartmense se stemreg in Boeregebied besluite te neem nie.

Watter reg het die RSA-regering dan om aan lede van ander volke besitreg op Boeregrond te gee?

### Help PW dink ...

**Pooltjie Goffenkraal van Braamfontein skryf:**
Een van die laagtepunte van die laaste algemene verkiesing was 'n NPUK-film oor die Staatspresident, mnr PW Botha. Op sy beurt was die laagtepunt van die program toe PW 'n "filosofiese pose" langs 'n dikstamboom "gestrike" het.

Die Staatspresident het toe min of meer die volgende geuiter: "As ek so opkyk na die groot ou boom dan ..." (hoop ek Elize skink vir my teetjies in).

Die doel van die brief is die volgende: Kan ander lesers miskien help om die sin te voltooi, d.w.s. 'n "Kom ons help vir PW dink"-veldtog?

### Spotprent puik

**Peet Bosman van Benoni skryf:**
Die spotprent wat Vrye Weekblad van die Minister van Justisie gebruik het, was puik.

Dit het my laat dink aan die ou storie van John Vorster wat vir Kenneth Kaunda gaan kuier het en toe die hele Zambiese kabinet op die lughawe ontmoet het.

Hy word toe voorgestel aan die minister van buitelandse sake, die minister van landbou, die minister van die vloot...

Net daar steek John vas en sê: "Julle het dan nie 'n see nie, hoe kan julle 'n minister van die vloot hê?" Waarop Kenneth antwoord: "Maar jy het dan 'n minister van justisie!"

Sterkte vir julle lekker koerant. Dis goed om weer Afrikaners met "guts" te sien wat bereid is om die land in die oë te kyk.

# Pragmatiese Rawlings beweeg wes

Marie Joannidis

AKKRA - Vlug-luitenant Jerry Rawlings, wat in 1979 met 'n reputasie as revolusionêre heethoof in Ghana aan bewind gekom het, is een van verskeie wêreldleiers wat probeer om markkragte in 'n eng staatsgekontroleerde ekonomie in te voer.

Rawlings was die eerste van 'n groep jong Afrika-leiers wat vasbeslote was om die onbekwaamheid en korrupsie wat die eerste jare na onafhanklikheid in talle Afrika-state gekenmerk het, op te ruim. Hy is sonder twyfel 'n pragmatis.

Hy het sterk bande met die linkse regerings van Libië en Nicaragua, en dit was nie maklik om toe te gee aan die druk van die Internasionale Monetêre Fonds (IMF) en die Wêreldbank om in 'n vrye markrigting te beweeg nie.

Hy is oortuig dat baie van Afrika se probleme ontstaan het weens die uiters onregverdige verhoudings tussen die ontwikkelde Weste en die geëksploiteerde nasies van die Derde Wêreld.

Westerse "neo-kolonialiste" gebruik hul ekonomiese mag en tegnologiese voorsprong om "voordeel te trek uit die geduld van swart mense", het hy in 'n onderhoud gesê.

Die 41-jaar oue "JJ", soos hy bekend staan - die seun van 'n Ghanese ma en 'n Skotse pa - het 'n span Westers opgeleide ekonome in diens geneem om die grondslag vir sy land se ekonomiese herstel te lê.

'n Deurlopende tema in sy gesprek is die noodsaaklikheid om die "underdogs" te help, veral diegene wat deur die Suid-Afrikaanse regering "gemanipuleer" word.

Hy raak emosioneel wanneer hy praat oor die dood van sy vriend, Thomas Sankara, die jong leier van Burkina Faso wat verlede jaar tydens 'n staatsgreep dood is. "'n Groter slag as die grusame dood van hierdie jong man kon ons nie getref het nie."

Rawlings het gesê Afrika staan aan die buiterand van die wêreld omdat dit oor niks spesifiek beskik wat die Westerse wêreld nodig het nie.

Dit is jammer dat Kubane en nie Afrikane aangebied het om Angola te help teen die Unita-rebelle, wat die steun van Suid-Afrika geniet.

Hy het gesê: "Ek is nie 'n marxis en nie 'n sosialis nie. Ek is 'n sekerlik 'n christen."

Hy het sterk kritiek uitgespreek teen intellektuele, spesifiek linksgesindes, en hulle geblameer vir die vroeë gruweldade van die revolusie. Sommige van hierdie intellektuele, van wie party tans in die tronk sit, het hom gehelp om aan bewind te kom.

Volgens hom het hulle die besluit teengestaan om die IMF en die Wêreldbank te vra om te help met 'n strukturele aanpassingsprogram wat in 1983 begin het.

"'n Mens moet jou vyand respekteer. Maar mense wat deel van jou was en verraaiers geword het, behandel jy erger as vyande."

'n Senior ekonomiese adviseur wat ook by die onderhoud teenwoordig was, Tsatsu Tsikata, het gesê dié intellektuele is nog nie skuldig bevind nie en dat hulle eers verhoor moes word voordat hulle verdoem word.

Rawlings het ook studente gekritiseer wat klasse boikot oor onbevredigende toestande op universiteit. Akademici verskaf nie voedsel nie, het hy gesê.

Hy hom sterk uitgespreek oor die feit dat 80 persent van Ghana se mediese studente die land verlaat en oorsee gaan praktiseer. Hulle eksploiteer die werk van die boere, het hy gesê.

Hy is ook nie gelukkig met die pas waarteen ekonomiese hervorming geïmplementeer word nie, maar hy het benadruk dat Ghana kredietwaardig is en geen keuse het as om hom op die IMF en die Wêreldbank te beroep nie.

Ghana het sedert 1983 omtrent drie miljard dollars in multilaterale en bilaterale hulp ontvang. - AFP



Jerry Rawlings

# Pers pak regering in Zimbabwe

Louis-Marie Tattevin

HARARE - Sterk spanning heers tussen Zimbabwe se staatsbeheerde media en dele van die politieke establishment oor 'n onlangse verslag dat 'n streeksleier van die regerende Zanu-PF-party 'n verslaggewer aangerand het wat beweerde plaaslike korrupsie ondersoek het.

Die voorval het 'n debat in die parlement en elders laat ontbrand oor die aanmatigende houding van sekere hooggeplaastes teen die landswette en hul medeburgers.

Die regeringsbeheerde The Chronicle Of Bulawayo het verlede week gerapporteer dat die goewerneur van die provinsie Matabeleland-Suid, Mark Dube, 'n joernalis Gibbs Dube (geen verwantskap) en die bestuurder van sy motor Philip Maseko ontvoer het nadat die joernalis 'n onderhoud met die goewerneur gevoer het.

Die goewerneur het hulle na 'n private woning buite Bulawayo geneem, hulle aangerand en gedreig om hulle dood te maak. Die goewerneur se vrou het hul lewens gered deur sy rewolwer weg te steek, het die twee mans gesê.

Die staatsbeheerde pers in Zimbabwe val die regering of staatsamptenare nie maklik aan nie, maar die reaksie op die gebeure was uitgesproke en skerp.

Die besturende direkteur van Zimbabwe-Koerante, Elias Rusike, het daarop aangedring dat die regering stappe doen oor die Dube-aangeleentheid, wat hy beskryf het as "'n voorbeeld van die wet van die oerwoud wat Zimbabwe nie van sy leiers moet verdra nie".

Die amptelike nuusagentskap Ziana het verklaar dat hy geen nuusdekking aan goewerneur Dube sal gee tensy die veiligheid van sy joernaliste gewaarborg word nie, en Zimbabwe se joernaliste-unie het aangedring op 'n ondersoek oor "hierdie insident wat die minagting aan die kant van sekere van ons leiers jeens joernaliste aan die kaak stel".

Zimbabwe se uitsaaikorporasie, die regering se uitsaai- en TV-diens, het ook ingeklim op 'n perskonferensie van pres Robert Mugabe verlede week. 'n Joernalis het hom oor die voorval uitgevra, ondanks Mugabe se klaarblyklike irritasie.

Die staatshoof het die Chronicle-verslag verwerp, die pers van "sensasionalisme" beskuldig en gesê hy wag vir "feite". Hy het egter nie 'n formele ondersoek aangekondig nie.

Hy het só gereageer op die aandrang van die pers dat stappe gedoen word teen die goewerneur: "Ek maak ernstig kapsie teen koerante wat probeer om vir die regering hul optrede te dikteer."

Politici het die afgelope tyd druk op die staatsbeheerde media probeer uitoefen om stil te bly oor gebeure wat die beeld van die regerende klas kan skaad.

Hulle het bekommerd geraak toe die Chronicle en die Herald, die hoofstad se ander Engelstalige koerant, berig het oor 'n oënskynlike bedrogspul waarby die minister van nywerheid en tegnologie, Callistus Ndlovu, en die goewerneur van Matabeleland-Noord, Jacob Mudenda, betrokke was. Dit het te doen met die herverkoop van nuwe motors.

Verlede week is 'n algemene debat in die parlement gehou oor die voorregte van regeringsamptenare wat die polisie intimideer, dagvaardings ignoreer en hul gedra asof hul buite die wet staan.

LV Edgar Tekere, 'n voormalige sekretaris van die regerende Zanu, is Oktober verlede jaar uit die party geskop is weens sy "ongegronde en onregverdigbare" beskuldiginge van korrupsie onder sy kollegas. - AFP



# Russies-Chinese 'glasnost'

Rene Flipo

TOKIO - Dit lyk of die Sowjet-Unie bereid is om geskille met China sedert 1949 te vergeet om die verhouding tussen die twee lande te normaliseer, het politieke kenners hier gesê.

'n Ongewoon openhartige onderhoud met 'n hoë Sowjet-kenner van China, wat verlede week hier in 'n gesaghebbende Japannese dagblad verskyn het, het aangedui dat die Sowjet-Unie - ten minste nie-amptelik - bereid is om sy interpretasie van strydpunte in die geskiedenis te verander.

In 'n onderhoud in Moskou met die Jomiuri-koerant het Lev Derusjin, direkteur van die Chinese departement van die Sowjet-Instituut vir Oosterse Navorsing, in sy interpretasie van 'n aantal belangrike diplomatieke insidente die kant van die Chinese gekies, het kenners hier gesê.

Dit is 'n aanduiding dat Moskou bereid om nie-amptelik Peking se interpretasies, wat tot dusver deur die Kremlin verwerp is, te aanvaar. Hierdie insidente het verhoudinge tussen 1949, toe die kommuniste in China aan bewind gekom het, en die vroeë jare sewentig geskaad.

Derusjin se kommentaar is gepubliseer tydens die besoek aan Moskou van die Chinese minister van buitelandse sake, Kian Kichen.

Kian het tydens sy besoek van drie dae bevestig dat die eerste Chinese-Sowjet-beraad in meer as 30 jaar volgende jaar in Junie in Peking sal plaasvind.

Derusjin het gesê Sowjet-leier Josef Stalin het die Chinese leier Mao Tse Tung "sleg behandel" tydens sy tweede besoek aan Moskou in 1957. Hy het hom lank laat wag voordat hy hom te woord gestaan het en die "woede" van die Chinese afvaardiging uitgelok.

'n Paar maande gelede het 'n hoë Chinese amptenaar in Peking dieselfde interpretasie aan die oorsprong van die vete tussen China en die Sowjet-Unie gegee.

Derusjin het gesê Stalin het China "gedwing" om "ongebalanseerde en onregverdige handelsbetrekkinge en ekonomiese verdrae te aanvaar". Dit is ook 'n argument wat deur Peking aangevoer word.

Hy het ook gesê Stalin se opvolger, Nikita Kroestjof, het "oënskynlik" die beginsel van "gemeenskaplike voordeel" vir die twee lande onderskryf.

Maar hy het slegs die belange van die Sowjet-Unie bevorder, en China "verneder" deur dit as net nog 'n Sowjet-republiek te beskou.

Sommige gesamentlike verklarings van die Sowjet-Unie en China uit die tyd van Kroestjof is vrygestel sonder dat China geraadpleeg is. Kroestjof het in 1959 "te sterk gereageer en sonder om enigiemand te raadplaag" toe hy alle Sowjet-deskundiges beveel het om China te verlaat, en so 'n tydperk van "bitter twis" tussen die twee lande ingelei het.

Volgens Derusjin het Sowjet-leier Leonid Bresnjef 'n "teoretiese fout" begaan deur China daarvan te beskuldig dat dit "die kapitalistiese pad loop", terwyl die Chinese kommunistiese party 'n "program van sosialistiese konstruksie gevolg het".

'n Belangrike grensinsident in 1969 tussen China en Rusland op 'n eiland in die Amur-rivier in noordoostelike China, was in werklikheid 'n "skermutseling" wat weens "interne politiek" deur Peking veroorsaak is.

Dit was "destyds heeltemal duidelik", maar Bresnjef het "die bedreiging oorskat ... deur te besluit om 'n groot militêre magte in die Verre Ooste te stasioneer".

Diplomate in Peking het gesê China het ook belangrike toegewings gemaak om verhoudinge met Moskou te normaliseer. - AFP

# Palestynse opstand temper PLO-leiers

JERUSALEM - Die jaarlange "intifada" - opstand - deur jong Palestyne in die die besette Palestynse gebiede het die spelreëls verander van die leiers van die Palestynse Bevrydingsorganisasie (PBO), wat meesal in ballingskap is.

Dit het meer demokrasie en gematigdheid gebring, sê waarnemers in dié gebiede.

Omtrent al die Palestynse leiers en amptenare in die besette Wesbankgebied en Gaza-strook stem saam dat die opstand PBO-leiers oortuig het om met Israel te onderhandel, en dat hulle nie meer die diep verdelings in dié organisasie kan bekostig nie.

Erkenning van die nuwe werklikhede is weerspieël in verlede maand se vergadering van die PBO se parlement-in-ballingskap, die Palestynse Nasionale Raad (PNR), wat vir die eerste keer VVO-resolusies 242 en 338 aanvaar het.

Die twee resolusies, wat in die verlede sterk teengestaan is deur die bittereinders in die PLO, erken Israel se bestaansreg implisiet.

"Die opofferinge van die Palestyne binne (die besette gebiede) en hul vasberadenheid om die besetting te beëindig, het uitsonderlike druk geplaas" op die PNR, het dr Haidar Abdel Shafi, president van die Palestynse Rooi Halfmaan, gesê.

En 'n plaaslike leier van die Demokratiese Front vir die Bevryding van Palestina (die DFBP), 'n linksgesinde groep, het gesê: "Met ons opstand het ons die Palestynse vraagstuk in die openbare mening van die wêreld laat herleef. Ons uitgeweke leiers was verplig om die eenheid hier op die grond in ag te neem.

"Die Palestyne in die besette gebiede, wie se lyding toegeneem het sedert die onderdrukking deur Israel begin het, sou nie toelaat dat hul leiers mekaar soos in die verlede uitmekaartrek nie."

Die "shebabs", soos die jong Palestynse opstandelinge hier bekend staan, het merkwaardige politieke volwassenheid bereik in die afgelope jaar van politieke straatbakleiery en organisasie teen Israel se besetting, sê baie waarnemers wat die gebiede besoek.

Baie van dieselfde jongmense wat die "Sionistiese vyand" hul hele lewe lank trotseer het, argumenteer nou dat daar geen oplossing vir die Palestynse vraagstuk kan wees sonder onderhandelinge met Israel nie.

Boonop glo plaaslike leiers dat die invloed van die opstand die belangrikste faktor was wat die onderskeie PBO-faksies demokraties laat stem het op die Algiers-vergadering, waar die resolusies aanvaar is.

Die Palestyne in die besette gebiede sê ook die belang van die opstand lê daarin dat dit die hoofsaaklik pro-Siriese groepe wat uit Libanon opereer, op die kantlyn gelaat het.

Dit het die posisie versterk van PLO-leier Jasser Arafat, wat sterk teen die pro-Siriese faksies gekant is, sê waarnemers. - AFP

# Vryemark los wél SA se probleme op en lei na welvaart

**Leon Louw, die direkteur van die Vryemarkstigting, reageer op 'n lesing onlangs waarin prof Pieter le Roux van die Universiteit van Wes-Kaapland hom ten gunste van sosiale demokrasie uitgespreek het. 'n Verkorte weergawe van Le Roux se lesing het verlede week in Vrye Weekblad verskyn.** 2/Des/88.

NET om die draai lê 'n Suid-Afrika sonder werkloosheid, inflasie, 'n behuisingstekort of betalingsbalansprobleme.

Lewenstandaarde verdubbel elke agt jaar, misdaadsyfers en belastingkoerse is laag, daar is eersteklasopvoeding vir almal, en 'n klimaat van ongekende welvaart en tevredenheid.

Moontlik? Nee. Tensy ons die vryemarkbeleid volg wat sulke "wonderwerke" soos Taiwan moontlik maak.

Eintlik is "wonderwerk" die verkeerde woord. Dis geen wonderwerk as 'n land so ontwikkel nie. Dis eenvoudig die voorspelbare gevolg van 'n vryemark - ongeag die betrokke land se stadium van ontwikkeling, kultuur, grootte, ras, geskiedenis, natuurlike hulpbronne of wat ook al.

Nou ja, as dit so eenvoudig is, hoekom sien almal dit nie raak nie; hoekom is dit teenstrydig met die standaard-wysheid onder die "kenners"? Wel, weens verskeie mites waaraan baie gewone sowel as geleerde mense glo.

Soos Pieter le Roux in sy aanval op die vryemark in verlede week se Vrye Weekblad, waarin elke bewering wat hy teen die mark gemaak het, empiries verkeerd is.

Laat ons begin by beginsels. 'n Vryemark is presies dit - 'n mark of ekonomie wat vry of redelik vry is.

Waar 'n regering 'n hoë mate van beheer uitoefen, of waar die staat oor 'n groot deel van die land se mannekrag, kapitaal of ekonomiese aktiwiteit beskik, of waar daar baie herverdeling van rykdom is, het ons in geen sin van die woord 'n vryemark nie.

Soos in Suid-Afrika en in die meeste lande van die wêreld.

Vandag, wanneer enigiemand met die minste benul van die wêreld toegee dat sosialisme, soos wat die woord normaalweg gebruik word, in werklikheid die probleem en nie die oplossing is nie, is daar 'n nuwe mode.

Dit is om die "-ismes" as sulks te verwerp ten gunste van 'n "gemengde ekonomie", "sosiale demokrasie" of, nog beter, "pragmatisme".

Die eienaardigste bedmaats verklaar ewe skielik dat as ons die beste van albei wêrelde meng en die "goue middeweg" kies, ons almal gelukkig sal wees.

Ag ja, so redelik. So verantwoordelik. Ons moet mos nie ekstremisties wees nie. En so betekenisloos...

Hoe is dit moontlik dat die mees onversoenbare groepe - van die AWB tot by die ANC - op die oog af ten gunste van dieselfde stelsel, van 'n "gemengde ekonomie" kan wees?

Omdat daar in werklikheid nie so 'n ding bestaan nie. Wat wel bestaan is 'n hele verskeidenheid toevallige mengsels ... een vir elke land met 'n sogenaamde gemengde ekonomie.

Wat nou in Suid-Afrika bepleit word, is eintlik 'n oneindige verskeidenheid mengsels ofte wel mengelmoese, met botsende beleide waar die linkerhand nie weet wat die ander linkerhand doen nie.

Almal wat sy of haar eie mengsel in gedagte het, kan nou voorhou dat hulle iets in gemeen het. Die goue middeweg is inderwaarheid glad nie 'n weg nie, maar 'n mengelmoes kronkelende rigtinglose weë.

Dit is wat die Engelse 'n "copout" noem. Die basiese ekonomiese vraagstukke word ontwyk terwyl jy belese en redelik mag klink.

Bowendien is die idee van 'n gemengde ekonomie inherent selfweersprekend. Die hele idee impliseer dat die onversoenbare versoenbaar is, dat botsende beginsels in harmonie kan wees, dat as ons roomys by beesmis voeg, ons die beesmis soos roomys sal laat smaak.

Of soos iemand gesê het: vyf pinte goeie olie plus vyf pinte slegte olie is tien pinte slegte olie.

As die prysmeganisme vandag werk, sal dit ook môre werk. As eiebelang blankes motiveer, sal dit ook so vir swartes wees.

Daar moet besluit word of die grondliggende beginsels van òf die vryemark òf van staatisme reg of verkeerd is. Die individu se vryheid, insluitende kontraktuele vryheid en privaatbesit, moet in beginsel goed of sleg wees. Dit kan nie albei wees nie.

Die werklike keuse is nie tussen uiterstes en 'n middeweg nie, maar tussen twee of meer fundamentele paradigmas.

Die vryemarkparadigma is basies die voorkeur vir 'n vrywillige, spontane orde teenoor 'n gedwonge sentraal-beplande orde; vryheid en emansipasie vir die individu bo die onvermydelike onderdrukking van 'n paternalistiese voogstaat.

Terloops, gelukkig is die vryemark nie 'n "-isme" of selfs 'n ideologie nie - dit behoort dus die anti-ismeïete te bevredig. Dit is eiesoortig aan die vryemarkidee dat niemand voorgeskryf word wat die waardes, doelwitte, metodes of gevolge van die ekonomiese prosesse hoort te wees nie. Verskeidenheid word nie slegs geakkommodeer nie maar aangemoedig.

Die enigste voorvereiste is dat alle handelinge vreedsaam en wedersyds vrywillig moet wees. Gevolglik is die vryemark maksimaal konflikverminderend en besonder ideaal vir Suid-Afrika se omstandighede.

Om te besluit watter basiese ekonomiese stelsel daar eendag in 'n nie-rassige demokratiese Suid-Afrika behoort te wees, is dit nie nodig om weer die wiel te ontwerp nie. Kyk maar net na wat in die reële wêreld werk.

Ons kan sien dat daar 'n wêreldwye revolusie plaasvind - die eerste globale revolusie - waarvolgens staatisme in al sy vorms verwerp word omdat dit universeel misluk het; en dat daar teruggekeer word na die markmeganisme.

Ongelukkig is dit nie die einde van die mites nie. Daar bestaan byvoorbeeld die eienaardige idee dat opponente van apartheid noodwendig "links" moet wees en dat hulle gevolglik die vryemark moet verwerp.

Ironies is en was apartheid altyd inherent anti-vryemark. Die individu is volgens die beleid onderdanig aan die groep; alles in swart gebiede, dws vir 75 persent van die bevolking, is deur die staat besit of beheer; daar is 'n geartikuleerde beleid teen Engelse, Joodse en swart kapitalisme; grond in privaatbesit van swartes is onteien; in "swart" gebiede is privaat inisiatief belet.

Inderwaarheid is elke element van die beleid in direkte botsing met vryemarkbeginsels. Is dit een van die redes waarom swart mense wat blootgestel is aan die egte vryemarksaak, soos in die Vryemarkstigting se "Met Geregtigheid vir Almal"-kursus, so positief reageer?

Die heel nuutste mode en mite ontstaan uit die finale toegewing dat (kommunistiese) sosialisme oral misluk het. Daar word selfs erken dat sulke lande soos Japan, Switzerland, Hong Kong of Taiwan "wonderwerke" is. En dan word die verstommende ontdekking gemaak dat "vryemark"-lande wel regerings het! Sonder meer word dan beweer dat hulle nie "werklike" vryemarklande is nie. Kan jy nou meer!

Die eenvoudige waarheid is dat die ekonomiese suksesverhale van die wêreld relatief vryer is, met minder regering, laer belastingkoerse, kleiner staatsdienste, minimale direkte beheermaatreëls, minder maatskaplike besteding, ens.

Daar was nog altyd die behoefte aan 'n sogenaamde sosialistiese suksesstorie, soos Sjina, Rusland, Kuba, of 'n Afrikastaat, maar hulle het almal te veel van 'n verleentheid geword.

Swede was op die ou end die beste voorbeeld waarmee vorendag gekom kan word. Maar hierdie land was altyd tereg beskou as 'n kapitalistiese welsynstaat. Die Sweedse ekonomie het baie jare lank sonder groot staatsinmenging ontwikkel voordat dit in 'n welsynstaat omskep is.

Selfs vandag nog is dit een van die vryste in die Weste wat verseker dat dit teen 'n redelike tempo rykdom skep, wat dan hewig belas word. Hierdie vlak van herverdeling kan in 'n vry ontwikkelde ekonomie wel bekostig word - ten koste van geleidelik ernstigwordende probleme. Maar dit is 'n groot fout om te glo dat Suid-Afrika enigsins vergelykbaar is.

Die finale mite is besonder gewild in "linkse" kringe, en is, ironies, 'n rassistiese belediging vir swart mense. Die argument is dat swart mense nie gereed is vir 'n vryemark nie, of dat hulle nie met blankes sal kan meeding nie, of so-iets.

Dit ten spyte van die bewyse daarteen, soos die feit dat klein pro-vryemark veranderings die swart deel van die nasionale inkomste in een dekade laat verdubbel het; en dat sowat een miljoen nuwe swart besighede onlangs tot stand gekom het.

Swartmense behoort net so goed te presteer soos die bevolking van ander lande met ekonomiese vryheid. Dit sou beteken dat hulle baie vinniger baie ryker sal word as deur middel van enige proses van (gedwonge) herverdeling, wat, weens die ekonomiese skade wat dit sal doen en die blanke weerstand wat dit sal uitlok, eintlik selfs vir swartes nadelig sal w es. Die onlangse sukses van die gedereguleerde swart taxibedryf in Suid-Afrika is maar een voorbeeld van waartoe swartmense in staat is.

Daar is 'n uitgemaakte saak dat 'n vryemark vir Suid-Afrika nou en in die toekoms, bereikbaar en effektief is, en dat dit welvaart en geregtigheid vir almal sal bring in die kortste moontlike tyd.

# Brandstof lê groter eier as mynbou

**Mike Stassen**

IN die fiskale jaar 1989-90 sal brandstofverkope meer belasting vir die skatkis insamel as die hele mynsektor. Dit is die effek van die verhoging van 9 sent 'n liter wat op 16 Januarie van krag word.

Barend du Plessis, Minister van Finansies, en Danie Steyn, Minister van Ekonomiese Sake en Tegnologie, het verlede week 'n verklaring uitgereik waarin hulle sê dat die 9c/l-verhoging slegs 'n stap is om die land se boeke te help balanseer. Die ministers het gesê die verhoging sal R1,3-miljard 'n jaar inbring.

Dit beteken dat 35,9c/l van elke liter brandstof wat vanaf 16 Januarie verkoop word, regstreeks of onregstreeks na die skatkis sal vloei, en dat brandstofbelasting meer as R5-miljard sal inbring. Dit is omtrent 10 persent van die totale staatsinkomste vir 1989-90, en is meer as wat die hele mynbedryf aan belasting moet betaal.

Maar die betekenisvolste kenmerk van die voorgestelde nuwe petrolprys is dat dit Suid-Afrika se vasbeslotenheid illustreer om van direkte (soos persoonlike inkomstebelasting) na indirekte belasting (soos aksynsbelasting op bier) te beweeg.

Die drank-sigaret-petrol-belastingsindroom was goed bekend in die onlangse sosialistiese eksperimente in Europa. Hierdie belasting is elke jaar daar opgeskuif, hoofsaaklik omdat hulle onsigbaar was. Dit is ook as 'n belasting van "slegte gewoontes" beskou.

Dit is egter 'n wrede feit dat belasting belasting bly, al noem jy hom ook wat, en die gevolg daarvan was trae ekonomieë in groot dele van Europa. Toe hoë totale - nasionale - belastingkoerse as een van die redes daarvoor geïdentifiseer is, is daar sterk polities opgetree om die hoë belastingvlakke te verlaag.

Terwyl Europa se belastings van "slegte gewoontes" nie noodwendig verminder is nie, of selfs staties gebly het nie, is belastings oor die algemeen verlaag. Dit was 'n ontsaglike voordeel, en een van die belangrikste redes vir Brittanje se ekonomiese herstel.

Onthou dat 'n rand wat in belasting vermy word, meer werd is as 'n rand wat in belasting betaal word - omdat dit op 'n meer effektiewe wyse bestee of gespaar word as wat 'n regering ooit kan hoop om te doen. Net so lei 'n verlaging van 'n land se nasionale belastingkoers tot hoër ekonomiese effektiwiteit. Elke rand wat in belasting betaal word, beteken permanente skade aan die ekonomie.

Ons moet daarop let dat die brandstofheffing deur die private sektor (dws by sy bron) ingesamel word, sodat Binnelandse Inkomste se 6 000 amptenare min moeite sal hê om die R5-miljard se belasting in 1989-90 uit petrolverkope in te samel.

Polities sou dit 'n ramp wees om AVB op te skuif sodat dit dieselfde uitwerking sal hê as die hoër brandstof-heffing. Ons haal die Margo-kommissie aan: "AVB teen 12 persent het 'n ongewilde belasting geword, en daar is getuienis van grootskaalse ontduiking ... die hoë sigbaarheid (van AVB) skep vyandiggesindheid..."

Maar, nog meer betekenisvol: "'n Algeheel nuwe verkoop-belasting, soos belasting op die toegevoegde waarde (BTW), sal dit makliker maak om die vrystellings op voedselsoorte te verwyder."

Sulke stellings is daarop gemik om die staat se belastingbasis te beskerm, en nie op hulle wat voordeel trek uit die die AVB-vrystellings op voedsel wat in die eerste plek deur die regering om menslikheidsredes toegestaan is.

Die beweging van direkte na indirekte belasting is nie slegs daarop gemik om 'n onsigbare belastingstelsel te skep nie. Dit is primêr daarop gemik om 'n onsigbare belastingstelsel te skep wat swartmense in die belastingnet kan intrek.

Die "vyandiggesindheid" waarna die Margo-kommissie verwys het, impliseer onder meer dat swartes nie maklik belasting betaal omdat hulle nie politieke mag het nie. Natuurlik word die situasie in 'n groot mate ontlont as die belasting diep binne-in 'n produk of diens verberg is.

Dit is geen geheim dat BTW wat nou in die drankbedryf in werking is, geïmplementeer is omdat shebeens nie AVB betaal het nie. Die nuwe stelsel verplig vervaardigers nou om AVB by die wortel in te samel.

Indien 'n shebeen-eienaar nou weier om AVB te betaal, verloor die staat 'n breuk van dit wat hy eis, en nie meer 100 persent soos tevore nie. Let weer eens op dat die verpligting om belasting in te samel nie by Binnelandse Inkomste lê nie. En dié syfers is ontsaglik groot.

In die finansiële jaar tot einde Maart het SA Breweries 'n ontsaglike R1,4-miljard aan indirekte belasting betaal. Dit sluit natuurlik normale maatskappy-belasting uit, asook persoonlike belasting wat maandeliks deur werkgewers afgetrek word. Die heffings van die Streeksdiensterade - op omset en betaalstate - is indirek sowel as onsigbaar.

Die gevolg is dat Suid-Afrika onder sy swaarste belastinglas ooit gebuk gaan. Die regering beset dat die wit gemeenskap eenvoudig te klein is - ongeag hoe ryk hy is - om hul onhoudbare bestedingsprogram te ondersteun. Daarom is die swart informele sektor die laaste uitweg.

Terwyl onsigbare belasting in werklikheid minder vyandiggesindheid as blatante sigbare belasting uitlok, is dit 'n feit dat die nasionale belastingkoers styg. Die enigste logiese gevolg is dat die ekonomie nie agteruitgaan omdat mense dink belastings het breekpunt bereik nie: dit sal doodeenvoudig self ineenstort. Pretoria het 'n snaakse manier gekies om dieselfde uiteinde te bereik

# Wanneer die skoen druk, wed die manne



Equus

WANNEER die regering se belastingskoen druk, die rentekoerse op huisverbande styg en die brandstofprys duurder word, staan die gewone man met sy hand in die hare.

In sulke omstandighede is dit logies dat die gewone wedder 'n rand of twee op die perde sal verwed om te kyk of hy nie die spreekwoordelike pot goud by die reënboog se end kan kry nie.

Dit is opvallend dat wedrenklubs oor die land die afgelope tyd 'n groot toename in hul omset gehad het. Dit strook met omstandighede oorsee waar daar ook tydens 'n ekonomiese insinking 'n oplewing in die wedrenbedryf was.

Die gesinsman bevind hom blykbaar in 'n posisie waar hy meen dat 'n ekstra rand of twee uit die sak nie sy huishouding kan beduiwel nie maar eerder groot verligting kan bring as die geluk daar is.

Die oplewing was veral merkbaar in die Transvaal waar deesdae rekordbedrae op verskillende wedsoorte verwed word.

Op die Hoëveld is byvoorbeeld meer as R701 000 op die plekpot verwed wat nagenoeg R207 000 meer is as 'n jaar gelede.

Die Kies Ses wat terloops Saterdag nie gewen is nie - 'n bedrag van meer as R100 000 is na die volgende byeenkoms oorgedra - is nog 'n aanduiding van hoe weddenskappe in die Transvaal groei.

Nog 'n inspuiting wat die omset in die Transvaal kan verstewig, is die onlangse aankondiging dat die prysgeld van wedrenne gemiddeld met 47 persent van aanstaande jaar verhoog word. Dit alles dui daarop dat nog groter belangstelling aangewakker sal word.

Intussen is die wedrentoneel stadigaan besig om na die Kaap te verskuif.

In Desember en Januarie word van die belangrikste wedrenne in die land op Milnerton en Kenilworth aangebied. Verskeie afrigters aan die Rand en in Natal is reeds slaggereed om aanspraak te maak op die groot prysgeld in die Kaap.

'n Goeie voorbeeld van die trekpleister in die Kaap is die aankondiging dat die Hang Ten Stakes, een van die grotes op Kenilworth, op 2 Januarie met prysgeld van R100 000 aangebied sal word. Dit is 'n verdubbeling van die huidige prysgeld. Die wedren sal voortaan as Arwa Hang Ten Challenge Cup bekend staan.

Die hoogtepunt van die Kaapse seisoen is die J&B Metropolitan Stakes met 'n prysgeld van R400 000 wat op 21 Januarie op Kenilworth beslis word.

Voorlopig is reeds 36 perde ingeskryf vir die wedren, wat op 'n spannende wedloop dui.


ONS LESERS IS BAIE SPESIALE MENSE

**DIE BESTE MANIER OM HULLE TE BEREIK, IS OM OP ONS BLADSYE TE ADVERTEER**

**Tariefkaart**

| | |
|---|---|
| Standaard-tariewe | |
| Enkel-kolom cm (wit en swart) | R8,50 |
| Volblad (swart en wit) | R2 300 |
| Halfblad (wit en swart) | R1 150 |
| Kleur | |
| Een spot | R140 |
| Twee spot | R280 |
| Volkleur | R420 |
| Spesiale posisie | |
| Voorblad Vrydag-tydskrif | +25% |
| Spesiale tariewe | |
| 4 opeenvolgende plasings | 7,5% |
| 13 " " | 12,5% af |
| 26 " " | 20% af |
| 52 " " | 25% af |
| 2 plasings per maand * 6 | 10% af |
| 2 plasings per maand * 12 | 20 % af |
| 1 plasing per maand * 6 | 10% af |
| 1 plasing per maand * 12 | 15% af |

**Tegniese besonderhede**

Standaard poniegrootte (tabloid) van 39 cm diep by 26 cm wyd, 7 kolomme van 3,6 cm elk. (Nie dieselfde as redaksionele kopie nie).

**Spertye**

Swart en wit: Laaste bespreking Maandag voor publikasie

Laaste materiaal: Dinsdag voor publikasie

Kleur: Laaste bespreking Vrydag voor publikasie

**LOOP SAAM MET ONS OP DIE WENPAD**

# Fulton Allem se gholfhou van die jaar deur Pa Peter bederf . . .

Mark McCormack, die Amerikaanse sportentrepeneur, kondig jaarliks aan watter enkele gholfhou na sy mening die skoot van die jaar was. Sy kriterium in die verlede was dat die hou in 'n belangrike kompetisie gespeel moes gewees het en dat die hou ook verkieslik die kompetisie vir die speler moes gewen het.

So het Greg Norman gedurende die Amerikaanse Ope van 1984 op die laaste putjie 'n set van 40 voet ingeslaan om saam met Fuzzy Zoeler in 'n uitspeelstryd betrokke te raak.

In 1986 het Bob Tway op die laaste putjie van die Amerikaanse PGA 'n plofskoot uit die sandkuil tot in die blikkie geslaan om die titel te wen. In 1987 het Larry Mize op die tweede valbylputjie van die Amerikaanse Meesters sy kaphou uit die sukkelveld in die blikkie geslaan om die titel te wen. McCormack het al hierdie houe bekroon met die titel "Gholfhou van die Jaar".

Nou wonder ek of Mark McCormack vanjaar weet van 'n beter hou as die set waarmee Fulton Allem op die sestiende putjie op die laaste dag van die Miljoen Dollar-toernooi vorendag gekom het. Ek glo nie. As iemand net vir hom vertel van die set, want self was hy nie hier nie.

IMG het egter kantore in Johannesburg.

Van Fulton gepraat. Sy dag van glorie is net bederf deur 'n voorval waarin sy pa, Peter, en Gary Player betrokke was op die stoep van die klubhuis net voor die aanvang van die laaste rondte.

Wat daar gesê is moet liewer ongepubliseer gelaat word. Dit is tog jammer dat ouers die manier het om hul kinders in die verleentheid te stel.

Peter Allem se ondersteuning van sy seun wil niemand van hom wegneem nie. Bobby Locke en Gary Player het altwee swaar geleun op hul vaders. Hul ouers was egter waardig in hul ondersteuning.

Ook ander ouers kan dit gerus onthou.

**Die prys vir die swakste uitlating deur 'n sportbaas vir die jaar moet gaan aan gholfbaas Jimmy Hemphill.** Wat hom besiel het om op die voorlaaste dag 'n aanval op Fulton Allem te loods weet net hy.

Dit is egter die soort van opmerking wat maak dat van ons voorste spelers nie meer bereid is om in die Sonskynreeks te speel nie.

Sy opmerking het daarop neergekom dat Allem nie werd is om in die Miljoen Dollar-toernooi te speel nie en dat John Bland liefs Allem se plek moes ingeneem het.

Die tydsberekening van die opmerking was nie allen ongelooflik swak nie, maar sy oordeel oor die gehalte van spelers net so. Bland het vanjaar aan sy eie standaarde gemeet 'n swak jaar gehad. Allem het teen alle verwagting in op die Amerikaanse reeks sukses geproe.

Hoe hy Allem en Bland in dieselfde asem kan noem, sal net hy weet.

**Ek weet nie of ek nou dalk skeef oordeel nie, maar dit wil my al voorkom asof die dae waar universiteite die sporttoneel oorheers het** verby is.

Verlede naweek in Pretoria is die jaarlikse Dalrymple-byeenkoms afgehandel. In die ou dae was die byeenkoms, naas die Suid-Afrikaanse kampioenskappe, die vertoonvenster vir Suid-Afrikaanse atletiek.

Deesdae wen atlete daar medaljes wat 'n paar jaar terug nie eens 'n Dalrymple-span sou haal nie.

Of dit so 'n goeie ding is weet ek nie.

**Dit bring my sommer by 'n ander sakie.** Waar is ons jong sterre? Krieket gaan nou sy derde dekade waarin Clive Rice die toneel oorheers binne. Naas Botha het rugby vir meer as 'n dekade om sy pinkie gedraai en Johan Fourie bly nog na ek weet nie hoeveel seisoene steeds ons beste middelafstand-atleet. Voeg hierby dat McNulty, Frost en Allem gesamentlik ouer as negentig is, met Frost op 29 die jongste.

In 1973 was Mike Procter, Barry Richards, Dickey Broberg, Fanie van Zijl, March Fiasconaro en Morne du Plessis almal jonger as 24.

Laat 'n mens dink nê!




LAPPE LAUBSCHER
op die skoonveld

# Rugbyraad se boekefees

ALLE eeufeeste gaan gewoonlik gepaard met 'n publikasie of twee wat die helde van gister se prestasies in herinnering roep. Dit wil egter voorkom asof die Suid-Afrikaanse Rugbyraad volgende jaar met sy Eeufeesviering alle rekords wil oortref.

Die pronkpublikasie gaan 'n bundel getiteld "RUGBY 100" wees. Die bundel sal bestaan uit twee boeke, "Springbok Records" van Teddy Schnaps en "Springbok Saga" van Chris Greyvenstein. Laasgenoemde is 'n bywerking van die boek wat oorspronklik in 1977 verskyn het.

Die Raad het dit ook goed gedink om 'n hele reeks van dr Danie Craven se boeke ook weer te herdruk. Van die boeke sal "Die Verhaal van Rugby", wat saam met "Ons Toetsprestasies" in een bundel uitgegee gaan word, waarskynlik die meeste aftrek kry.

Craven se outobiografie, "Ek speel vir Suid-Afrika", wat lank nie meer in die handel beskikbaar is nie, word ook saam met "Springbok Story" in een bundel uitgegee.

Vir die nuwe geslag rugby-aanhangers sal die herdrukke 'n welkome kans bied om boeke te bekom wat oor die jare uiters skaars geraak het. Aangesien daar besluit is op herdrukke is dit jammer dat Piggot se boek oor die 1906-toer, Nicholls se werk oor die 1928-toer van die All Blacks in Suid-Afrika en Sacks se boek oor die 1937-toer nie oorweeg is nie.

Laasgenoemde drie boeke is selfs skaarser as die Craven-werke en veel belangriker. Al drie is eerstehandse verslae oor historiese oomblikke in ons rugbygeskiedenis. Van Craven se werke is eintlik net "Die Verhaal van Rugby" en "Ek speel vir Suid-Afrika" werklik histories belangrike werke.

Afgesien van die Rugbyraad se amptelike publikasies gaan Transvaal (100 jaar) en Boland (50 jaar) ook volgende jaar boeke op die rak plaas.

Vir die versamelaar van rugbyboeke gaan 1989 dus 'n jaar vol opwinding wees waarin hy sy hand sommer diep in sy sak sal moet druk.

# Sportboikot dalk binnekort verslap

Thabo Lennerd

'N DEURSLAGGEWENDE aankondiging omtrent die verslapping van die sportboikot teen nie-rassige sport in Suid-Afrika word teen die einde van Januarie verwag.

Daar word verwag dat dit van organisasies soos die ANC, Sanroc en die Anti-Apartheidbeweging sal kom, en die voorbeeld volg van die kultuurboikot wat baie meer vloeibaar toegepas word.

Die onlangse besoek van Sanroc-voorsitter Sam Ramsamy aan Suider-Afrika is 'n verdere aanduiding dat ernstig koppe bymekaar gesit word oor nie-rassige sport in Suid-Afrika se hertoetrede tot internasionale sport.

Ramsamy het onder andere met die ANC in Lusaka gesels oor die toepassing van die sportmoratorium wat probeer het om Suid-Afrikaanse sportmense van internasionale sportvelde te hou. Ramsamy en Sanroc staan aan die voorpunt van die toepassing van die sportboikot.

Die sekretaris van die Suid-Afrikaanse Sokkerfederasie, Vincent Baartjies, voel dat nie-rassige sport onder die huidige sportboikot kan ly. Die Federasie steun die verslapping van die boikot.

Op die Federasie se vergadering, wat twee naweke gelede in Durban gehou is, het hulle hul volle steun aan die hersiening van die sportmoratorium gegee omdat "die hersiening erkenning kan gee aan nie-rassige sportorganisasies en die vooruitgang van nie-rassige sport kan bevorder".

Die oorspronklike doel van die sportboikot was om rassistiese sport uit wêreldsport te skakel en daarom het die South African Council on Sport (Sacos) - waarby die Federasie geaffilieer is - die Verenigde Volke in die jare sewentig gevra om die sportmoratorium in te stel.

Tot dusver het dit goed gewerk, maar nou moet verder gekyk word. "Ons mense moet nou geleenthede kry om internasionale kontak te maak." Hy het egter dié voorbehoud: "Die boikot kan nie volkome gelig word nie sodat opportuniste by die agterdeur kan inglip nie."

Hoekom die herbeskouing van die boikot? "Ons kyk verby die huidige na 'n post-apartheid gemeenskap en ons moet solank strukture daarvoor opstel. Internasionale kontak verbeter eenvoudig jou standaard en in 'n nuwe apartheid-vrye Suid-Afrika kan ons nie aan die kortste end trek nie."

Isolasie laat nie-rassige sportmense agter raak.

Hy waarsku teen te gou opgewonde raak. Daar sal eers met die demokratiese beweging onderhandel moet word voordat besluite geneem kan word. "Sportorganisasies staan nie geïsoleerd van die mense en hul politiek nie."

Ook binne die Sokkerfederasie self word reeds aan voorwerk gedoen om hul lede voor te berei.

Die Federasie is bewus daarvan dat daar eers eenheid in Suid-Afrikaanse sokker moet wees voordat oor internasionale hertoetrede gepraat kan word. Die pad na eenheid is vol slaggate.

Die Federasie voel die Soccer Association of South Africa (Sasa) probeer om op eie stoom eenheid te bewerkstellig. Daarom het die Federasie besluit om nie Sasa se uitnodiging na hul samesprekings van voorverlede naweek in Johannesburg te aanvaar nie.

Die Federasie het die besluit geneem omdat hulle voel dat Sasa geen mandaat het om die vergadering byeen te roep nie. Die Federasie het aangedui dat die tydsberekening swak was en dat hulle nie tyd gehad het om vooraf met die demokratiese beweging te onderhandel nie.

'n Geskikte tussenganger moet vir 'n eenheidsvergadering gevind word. Die Federasie noem die ANC as 'n moontlike tussenganger, hoewel daar dalk praktiese probleme kan wees, sê Baartjies.

Intussen wag hulle op Sasa, die South African National Football Association (Sanfa) en ander sokkerliggame sodat die probleme van Suid-Afrikaanse sokker op gelyke voet opgelos kan word.

Wanneer dit gebeur kan alle sokkerspelers in Suid-Afrika begin stewels blinkmaak vir moontlike internasionale mededinging.

*Die National Professional Soccer League (NPSL) se moederliggaam, Sanfa, het ook die uitnodiging na Sasa se vergadering van die hand gewys. Mike Matlooane, NPSL-bestuurder, sê dat samesprekings op vertroue gegrond moet wees.

Hy voel die Sasa-vergadering was onaanvaarbaar omdat 'n neutrale bemiddelaar nodig was vir 'n delikate saak soos eenwording. Sanfa voel ongelukkig dat hulle drie dae voor die vergadering eers amptelik per brief na die samesprekings uitgenooi is nadat die datum reeds geruime tyd reeds in die pers verskyn het.




**Duncan Crowie, een van die sokkerfederasie se top spelers**

Vrye Weekblad word uitgegee deur Wending Publikasies Beperk van Breëstraat 153, Newtown, Johannesburg. Die telefoonnommer is 836 7236. Die posadres is Posbus 42637, Fordsburg 2033.
Die blad word gedruk deur Excelsior Drukkers (Edms) Bpk van Karlstraat 19, Jeppestown. Dit word versprei deur Allied Publishers Bpk van Wepenerstraat 32, Booysens, Johannesburg.

# SPORT

Vrye Weekblad

● Bl. 15 Lappe Laubscher se Sportrubriek

● Bl. 15 Sportboikot verslap?

# Ongelooflike Seve: 130 houe minder as syfer!

Lappe Laubscher

DIE dae is verby waar die Europese gholfreeks 'n handige geldmaakplek vir gemiddelde beroepspelers was. Statistiek wat pas vrygestel is oor vanjaar se toernooireeks in Europa vertel 'n storie wat aan die ongelooflike grens.

Daar was vanjaar dertig toernooie wat getel het vir die verdienstelys in Europa. Sou 'n speler hom vir elke toernooi ingeskryf het en in elke ronde presies gelyk aan syfer gespeel het, sou hy in net twee toernooie sy kostes kon dek.

In die Britse Ope sou syfer 'n speler elfde laat eindig. Dit sou sy bankbalans met R38 000 verstewig het. In die Volvo Meesters sou 'n speler wat gelyk aan syfer gespeel het, derde geëindig het en R47 000 in sy sak gesteek het.

Die statistiek beklemtoon net weer van watter gehalte Seve Ballesteros is. Seve het vanjaar aan veertien van die dertig toernooie in Europa deelgeneem. Aan die einde van die seisoen was sy totale telling in die veertien toernooie 'n asemrowende 130 houe minder as syfer.

Van die veertien toernooie waarin hy gespeel het, het hy vyf gewen, in nog ses ander onder die eerste tien geëindig en in 'n verdere twee toernooie onder die eerste twintig geëindig. In net een toernooi kon hy nie vir die laaste twee rondtes kwalifiseer nie.

Die einigste ander speler wie se rekord met die van Seve vergelyk kan word, is Nick Faldo. Faldo het aan vyftien toernooie deelgeneem, twee gewen, in nog twee verloor in 'n valbylstryd om die eerste plek en in 'n verdere vyf toernooie onder die eerste drie geëindig.

In sy vyftien toernooie het Faldo nooit nie gekwalifiseer vir die laaste twee rondtes nie en net in een toernooi het hy nie onder die eerste twintig geëindig nie.

Mark McNulty het aan sewentien toernooie deelgeneem, een gewen en in 'n verdere agt onder die eerste tien geëindig. In twee toernooie kon hy nie vir die laaste twee rondtes kwalifiseer nie. McNulty se jaar in Europa kan in twee fases verdeel word.

In sy eerste vyf toernooie het hy nooit laer as vyfde geëindig nie, een gewen en in nog twee tweede gekom. Na die Britse Ope was hy net nie weer dieselfde speler nie.

John Bland, wat volgens Jimmy Hemphill, grootbaas van die PGA, 'n wêreldgehalte gholfspeler is, het aan agtien toernooie in Europa deelgeneem.

In twee toernooie het hy onder die eerste tien geëindig en in ses toernooie kon hy nie vir die laaste twee rondtes kwalifiseer nie.

Die voorste presteerders in Europa vanjaar was (in die volgorde naam, geld verdien in ponde sterling, houe gemiddelde, houe onder syfer en toernooie gewen):

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 1. Seve Ballesteros | 451 559,59 | 68,85 | -130 | 5 |
| 2. Nick Faldo | 347 971,47 | 69,11 | -118 | 2 |
| 3. Jose Maria Olazabal | 285 964,33 | 69,69 | -129 | 2 |
| 4. Ian Woosnam | 234 990,64 | 70,04 | - 71 | 3 |
| 5. Sandy Lyle | 186 017,98 | 70,04 | - 66 | 1 |
| 6. Mark McNulty | 180 991,55 | 70,35 | - 65 | 1 |
| 38. Tony Johnstone | 53 792,85 | 71,81 | + 14 | 0 |
| 41. Jeff Hawkes | 51 034,93 | 71,12 | - 12 | 0 |
| 61. John Bland | 33 888,63 | 71,67 | + 25 | 0 |
| 68. Hugh Baiocchi | 29 781,23 | 71,73 | + 29 | 0 |



Seve Ballesteros

# Alles loop verkeerd vir Noord-Transvaal in 1988

Wat vir Noord-Transvaal se krieketspan 'n gloriejaar moes gewees het, is besig om in 'n rampspoedige seisoen te ontwikkel. Verlede seisoen het die Blou Bulletjies nog in baie omstrede omstandighede die eindstryd van die Nissan-skild verloor. Vanjaar speel hy nie eens in die halfeindronde nie.

"Verlede seisoen het ons in eindrondes gespeel, dié seisoen wen ons bekers," was Noord-Transvaal se krieketbaas, dr. Willie Basson, se voorspelling skaars 'n maand gelede. Dié week het Basson en sy komitee ernstig besin oor waar alles dan verkeerd geloop het.

Alhoewel die gesprek agter geslote deure op Centurionpark plaasgevind het, was die manne met die biere op die graswalle van dieselfde Park heel uitgesproke. Die fout lê by Sly Sylvester Clarke.

Toe die seisoen se eerste bal nog nie geboul was nie, het Willie Basson en Mike Procter van Natal elk met 'n getekende kontrak rondgeloop.

Onderaan die kontrak was die handtekening van ene S. Clarke.

Willie Basson het so sterk gevoel oor Clarke dat hy Natal hof toe wou sleep as hy nie die Swart Blits van Barbados in 'n Ligblou hemp kon uitdos nie.

Vandag kan hy, by wyse van spreke, sy hare uit sy kop trek dat hy nie Natal betaal het om Clarke van sy betaalstaat af te haal nie.

Sylvester het in Pretoria aangekom met 'n kniebesering wat nog nie herstel het nie.

Soos soveel snelboulers is Clarke se entoesiasme afhanklik van sy sukses. 'n Kruppel Clarke kon egter nog weinig vir die Noorde beteken.

Die laagtepunt was egter verlede week toe hy eenvoudig net nie opgedaag het vir 'n klubwedstryd nie. Vir Noord-Transvaal is dit van allergrootste belang dat Sylvester so gou moontlik weer wedstrydfiks word.

Self het hy doodluiters vertel dat hy verslaap het!

Die nuus het die bloed van Pretoria aan die kook gesit. Fanie de Villiers, Tertius Bosch en Gerbrand Grobler moet week na week spook om die kastaings vir Noord-Transvaal uit die vuur te krap met die wete dat wanneer Sly reg is, is hul dae getel.

Sly self doen egter die minimum om te probeer regkom.

Willie Basson moes 'n voorgevoel gehad het van die seisoen wat voorlê toe hy by die laaste jaarvergadering vanjaar van Noord-Transvaal gesinspeel het dat vanjaar dalk sy laaste gaan wees.

Vingers word nou in sy rigting gewys. Toe Noord-Transvaal die beleid gehad het om sonder huurlinge te speel het hulle vriend en vyand verras

Nou het Willie Basson besluit dit is tyd om die span te versterk met spelers soos Clarke en Haysman. En nou doen die span nie alleen swakker as ooit in die verlede nie, maar boonop laat veral Clarke hom sleg in die steek.

Kenners wat al 'n lang pad saam met Clarke loop sê nou dat dié verloop van sake heel voorspelbaar was. Dit was die rede hoekom Transvaal hom sommer laat loop het. Dit was ook die rede dat die Vrystaat nie angstig was om sy kontrak te hernu nie.

Clarke het eenvoudig geen gevoel vir spangees nie.

Die gevolg is dat hy ook op sy medespelers 'n negatiewe uitwerking het. Almal bewonder sy talent, maar niemand bewonder sy gesindheid nie.

# Johnny wil nou vir Tyson slaan

Lappe Laubscher

JOHNNY du Plooy stel glo nie belang in 'n geveg teen Pierre Coetzer nie. Hy het sy oë gerig op Mike Tyson en die ou grote se wêreldtitel. Dit is die jongste nuus uit die Du Plooy-kamp.

Wat Johnny die brawade gegee het kan net geraai word.

Amper net so belaglik soos die hoop van die Suid-Afrikaner is sy posisie op die nuutgestigte IBO se ranglys.

Volgens die manne is Johnny tans die tweede beste swaargewigbokser in die wêreld. Pierre Coetzer is nommer tien.

As daar al ooit 'n ranglys was wat nie die papier werd is waarop die geskryf staan nie, dan is dit dié een.

Du Plooy se loopbaan sover was een wat so glad verloop het soos die masjien van 'n tweedehandse motor wat by die garage teen die spoor gekoop is.

Iemand wat dit as belowend beskryf belowe enigiets.

Coetzer self het nie veel om oor trots te wees nie. Hy het wel Saterdagaand sy geveg teen Ossie Ocasio gewen, maar die manier waarop hy sy oorwinning behaal het, het niemand beïndruk nie.

Die vraag wat die Coetzerkamp met die uitgeslape Alan Toweel aan die spits na dese hulle moet afvra is wat nog in die kryt op hul bokser wag.

Coetzer is klaarblyklik nie 'n swaargewig wat die werklik rasegte swaargewigte van die wêreld ooit sal kan aanpak nie.

Hy het twee opsies. Die een is om gewig te verloor en in die toekoms in die minder aanloklike junior swaargewig-afdeling te boks.

So hy dit doen sal hy waarskynlik nog 'n paar jaar in die kryt oorhê.

Bly hy egter voortploeter as 'n swaargewig is sy toekoms donker. Hy sal selfs moet besin of dit vir sy gesondheid enige voordeel inhou.

As Suid-Afrikaanse sport ooit 'n gebrek aan 'n swaargewig gehad het, het hy dit nou.

Vrye Weekblad word uitgegee deur Wending Publikasies Beperk van Breëstraat 153, Newtown, Johannesburg. Die telefoonnommer is 836 7236. Die posadres is Posbus 42637, Fordsburg 2033.

Die blad word gedruk deur Excelsior Drukkers (Edms) BPK van Karlstraat 19, Jeppestown. Dit word versprei deur Allied Publishers Bpk van Wepenerstraat 32, Booysens, Johannesburg.

# VryDag



# Joanna keer terug na kabaret

Voorbladfoto's deur Andrea Vinassa



## Die broers De Wet van Boksburg

## Phil Collins 'n treinrower

## Opperman oor mans

## Piekniek by die Monument

## 'n Boek van R950!

9 Desember 1988

Bylaag tot Vrye Weekblad

# knipsels

Saamgeflans deur Chris du Plessis



## Kyk! Mense vol boom

**Skuus! Boom vol mense!**

GEEN pryse vir diegene wat kan raai waar die idee vir 'n singende Kersboom vandaan kom nie. Dit kan net die Acropolis van Kitsch, daardie 3000 vierkante km van Germiston wat sommige mense Amerika noem, wees.

Ook nie enige plek in Amerika nie. Dis Noord-Carolina (tuiste van die Great Smokeys en faksies van die Klu Klax Klan.)

Dit is daar waar 'n groep sangers besluit het om 'n kersboom met lewendige, singende "ornamente" (in plaas van die gewone plastiek sneeuvlokkies) te versier. Die "boom" sing dan Kersliedere.

Duitsland was een van die eerste lande wat gedink het die spektakel is tog te oulik en gou was die hele wêreld vol soortgelyke... singende bome.

Suid-Afrika, ook mos deel van die Westerse wêreld, het ook die voorbeeld gevolg.

Van Duitsland is dit na Suid-Afrika gebring waar dit nou vir die vierde opeenvolgende jaar deur Truk aangebied word.

Die boom reik tot aan die dak van die Staatsteater en word met duisende blare en klein liggies versier.

Truk se Kinderkoor sowel as die Ekstra Koor en Multikoor sal deel van die Boom vorm. Kersliedere en bekende koorliedere uit Duitsland Italië en Suid-Afrika sal uitgevoer word.

Daar sal vanjaar vier aanbiedings van die Singende Kersboom in die Staatsteater in Pretoria wees - op 11 en 18 Desember om 15:00 en 17:00. Mathilda Hornsveld is die dirigent. Bespreek by Computicket.

## Nuwe Kaapse Jazz

HILTON SCHILDER, nou saam met die Genuines op toer in Duitsland, speel saam met die Kaapse jazz-veteraan Robbie Jansen op Robbie se nuwe langspeler wat vroeg volgende jaar deur Mountain Records vrygestel word.

Volgens Mountain se "head-honcho", Paddy Lee Thorpe, is die plaat, wat seker Vastrap to Freedom genoem gaan word, die mees opwindende projek wat hy aanpak sedert David Kramer.

Soos baie SA plate deesdae sal Vastrap eers oorsee vrygestel word. Behalwe vir Robbie en Hilton is die genialiteit van Monty Weber en Paul Peterson ook op die plaat vasgelê. "Musically speaking it is a breakthrough for contemporary Cape jazz on a par with the stir caused by Juluka's first Crossover LP in 1981," sê Paddy.

## Visuele verrassing by 4AD

Joy Division (en Bauhaus Live) is die fokus van 'n rolprent wat môreaand om 10:30 ná die laaste vertoning van die Ken Russel-filmfees deur die 4AD Film Society by Kine Corlett se VIP-Cinema in Louis Botha-laan vertoon word.

Die Russel-filmfees eindig ook hierdie naweek met Mahler om 8:00 vanaand en môreaand. Russell skep met Mahler 'n fanstasie-wêreld waarin mites oor die bekende komponis uitmekaargetrek word. Met Robert Powell, Georgina Hale en Richard Morant.

Intussen moet 4AD se gewone Sondagaand-fliek nie misgeloop word nie. Vandeesweek is dit Night of the Shooting Stars, Paolo en Vittoro Taviani se drama van 1982 oor die laaste stuiptrekkings van die tweede wêreldoorlog in 'n klein dorpie in Toskane.

'n "Burger-oorloggie" ontstaan waarin die inwoners mekaar gewetenloos uitmoor. Marcel Duchamp se Anemic Cinema is die voorskou.

Volgende Sondag wys David Lynch se berugte gril-prent Eraserhead met 'n dokumentêre prent van Andy Warhol as voorskou voordat 4AD sluit vir die Kersseisoen.

Hulle skop op Sondag 8 Januarie weer af met Andrei Tarkovsky se Sweeds/Amerikaanse film (van 1986) oor die geestelike ontwaking van 'n logies-denkende man in die skadu van 'n atoomoorlog. Armageddon en so aan!

KLASSIEKE kitaarspeler Tessa Ziegler (hier afgeneem met sagte-fokus lens en tien-snaar kitaar) se nuwe langspeler The Time of My Life is onlangs op die rakke geplaas. "You can call them cover versions if you like," sê sy oor die langspeler wat buiten een snit, Sunrise, bestaan uit presies net dit: "covers" van ou deuntjies soos Time of My Life (uit Dirty Dancing), Do That to Me One More Time, Captain of Her Heart... Die goeie nuus is dat die ou Branch Office klomp (Johnny Boshoff, Mike Faure, Kevin Kruger) het haar met die plaat gehelp het.



## Bright Blue — Kaapse gigs

Bright Blue begin hulle promosietoer vir The Rising Tide (die nuwe langspeler) in die Kaap met 'n optrede by die Brass Bell in Kalkbaai op Saterdag.

Op 18 Desember is hulle by die Oude Libertas (amfiteater) op Stellenbosch en op 19 en 20, 22 en 23 Desember speel hulle by The Base.

Hulle tree ook op 23 Desember by die Goeie Hoop Sentrum op as deel van die No Flags Konsert. Op 24 Desember is hulle terug by die Brass Bell.


# Shifty Records terug by Breë St se vlooimark




● **Mr Mac & The Genuines**
Tradisionele Kaapse Goema/Klopse musiek. Hulle word ondersteun deur veteraan banjo-speler Mr Mac.
**Langspeler en Kasset R18**




● **Die Kerels — Ek sê**
Potjiekos pop van een van Jhb se meer energieke groepe. Nou historiese materiaal aangesien hulle reeds ontbind het.
**Langspeler en Kasset R18**




● **Voëlvry**
Al die beste nuwe Afrikaanse musiek op een plaat.
**Langspeler en Kasset R18**




● **Gereformeerde Blues Band**
Het 'n storm veroorsaak met "Picknick by Dingaan" (eers bekend as "Kinders van Verwoerd") en tans in die proses om die plaaslike Afrikaanse musiekwêreld te domineer. Die kortspeler is 'n voorsmakie van die voornemende langspeler.
**Kortspeler R6**




● **Koos**
Muurmusiek in teenstelling met "kamermusiek". Kom met interessante bruin-papiersak verpakking en lae prys.
**Kasset R10**

Die perfekte kersgeskenk!
Sien ook die 1989 Shifty Records kalender, T-hemde en die beste in Suid-Afrikaanse musiek

## Shifty Records Bestel Vorm

Naam ______________
Adres ______________
______________
Kode ______________
Telefoon ______________
Pos aan: PO Box 27513 Bertsham 2013

Stuur asb. die volgende:
1. ______________
2. ______________
3. ______________
4. ______________
5. ______________
6. ______________
7. ______________

Ek sluit in R .......... Nota: Slegs tjeks en posorders wat aan Shifty Records uitgemaak is, sal aanvaarbaar wees.

**Ook Bestelbaar:—**

● **André Letoit**
Wel-bekende eksistensiële troebadoer, punk-skrywer, pizza-maker, hoender-rep.... en liedskrywer.
**Kasset R18**

● **Bernoldus Niemand**
Enigmatiese blik op hoëveld Straat-kultuur. Styl wissel van kwasi-reggae tot dansvloer "Boogie"
**Kasset R18**



## Nuwe federasie vir rolprent-makers

NANTES, FRANKRYK. - 'n Federasie van filmmakers van Afrika, Asië en Latyns-Amerika is hier gestig om "kunstenaarsregte en vryheid van spraak" van kunstenaars in die Derde Wêreld te verdedig.

Die stigting is tydens 'n filmfees aangekondig deur die federasie se voorsitter, die Senegalese skrywer en filmmaker Sembene Ousmane.

Die doel van die federasie sal wees om "beter begrip te kweek vir regisseurs van dié drie kontinente, en inligting oor hulle en hul prente te versprei".

Die onder-voorsitter is Lino Brocka van die Filippyne, wat verlede weke gesê het dat sensuur in sy land, snaaks genoeg, ná die omverwerping van die Marcos-diktatorskap vererger het. - AFP

# Afrikaners is plesierig, en ander welkom

Victor Munnik

AS jy belang stel in die sterkste - en roerendste - verhaal in die Afrikanerdom, moenie die FAK se 150ste herdenking van die Groot Trek by die Monumentkoppie, buite Pretoria, misloop nie.

Die begin val saam met die viering van internasionale Menseregtedag (10 Desember) en dit duur tot 16 Desember.

Tot 9 Desember (die dag waarop die gelofte 150 jaar gelede afgelê is) word die Monument deur die KP-AWB-Volkswag-fees beset.

Hulle aparte fees word daarna by Donkerhoek, 'n nuut-ontwikkelde kampeer- en feesterrein naby Delmas, voortgesit.

Dis waar Manie Maritz se perdekommando van Suidwes sal uitspan.

As jy "anderskleurig" is, kies eerder die FAK-fees.

Soos Rudi Prinsloo, feesdirekteur, dit stel: "Geloftefees is 'n blanke Afrikanerfees, maar binne die grense van wat gereël is, is anderskleuriges baie welkom om te kom kyk en te kom eet."

"Anderskleuriges" wat reeds verwag word, is die touleiers wat met die waens op die simboliese trek gehelp het, en hul familie.

Van gerugte dat die Zoeloe-koning 'n boodskap van versoening aan die skare sou kom bring, het niks gekom nie.

Die AWB het gedreig dat hulle die verrigtinge sal ontwrig met "iets erger as teer en veer" indien "nie-blankes" daaraan deelneem.

Daarop sê Prinsloo "geen kommentaar", maar voeg by dat alle veiligheidsreëlings in die hande van die Noord-Transvaalse Veiligheidskommissie is.

Geen vuurwapens word toegelaat nie, maar piekniekmandjies is welkom.

Sowat 70 000 mense word deur die FAK verwag.

Die fees begin hierdie SATERDAG met 'n padwedloop, 'n fietstoer, 'n pretstap en wêreldrekords - hoe snaakser hoe beter. (Ons sal seker Saterdag die dikste koeksister in die wêreld kan sien.)

Daar sal ook vertonings wees deur honde, die polisie, die weermag en die Staatspresidentswag.

Die aand word gedans en vleis gebraai.

SONDAG is kerkdag in die amfiteater, en die aand is daar simfoniekonsert met Mimi Coertse as solis.

Van MAANDAG tot WOENSDAG is daar elke dag skuifievertonings, geskiedkundige toere, skyfskiet, vlagstrykings en boomplantings.

Maar DINSDAGAAND is jou kans om bekende Suid-Afrikaanse sterre verniet te sien optree.

Dis nou kunstenaars soos Sonja Herholdt, Rozanne Both, Yoti die Griekse Boertjie en die Gevangenisdiensorkes.

WOENSDAGAAND is kampvuurkonsert deur die Voortrekkers (nee, nie daai Voortrekkers nie) en die Landsdiensbeweging.

DONDERDAG loop die feesoptog deur Pretoria, en die aand is daar weer groot konsert, met kunstenaars soos Randall Wicomb, Danie Niehaus, Anneli van Rooyen, Carike Keuzenkamp en die Alabama Studentegeselskap.

Dit word afgesluit met 'n vuurwerkvertoning.

VRYDAG, Geloftedag, word oorheers deur die ontvangs van boodskappe, verbyvlugte van impala's en helikopters, samesang en 'n geloftediens met onder andere prof Johan Heyns.

Staatspresident Botha sal ook die inhoud van 'n perkamentboodskap wat aan die begin van vanjaar se trek deur hom opgestel en in die simboliese wa geplaas is, onthul.

Volgens Prinsloo sal dié boodskap moontlik later deur die FAK te koop aangebied word, sodat dit geraam en in Afrikanerhuise gehang kan word.

Die totale koste van die fees is 'n miljoen Rand, waarvan meer as R400 000 uit die belastingbetalers se sakke kom.

Geniet dit dus maar soveel jy kan!





**Links: Die gesin De Wet by die huis**
**Onder: Mevrou De Wet in een van haar manlike rolle**
*Fotos Andrea Vinassa*

# Die broers De Wet van Boksburg

**Chris du Plessis en Felice Orsini**

*Balletdanser Gideon de Wet staan op die punte van sy tone.*

*Hy moet vanaand sy ouers se uitspraak oor Dis Seker die Honde aanhoor.*

*Mnr en mev de Wet het heelpad van Boksburg af gery om te kom kyk na hul kind in Tertius Meintjies se stuk by die Black Sun. (Deur die chaotiese interpersoonlike stilte dawer die Freudiaanse uitspraak dat akteurs eintlik net hulle ouers probeer beïndruk.)*

*Dan breek Mev De Wet die spreekwoordelike ys met: "Die naaktonele was...gepas."*

*Gideon se mondhoeke vou om sy ore.*

*"Maar," voeg sy dan by, "Ek wens net hulle wil iets anders as DAAI woord gebruik." (Sy verwys na die gebruiklike Afrikaanse woord vir uh saamslaap, wat rym met braai en redelik gereeld in die stuk voorkom). "Dis darem nie mooi nie," sê sy.*

*Christine de Wet is self 'n aktrise.*

Dis 'n paar Saterdae ná Christine se uitspraak en ons drink tee by die De Wets in Boksburg. By Christine en Gideon was broer Barend, die opkomende jong beeldhouer van Kaapstad.

Die reënwolke hang donker oor die dorp. Al die tekens van 'n storm is daar. Uit die bloute, ná 'n oomblik se denke, maak mev De Wet 'n semi-profetiese stelling: "En nou wil hulle weer al die (apartheids)tekens opsit..." Sy skud haar kop. (Dit was voor die bordjies-debakel.)

Dan stof sy 'n paar foto-albums vir ons af. 'n Mens herken haar as een van die Nommer Asseblief-span. Sy het ook in vollengte rolprente opgetree: Breekpunt, Beloftes van Môre, Kromburg...

Van die destydse kritici het haar as "rubbergesig" beskryf. Die ouderdom het niks aan daardie soepelheid verander nie.

"Gideon," verduidelik sy, "het 'backstage' grootgeword." Sy moes gereeld tot laataand repeteer en Gideon moes maar sy slaapsak saamneem na die teater.

Ons hoor Gideon was die sensitiewe kind. Barend was eksentriek.

Die skraler Gideon was skaatsplankryer. Barend, die ouer, frisser broer, was 'n fietsrykampioen.

Die ouer boetie is maar stillerig vandag. Sy toekomstige spruit skop al sterk onder die hart van sy vriendin, Kate Gottgens, wat saam met hom op Michaelis kuns studeer het.

Gideon was blykbaar maar seningrig voor hy balletskool (Universiteit van Kaapstad: een jaar) toe is. Hy het ook 'n dramagraad op sy kerfstok.

Soos 'n verkleurmannetjie ondergaan hy met elke rol 'n gedaanteverwisseling. 'n Mens wil-wil sy akteursvernuf vergelyk met dié van Robert de Niro, maar hy is blond. In Russell Copley se Knock On The Door het hy 'n heroïenverslaafde punkmusikant gespeel. In Chris Pretorius en Shaun Naidoo se Hotel Polana was hy 'n glibberige uitsmyter in 'n tuislandkroeg. In Dis Seker Die Honde was hy 'n naïewe plattelandse lomperd.

Maar nêrens was sy liggaamsbeheer duideliker te sien as in Robyn Orlin se "Dancing Into Darkness" nie. Hy is op die oomblik besig met die Puppets against Aids-program.

Die sagmoedige deel van sy geaardheid word op die planke goed onderdruk. Sy verstommende liggaamsbeheer maak dit vir hom moontlik om met die minimale energie maksimum-effek te behaal: "Less is more", soos hulle in die argitektuur sê.

Nou het Gideon 'n nuwe by in sy baard: hy wil die geniale Russiese danser en choreograaf, Waslaw Nijinski, se solo-danse herskep en in die Staatsteater (nogal) opvoer.

Daar is waarskynlik niemand wat plaaslik Nijinski se katagtige bewegings, sy waansin en sy weerloosheid beter as Gideon kan na-aap nie.

Barend het jare gelede met 'n argitektuur-graad aan die Universiteit van Pretoria begin, in sy tweede jaar oorgeslaan na landskapsargitektuur en daarna (sonder om in 'n soutpilaar te verander) uit ons Hoofstad na die Kaap gevlug.

Soos sy kleinboet, is hy een van ons mees belowende jong kunstenaars. Die sterkste eienskap van sy beeldhouwerk is 'n sin vir humor. Sy uitstalling van kartonspeelgoed in die ou Castle Brouery so 'n paar jaar gelede het groot opspraak gewek.

Barend kan ook nie mooi glo wat die mense van sy tuisdorp nou wil aanvang nie.

Nie een van die De Wets weet of gee eintlik om of hulle familie van die Boere-generaal was nie. Maar daar word met groot trots vertel van Christine se moeder.

Tant San was die eerste vroueburgermeester van Boksburg. Dis aan haar te danke dat jeugmisdadigers se verhore in kamera gehou word.

Sy was 'n humanis van die ou skool. Op 56 het sy die LLB-graad verwerf.

Sy was vir 64 jaar lid van die vrouefederasie en vir lank president van die SA Nasionale Raad van Dwelmmisbruik.

Almal in die distrik onthou vir tant San. Christine het ook deeltyds met die behandeling van sielsiekes en alkoholiste gehelp.

Terwyl ons gesels, verrys die baas van die huis ewe skielik uit sy stoel. "Agge NEE!," sê hy "Ek het Minnie Moe (op TV) gemis!"

Divvie de Wet is 'n afgetrede SAL-vlieënier. In een van die agterkamers pryk daar 'n portret van hom as 'n jong man met 'n opstygende vliegtuig wat sy kuif

*Na Bl4*

# Joanna Weinberg praat oor haar terugkeer na kabaret

Felice Orsini

ENGELE, duiwels en die dood is die duistere onderdele van Gardenia Man, 'n liedjie wat die skrywer self nie kan ontleed nie: "Elke keer as ek dit sing, ontdek ek die betekenis daarvan," sê Joanna Weinberg wat haar hart uitpraat in haar jongste kabaret-opvoering wat vandeesweek by die Black Sun begin het.

'n Persoonlike krisis (die onlangse dood van haar vader was deel hiervan) was die aansporing om haar ander verantwoordelikhede opsy te stoot en weer na die mikrofoon te gryp. Sy het dinge gehad om te sê: "Ek moes dit net doen," sê sy van die kabaret.

Desondanks is die vertoning geensins swartgallig nie.

Die kabaret is gedeeltelik geïnspireer deur Brasiliaanse partyliedjies. Opgewekte ritmes. Deuntjies waarna haar ouers geluister het en van kleintyd in haar kop vasgesteek het.

"Ek hou van ritme. Ek hou van Karibbiese musiek, van Afrika-musiek, van 'off-beat' musiek. Rock het my nooit juis opgeval nie."

Joanna verafsku Amerikaanse kabaret: "Ek probeer so ver moontlik wegbeweeg daarvan. Van die kommersiële oppervlakkigheid. Ek verkies 'n meer informele styl... wat nie net slick en glitzy is nie. My hoof-motivering met die vertoning was om ten minste musiek-gewys iets oorspronkliks aan te bied."

Hoewel die nuwe kabaret 'n sintese is van die lighartigheid van Strict Tempo se dae, word haar huidige weerloosheid op 'n baie vermaaklike manier op die verhoog blootgestel.

Soos baie ander Suid-Afrikaanse kunstenaars voel sy ook politieke druk.

Aan die een kant het die kulturele boikot selfstandigheid in die land aangewakker, meen sy.

Aan die ander kant mis Joanna verrykende invloede: "Ek voel die gemis in opvoeding. 'n Mens kan jou nie heeltemal afsonder nie."

Haar politieke benadering is ook intens persoonlik: "Silence Grows is 'n lied van suiwer frustrasie. Die noodtoestand het my vir die eerste keer geraak toe my fotograaf-vriende se foto's nie meer in die koerante gepubliseer is nie, en toe my vriende se rolprente verbied is."

Dis nie net die regses wat Joanna dwars in die krop steek nie. At The Meeting is 'n vingerwysing na die georganiseerde linkse beweging: "Die lied het ek geskryf ná 'n jaar van uitnodigings na vergaderings van mense wat elke moontlike stryd wil stry. Ek het dit nie teen mense wat werklik committed is nie, maar teen komitees wat baie praat en dan tee drink.

"Almal is bang om die linkses te kritiseer. Ek is. Mense kan my ook kritiseer omdat ek in 'n pragtige huis met 'n swembad woon."

Dit het lank geduur voordat Joanna geleer het om haar nie te steur aan die druk van die linkses om polities "relevante" verklarings te maak nie: "Ek kan geen politieke smeerskrifte skryf nie. Ek kan net skryf wat in my hart is. Ek kan nie skryf waaroor ek dink ek moet skryf nie.

"Kunstenaars in Suid-Afrika staan voor 'n uitdaging - om nuwe maniere te soek om ou waarhede uit te beeld. Die protesteater van die afgelope jare was 'n nodige groeiproses, maar nou moet ons ander weë soek."

Oor die seksuele politiek draai Joanna ook nie doekies om nie: "A Pimple Away From Perfection handel oor vrouens se fanatiese behoefte om te verslank. Veral in hierdie beroep is slank bly 'n voltydse werk."

In haar werk as aktrise word sy gedurig blootgestel aan sulke vernederings. Aan agente wat 'n draai om haar loop sê: "sy's 'n mooi meisie" asof sy nie in die kamer is nie.

Die komposisie Perfect Companion handel oor Joanna se behoefte aan 'n "perfekte lewensmaat": "Ek wil 'n gelukkige verhouding hê - sonder 'n egskeiding - en kinders. In die teorie is ek konserwatief, in die praktyk weet ek nie of ek kan volhard nie."

Die lied Composer Decomposing spreek oor dié selfbeheer: "Net talent gee nie die deurslag nie. Ek het dit teen kunstenaars wat hulle aan drank en dwelms oorgee. Talent sonder dissipline is niks."

'n Ander lied, Other People's Words, handel oor die dun skeiding tussen waansin en 'n gesonde verstand. "Die waansin trek 'n mens aan, dit is gevaarlik. Maar dit is makliker om by jou volle verstand te wees. Ek het gewik en geweeg tussen die twee en gematigheid gekies ..."

By die Black Sun kan dié wat wil, tydelik saam met Joanna na die tropiese eiland van haar drome ontvlug.



Joanna Weinberg — Andrea Vinassa

## Die begaafde broers De Wet

*Van Bl 3*

laat rondwaai.

"Ek sou nooit kon doen wat ek gedoen het in die teater as dit nie vir Divvie was nie...," beaam Christine my gedagtes.

Teetyd is verby. Almal steek hande op vir Brandewyn en Coke. Christine weier volstrek dat ons sonder kos in ons mae loop. Ek probeer verduidelik dat my maag wel vol is van die "liquid brunch". Niemand lag nie.

Ons groet almal oor-vriendelik. By die deur vryf Barend se pa oor Kate se swellende maag. "Sy is ten minste orraait," sê hy. "Sy het haar VOL gevreet aan die liefde."

## Egbertus Klaagvoort oor die week se TV

# Broer lam en broer leeu

Daar sit die twee, styf teen mekaar, so half ingeryg om warm te bly. Want bloedbroers is bloedbroers. En sielsgenote is sielsgenote. Koos van der Merwe en André Fourie. Die leeu en die lam. Dit stry en dit baklei, soos ware broers. Oor wie meer rassisties is as wie.

En dis nie maklik om te kies nie. Die leeu maak Boksburg toe vir swartmense. Die lam maak Pretoria en Vereeniging toe, maar dis anders.

Die Volksheld weier om die leeu sy krag te ontneem deur die apartheidswette te skrap. Maar dis ook anders.

Die leeu verniel die lam te vreeslik. Eers verskeur hy hom, dan skud hy hom rond, dan sluk hy hom in. Niks om te aas bly oor vir André le Roux, skeidsregter, wat soos 'n hiëna in die kriewels van sy baard sit en gryns nie.

Jy kan nie die morele hoë terrein beset as jou argument op huigelary gegrond is nie, al is jy 'n spierwit lammetjie. En om 'n lam teen 'n leeu in die veld te stoot, is nie reg nie. Skande!

Sondagaand was te veel vir 'n sterfling. Eers was daar die spanning van Stupid, die asemrowende hoekie vir eensames. En toe, asof Krismis vroeg aangebreek het, word ons verras met Pat Robertson, regse teoloog van Amerika, in gesprek met Cliff Saunders, sy woordvoerder. Onse Cliff voer hom met woorde.

Sanksies benadeel swartmense, nè? Alles is reg in Suid-Afrika, nè?

O ja! O ja! antwoord die invloedryke Conservative Christian. Hy gaan vir sy mense die werklikhede omtrent Suid-Afrika vertel.

En daarmee, vrinde, bedoel hy nie die 300 000 swart kindertjies wat vanjaar weens ondervoeding sal sterf nie; of die 30 000 mensae wat sedert die begin van die noodtoestand sonder verhoor aangehou is nie; of die onderdrukking van gespreksvryheid nie; of die hoge korrupsie nie; of die ongelyke onderwys en geriewe en geregtigheid nie.

En wat is nou so danig verkeerd daarmmee? Hy hou mos maar net die blink kant bo. Boereverneukery uit die hart van die VSA.

### Op die plotte

Reccie en die Ma-plotters bied die resensent 'n voortdurende intellektuele uitdaging.

Dié twee vaandeldraers op die plaaslike Afrikaansse produksie-front betower met hul subtiliteit, sensitiwiteit en slinkse simboliek. Die sosiale lewensdraad wat deur die Afrikaner-geskiedenis kronkel, verstrengel eintlik hierdie twee produksies.

As jy die mense en maatskaplike milieu van Ma-plotters begryp, moet jy terselftertyd begryp wat die karakters in Reccie: The Musical motiveer.

Die vraagstukke rondom die Afrikaner van die twintiger- en dertigerjare vind nog weerklank in die wêreld waarin die ma-plotters hulle bevind.

En dis om hierdie mense van hul sosiale en opvoedkundige gevangeskap te bevry, dat die Reccies so pynlik simplisties hul godgegewe take moet uitvoer.

Hoe kan daar toegelaat word dat die Afrikaner verloor wat hy opgebou het? Hoe kan dit geduld word dat NP-stemvee op die plotte bedreig word deur 'n oopstelling van geriewe, onderwys en grondbesit?

Die verband tussen die twee programme is diepsinnig dog ooglopend: die Weermag se meule maal om die mallemeule van die Ma-plotters aan die draai te hou. Die simboliek is verbysterend.

### Rooi Gevaar

Die wedywering tussen Verdediging en Buitelandse Sake, op die voorgrond sedert die Lesotho-grensblokkade vyf jaar gelede, word onwetend op TV weerspieël. Op die oomblik loop Magnus PI voor, wat verskynings op die skerm betref.

Maar sy geploeter en sy holruggeryde Rooi Gevaar-spookstories doen hom waarskynlik meer skade aan as wat Roelof Both se afwesigheid van die skerm hóm aandoen.

Van skade gepraat: waar daar skade is, kan skande nie ver agter wees nie.

'n Opwindende nuwe talent is vandeesweek TV-tyd gegun: ene Leon Wessels, Adjunk-Staatmaker van die een of ander iets.

Dié knaap het sy ganse toespraak afgelees, van Geagte Meneer tot by Die Uwe. Sonder opkyk.

Woord vir pynlike woord. Hy sal eersdaags met trots die voete van die Staatmaker van Verdediging kan volstaan.

### Laer

Nuus uit die laer: No news is good news. Maar sou die liewe burgers dalk verdwaal het? Of dalk afgedwaal het?

# Poe-prent is nou in Britse hande . . .

**Suid-Afrikaanse regisseur Cedric Sundström het nog gedink hy is op pad Londen toe om nog 'n rolprentweergawe van "The Fall of the House of Usher" te verfilm, toe hy hom skielik in Los Angeles bevind het met 'n kontrak wat 'n deurbraak in sy loopbaan kan wees. FELICE ORSINI vertel...**



**Cedric Sundström (links) is op pad na groener weivelde, terwyl George Bartels, Sundstrom se fotografie-regisseur op sy vorige prente, tuis bly om The Fall of the House of Usher te verfilm.**

CEDRIC Sundström was klaar op pad Londen toe om die openingstonele van The Fall of the House of Usher te skiet, toe hy die aanbod aanvaar het van 'n groot Amerikaanse verspreider om die Suid-Afrikaanse draaiboekskrywer Greg Latter se Abduction te verfilm.

Sundström sou die vyfde weergawe van Edgar Allan Poe se klassieke riller in Suid-Afrika voltooi het, maar het besluit om die Abduction-aanbod te aanvaar omdat dit 'n belangriker prent is.

Dit is beslis 'n deurbraak vir hom en dalk ook vir die Suid-Afrikaanse rolprentbedryf ... geen Suid-Afrikaanse regisseur is nog 'n prent aangebied deur een van die vyf groot verspreiders nie.

In die trant van Missing, The Year of Living Dangerously en Under Fire, handel Abduction oor 'n joernalis wat Afrika toe kom om 'n storie te skryf oor die grootskaalse honger wat die kontinent teister.

Daar is geen kwade gevoelens tussen Sundström en Nu Metro, die vervaardigers van Usher en die maatskappy waarvoor hy reeds vanjaar drie prente gemaak het, nie.

Abduction sal waarskynlik middel aanstaande jaar in Botswana geskiet word.

Intussen het die huis van Usher nie ineen gestort nie. Alan Birkinshaw, die Britse regisseur van Agatha Christie se Death On Safari - wat vroeër vanjaar plaaslik met Frank Stallone en Donald Pleasence verfilm is - is inderhaas ingeroep om Sundström se plek in te neem.

Birkinshaw, broer van die Britse skrywer Fay Weldon, kom eersdaags in Suid-Afrika aan om die leisels van Usher oor te neem.

Die Poe se riller-verhaal van 'n Britse edelman se liggaamlike en geestelike verval... en van sy vreemde gedrag, is al drie keer in swart en wit verfilm (die eerste twee sonder klank). In 1961 het Vincent Pryce die hoofrol vertolk in Roger Corman se weergawe.

Die nuwe weergawe, wat nie (soos die ander) as periode-stuk aangepak sal word nie, het Oliver Reed in die titelrol. 'n Onbekende Amerikaner, Romy Windsor, speel die vroulike hoofrol, en 'n Suid-Afrikaner, Rufus Swart, speel haar verloofde.

# Collins in Groot Treinroof



**Phil Collins en die regte treinrower, Buster Edwards**

DIE haarlose "nagtegaal" van Britse Rock, Phil Collins, is gekies om sy rolprent-debuut te maak as Buster Edwards - die berugte Suid-Londense skelm wat in die Britse volksverbeelding voortleef as The Great Train Robber.

En JAAA! Collins het al die musiek vir die fliek geskryf. Buster word vroeg volgende jaar deur Ster-Kinekor in Suid-Afrika vrygestel.

Die regisseur van Buster, David Green, was 14 jaar oud toe die roof wêreldwyd hoofopskrifte was.

"Dit het my geboei," vertel hy. "Ek het gewonder wat die mense met al die geld gaan maak, en of dit hulle nou gelukkig sou maak."

Twintig jaar later het hy die idee vir die prent met Buster gaan bespreek.

Collins, wat bekendheid verwerf het as lid van die groep Genesis (met Peter Gabriel) speel die hoofrol teenoor Julie Walters wat die "Working Class Hero" van die Britse rolprentbedryf geword het ná haar rol in Educating Rita, saam met Michael Caine.

Die prent begin in die "swinging sixties" in Londen tydens die laaste stuiptrekkings van die MacMillan-regering. Die mense kry swaar. June (Walters), Buster en hulle jong dogter Nicky (Ellen Beaven) moet agter die bank wegkruip vir die balju's.

Dinge verander as Buster eendag tuiskom met 150 000 pond aan kontant. Maar die blydskap is van korte duur. June het 'n miskraam en die polisie is kort op hulle hakke.

Intussen het 'n konserwatiewe Whitehall, wat baie verleë was oor die Profumo-skandaal, politiek gemaak van die grootste rooftog in die geskiedenis: 2,6 miljoen pond in gebruikte banknote.

Behalwe vir Buster - en een van die ander bende-lede Bruce (Larry Lamb) en sy vrou Franny wat na Mexico gevlug het - word die nege ander rowers almal mettertyd opgespoor en swaar gestraf. Die Britse regering wou 'n voorbeeld maak van die klomp nuwe "volkshelde".

Buster en Jenny besluit om hulle na Acapulco te volg.

Daar is die lewe lekker. Kort voor lank is daar net 20 000 pond oor. Nicky word siek en June verlang verskriklik huis toe.

Daar word internasionaal navraag gedoen oor Buster en Bruce se doen en late. June besluit om saam met haar dogter na Engeland terug te keer. Buster kan nie 'n lewe sonder hulle voorsien nie en besluit om ook terug te keer Engeland toe... en tronk toe...

"Ek was bly oor die rol," sê Collins.

"Ek speel die bendelid met die beste sin vir humor."

Ronnie Biggs, een van die ander bendelede, is 'n lewende legende. Hy is nog steeds in ballingskap in Brasilië nadat hy uit die tronk ontsnap het.

Vir die meeste jong Engelse bly hy die romantiese simbool van "the one that got away". Die Sex Pistols het aan die begin van die dekade Biggs se stem in Brasilië gaan opneem.

Saam met die Sex Pistols sing hy op die snit The Biggest Blow (of No-one is Innocent): "Ronnie Biggs was doing time, till he done a bunk. Now he says he's seen the light.

"And sold his soul to PUNK!"

## Is dit reg?

**DIE menseregte-filmfees van die Weekly Mail is nog vanaand en môreaand by die Markteater se Warehouse in Johannesburg aan die gang. Die prente deel die tema van die doodstraf. Bespreek by Computicket teen R5.**

**Vrydag 9 Des: 6:00**
**10 Rillington Place. (Met Richard Attenborough, John Hurt en Judy Geeson. Regie: Richard Fleischer in 1970.)**

**Vrydag 9 Des: 8:30**
**Daniel. (Met Timothy Hutton, Mandy Patinkin en Lindsay Crouse. Regie: Sidney Lumet in 1983.)**

**Saterdag 10 Des: 2:30**
**Cry the Beloved Country (Gegrond op Alan Paton se boek. Met Sidney Poitier, Canada Lee en Lionel Ngakane. Regie: Zoltan Korda in 1951.)**

**Saterdag 10 Des: 8:00**
**The Mothers of Plaza del Mayo. (Regie deur Susana Munoz en Lourdes Portillo, 1985.)**
**plus**
**The Ribbon (Met onder andere Albertina Sisulu, Mary Mxadana, Fikile Ngcobo, Ethel Walt, Dawn Ingle, Jill de Vlieg, Audrey Coleman en andere. 1986.)**

**Weens sy gemengde herkoms is Basil Pascali (Ben Kingsley) 'n sosiale uitgeworpene op 'n eiland in die Egeïese See. Dié aartsleuenaar is die titelkarakter in die Britse skrywer/regisseur James Deardon se film, Pascali's Island, wat vandag in Ster-Kinekor-teaters begin. Die prent speel af in 1908, kort voor die ineenstorting van die Ottomaanse ryk. Daar is bloed, intrige, persoonlike interaksies en politieke ontledings. Charles Dance (White Mischief) en Helen Mirren (White Nights) vertolk die rolle van Pascali se slagoffers.**



boeke-blad

ONDER REDAKSIE VAN
VICTOR MUNNIK

# Afrikaners se drome ...

**Die Afrikaner - en die manier waarop hy "sy" land regeer - is al jare lank goeie stof vir nuusmense. Nou is hy ook ontdek deur die publikasie-bedryf, wat hom probeer "verduidelik". VICTOR MUNNIK is genooi om te gaan praat met Marq de Villiers, wat 'n besondere "geskiedenis" van Suid-Afrika geskryf het.**

DIE outeur van White Tribe Dreaming sit hoog in die Sandton Sun waar hy kan uitkyk oor die vlakte van wat eers Sandfontein was. In sy baadjie en strikdas lyk hy ontspanne (hy is ontspanne) maar nie Suid-Afrikaans nie. Ons praat drie sinne lank Afrikaans, en dan vra hy of ons nie maar kan oorslaan na Engels nie.

Hoewel hy nou al 20 jaar lank uit die land is (in Kanada), is sy familie al 300 jaar in die land. Hulle het as Franse Hugenote gekom.

Die De Villierse het die pragtige wynplaas Boschendal begin.

Daar was familie onder die trekboere, op die oosgrens, op die Groot Trek, in die twee Vryheidsoorloë, op Ceylon.

Later jare was sy pa, René, redakteur van die Star, en sy oom, Leo Marquard, was die stigter van die Liberale Party.

Dis daardie familiegeskiedenis wat die hoogs leesbare boek 'n volksgeskiedenis, 'n verduideliking en uiteindelik 'n verdediging van die Afrikaner maak.

Was dit nie 'n verskriklike verantwoordelikheid om sy voorouers te fiksionaliseer nie?

"Nee, dit was 'n ontdekkingsreis. Ek het soveel menslikheid raakgeloop."

Het dit hom nie ontstel in sy eie "ballingskap" nie?

"Nee, dit het my herinner aan dinge wat emosioneel belangrik is. Dit was 'n herontdekking dat ek 'n Afrikaner is," sê die seun van Winburg wat nou redakteur is van 'n ernstige glanstydskrif in Toronto.

Kan hy Afrikaner wees in Kanada?

"Ja, 'n Afrikaner kan oral Afrikaner wees. Afrikaners is nie 'n eenheidsvolk nie. Ek sien uit daarna dat die Afrikaner buite die strukture van geslote, aggressiewe etnisiteit kan bestaan. Die mure wat hom vashou kan afbreek. Die vraag wat my interesseer is hoe die Afrikaner as Suid-Afrikaner kan oorleef - kan floreer.

"Die mites wat die Afrikaner gevange hou moet afgebreek word, en dit kan 'n mens net doen deur te verstaan waar hulle vandaan kom.

"Maar ek dink nou, ná die boek, dat ek dalk moet terugkom. Al het ek 'n baie lekker werk in Toronto, en 'n Kanadese gesin."

Hoekom is hy weg?

"Ek is weg net ná Sharpeville, omdat ek nie kon verduur wat aan die gang was nie. Ek was toe 'n verslaggewer in Kaapstad.

"Ek het geskryf oor die Groepsgebiedewet, en die verwoesting van Distrik Ses.

"Die veiligheidspolisie het met my kom praat, en toe - as 24-jarige - kon ek net drie opsies sien: my blind hou, iets radikaal doen om die situasie te verander, of weggaan.

"Ek het 'n Kanadese vrou gehad, en besluit om 'n joernalistieke loopbaan in Kanada te bou."

Hy was korrespondent in Europa, en toe in Rusland. Iets snaaks: "oppas" is die Russiese woord vir gevaar.

Terug by die boek: Kan die Afrikaner sy eie geskiedenis in die oë kyk? Met al die rassisme? Die skuld?



Marc de Villiers

Skuld is nie die eerste wat hom opval nie, sê De Villiers. "Dis eerder die swaarkry en hartseer in die Afrikaner se geskiedenis. Eers onder die regering van korrupte Hollandse burokrate en dan die ligsinnige kolonialisme van die Britte.

"Dis maklik om die swaarkry te vergeet as mense na vandag se Afrikaners kyk - wat een van die effektiefste tirannieë in die wêreld vorm. Ja, dit sou tog reg wees as daar 'n mate van skuldgevoel is."

Die boek is aanvanklik bedoel vir mense wat die Afrikaner nie ken nie, maar tog belangstel in en goeie bedoelings het met Suid-Afrika. Hoe reageer Afrikaners op wat hy skryf?

"Daar was nog nie Afrikaners wat my iets kwalik neem nie, maar, snaaks genoeg, dink sommige Engelse dat ek hulle aandeel in die landsgeskiedenis te skerp beoordeel het."

## Vlot, joernalistieke geskiedenis

**White Tribe Dreaming, Viking, New York, Londen ens, 1988. Prys: R50.00.**

Dié boek is 'n simpatieke benadering tot die geskiedenis van die Afrikaner, met deurentydse verwysings na die "liberale tradisie" van mense soos Onze Jan Hofmeyr, president Josias Hoffmann, Smuts se regterhand, Slimjannie Hofmeyr, Eugene Marais, Nell van der Merwe van die Black Sash, Leo Marquard van die Liberale Party en die oud-Broederbonder, dr Beyers Naudé.

Dit is in vlot joernalistieke taal geskryf en gee 'n goeie, informele oorsig oor ons - en ons landgenote - se geskiedenis. In die verbygaan word 'n paar mites omgetrek.

So skryf hy oor die ou Boere aan die Kaap, op grond van aantekeninge van sy agter-oupagrootjie, ds Andrew Murray: "Commonly they would believe the earth to be flat, the blacks to be suffering the eternal torment of God's wrath...and Canaan to be just oor 'n bult of twee, within the reach of a determined man's wagon..." (bl 51)

Oor die ou Transvaal: "To the north, across the Vaal River, went the hardliners... the outlaws, the rangers, the anarchists, the dissidents... It was a crazy-quilt mixture of stubborn mini-republics, enclaves run by visionaries, settlements founded and foundered by men of large egos and restless ambitions, held together by a universal desire to get away, to be left alone, and glued together also by their Old Testament view of their destiny..." (bl 144).

En oor Afrikanervrese: "What next? From Afrikaner to Zulu hegemony? To some other tribal coalition? To black racism instead of white? Is this what the world wants of the Afrikaners? Should they believe the soothing words of Oliver Tambo and Nelson Mandela? Why?" (bl 383)



Etienne van Heerden

# Gebeente word tot lewe gewek

**Ena Janse resenseer Liegfabriek deur Etienne van Heerden. Tafelberg, Kaapstad. R16,95 plus AVB.**

LIEGFABRIEK is Etienne van Heerden se tweede versameling kortverhale (My Kubaan was die eerste in 1983). Soos die flapteks sê: "Deurgaans tref die verbeeldingryke hantering van die woord, die fyn nuanses waarmee menseverhoudings uitgebeeld word, en die besonderse vermoë tot situasieskepping. Boeiend ook is die wisseling in toon: van die nostalgiese tot die ironiese, tot 'n byna wrang ontroering".

Die "wisseling in toon" is inderdaad opvallend.

Die tien stories betrek ruimtegewys die land van Kaapland tot bo in die noorde en dit beeld karakters uit wat wissel van dié met "marketing savvy" (Liegfabriek) tot een wat hom "die haantjie van die hemel" waan (Tois in die Tent), van Jakadas Pool en sy gesin wat - swerwend op 'n donkiekar - deur 'n hondsdol hond agtervolg word (Gesigte), tot 'n Afrikaner en sy martelaar, albei ewe vasgevang in 'n sado-masochistiese grenssituasie. (My Afrikaner is myns insiens 'n te opsetlik gekonstrueerde teëhanger vir My Kubaan.)

Die stories is goed, alhoewel juis die pryswenner-titelverhaal Liegfabriek my die minste aanstaan. Dis knap, dit "loop like hell" (bl 2), dis oortuigende advertensie-jargon en hardegattaal, en as sodanig sekerlik 'n aan die kaak stel (veral met behulp van die titel) van 'n lugballonwêreld vol groot geld en seks.

Maar wanneer die verkoopfoefies tot styl verhef word, en dit eindig met die slotsin: "In kleindood sit sy voor my, rukkend, haar treurige oop oë op my gerig, haar mond 'n huilende, geplooide roos van die nag" (bl 11), voel ek om te sê: "Zola shits" (bl 5), dié storie eindig met sy "gat op straat" (bl 2), 'n Tretchikoff-gesnik.

My gunstelingstories is Die Biskop en die Bul, maar veral Die Wederopstanding van Olive.

In Die Biskop en die Bul flits die verhaal heen en weer tussen boer Tokkie Nel wat op dieselfde oggend wat 'n massabegrafnis gaan plaasvind, sy nuwe, nog onverassureerde teelfiksverklaarde stoetbul op die stasie gaan haal, en die perspektief van die biskop in rooi wat die begrafnis moet lei.

Die parallelle ontwikkeling van die twee storielyne stuur doelgerig af op 'n onvermydelike konfrontasie - soos in 'n stiergeveg weet jy wat die botsing gaan wees - maar die spanning bly enduit gehandhaaf.

In die langste storie, Die Wederopstanding van Olive, word van 'n kleintyddrama vertel wat lank daarna nog deurwerk in die volwasse verteller se drome.

Die ontvangs van die Schreiner-dokument lei daartoe dat "meteens, met sonwarm klip en gekneusde spekboomblare... daardie treurige somer by my opkom: ongevraag, met die onbehae van onverwerkte herinnering" (bl 12). En dan, in vyftien aangrypende bladsye, word die herinnering verwerk - maar spook dan wel by die leser.

Dis 'n verhaal vol verskrikking, maar ook skreiend-pragtig en selfs humoristies. As die verteller kleintyd nie met sy speelmaat Willempie daarin kon slaag om Schreiner se gebeente met koperdraad tot lewe te wek nie, dan doen die skrywer dit nou - deur middel van 'n ontroerende verhaal wat lesers laat wéét: "Thy voice is on the rolling air,/ I hear thee where the waters run,/ Thou standest in the rising sun" (Tennyson).

Die vermenging van kinder- en volwasse-perspektief slaag uitnemend daarin om die "skryfvrou" te laat leef, om 'n wederopstanding van die storiemateriaal tot stand te laat kom.

# Wat soek sendelinge?

**Missionaris deur Elsa Joubert. Tafelberg, Kaapstad, 1988. Prys: R24,95 plus AVB. Linde Dietrich is die resensent.**

DIE sendeling was nog altyd 'n ambivalente figuur in die geskiedenis van die Westerse kolonialisme: iemand wat met die beste bedoelings en persoonlike opofferinge hoë ideale nagestreef het, maar dikwels ook wegbereider was vir die verbrokkeling van plaaslike kulture en hulle uitbuiting en onderwerping deur "Christelike" regerings.

Ook op persoonlike vlak is die sendeling se motiewe soms moeilik om te ontrafel, 'n voortdurende kwelling vir Elsa Joubert se missionaris Aart van der Lingen tydens sy vroeg-neëntiende-eeuse ervaringe aan die Kaap, die Oosgrens en in die Noordweste.

Soek hulle die "afskaduwing van die Goddelike teenwoordigheid" deur hulle te onttrek aan die beskawing, of het die afsondering meer te doen met 'n "duiwelse sentrering op die self"?

Is die soeke na bekeerlinge nie soms vir selfverheerliking nie? In hoe 'n mate is iemand soos Van der Kemp, werklike kampvegter teen slawerny en onderdrukking, ook gelok deur 'n sinnelike lewe wat hy nie in 'n Europese samelewing kon voer nie?

Daar is min bekend oor Van der Lingen, wat in 1800 as sieklike jong Hollandse klerk in Kaapstad aangekom het om in diens van die Zuid Afrikaansch Genootschap ter Uitbreiding Gods Koningrijk as sendeling uitgestuur te word.

Met dié gebrekkige gegewens as basis het Elsa Joubert 'n komplekse roman saamgestel wat op verskillende vlakke boei: as besinning oor die moontlike werklike agtergrond van historiese rekords ("die chaos waaruit hierdie keurige, joernaalagtige verslag gedistilleer moes word"), en as oortuigende relaas van een man se soeke na sin en selfkennis.

Dit boei ook as 'n beeld van die eertydse sosiale en kerklike omstandighede wat latere ontwikkelings sou bepaal, en as aangrypende beskrywing van Europeërs se belewenis van die Afrika-landskap.

Dis moeilik om anachronismes uit die gedagtewêreld van so 'n roman te weer, maar terselftertyd tot die hede te spreek. Die gesigspunt is Aart s'n, wat ons laat deel in die beperkinge van sy tydgebonde visie.

Maar sy onsekerhede, vertwyfelinge, en die vrae wat hy homself stel, huiwer tog na die insigte wat later meer klem sou ontvang, sonder dat 'n mens voel twintigste-eeuse idees word hardhandig op die materiaal geprojekteer.

Alhoewel Aart as karakter vrede en geestesewewig bereik en ontdek dat hulle nie God na Afrika bring nie omdat Hy altyd hier was ("Ons help miskien die herkenning"), bly hy 'n buitestaander, die Westerling wat oor homself en sy rol in Afrika besin.

Daar is 'n sentrale leemte in sy ervaring van die inheemse mense: die toenadering wat hy soek, is 'n kans om tot die begrip van die "siele", "skepsels", "teenwoordighede" deur te dring om sy boodskap te kan bring, en nie 'n kans om hulle as mense in eie reg wat iets van hulle kant af kan bied, te ervaar nie.

Die karakters in die roman wat iets meer as een-dimensionaliteit gegun word, is almal wit. Die Hottentotte wie se visioene Aart opteken en wie hy as begenadigdes sien omdat hulle direkte Godservaring verkry, is meer verwesters en sy kommunikasie met hulle vind binne sy terminologie plaas. Met die ander, wat nie op sy terme bereik kan word nie, is daar geen aanknopingspunt nie.

Die roman is 'n belangrike bydrae tot die verkenning van wit ervaring in Afrika, maar roep vrae op wat nog op verbeeldingryke ontginning wag: wat het die "Bosjesmannen" en "Biriquas" en "Hottentotte" van die sendelinge gedink?

# Jaws Opperman gaffel Jo'burg

**AH-MEN van Dirk Opperman, in die Dalro-teater in die Windybrow, Johannesburg. Tot 17 Desember. Poen Cilliers resenseer die stuk**

MET Pieter-Dirk Uys in Holland, Robert Kirby rustig op 'n groen lappie aarde iewers in die Boland en Casper de Vries ondergronds en alternatief, het 'n mens gemeen jy hoef nie meer jou lende te omgord en gepantser teater toe te gaan nie.

Fou-out! Die bekroonde Deon Opperman van Môre is 'n Lang Dag-faam, hy wie se Afrikanersiel vol angst gewroeg het in onder meer Die Teken en From Midnight to Morning; hy wat diep en lank geworstel het met eksistensiële vrae, ge~~inspireer deur Sartre en Fugard, het ontpop as 'n satirikus met 'n gebit soos wie weet watter Superjaws.

Sy revue Ah-Men, met genoeglike vertolkings deur Opperman self, Bruce Fields en David Alcock, is bevredigend.

Hierdie seun van die Baai, verlangse bloedfamilie van dié Opperman, het verhuis van die Kaap - 'n poeletjie wat vir hom te klein geword het.

Nou swem hy met magtige satiriese kake da-doem, da-doem in die morsige en diep waters van Johannesburg, waar hy skouspelagtig jag maak op voor die hand liggende prooi soos kindermolesteerders, gesinsmoordenaars, terroriste, Mercedes-besittende predikers met een oog op die hemel en die ander op die effektebeurs, papbroekige vrouejagters met bekke groter as hulle familietrots, hiperregse lyksbesorgers, rugbysuipers en teaterresensente.

Met sy supertande gaffel hy entoesiasties huigelary, verborge sondes in sonnige Suid-Afrika en praalsugtigheid.

Ja, hier het ons te make met 'n kraakvars I & J-stem, 'n satirikus wat nie net diep sny nie, maar ook die mes draai.

Maar Opperman is nie net oppervlakkig spitsvondig en teefagtig nie. Hy toon ook verdieping.

Die skets "Pro Patria" is 'n vernuftig geskrewe stuk werk - so keurig dat selfs Hennie Aucamp daarvan sal hou - met 'n teatrale en visueel ironiese punchline wat jou tussen die oë slaan. Die politiek is by implikasie in hierdie kragtige skets van verongelukte jeug en drome. Dit word gekenmerk deur



Bruce Fields in Ah-Men

patos eerder as propaganda.

Die galgehumor van "Do-it-yourself" - bou jou eie kleefmyn à la Uit en Tuis - is eina, maar toemaar - 'n bewys dat Suid-Afrikaners uit nood anderkant trane en tragedie begin lag het.

Die wrang "Fright Line" - skerp dog deernisvol - lewer gevat kommentaar op gesinsmoord, die Suid-Afrikaanse ekonomie en huigelary.

"Guess Who" - 'n donker skets van 'n verkoopsman wat sy seksuele snuisterye - vir gebruik met kinders - ten toon stel - het 'n kragtige rughand-skokeffek wat 'n mens nie vinnig sal vergeet nie en toon dat die skerpsinnige Opperman sy samelewing dophou en die teatrale moontlikhede daarvan insien.

# Mompel in die mis

**Poen Cilliers**

SINGIN' IN THE RAIN is 'n optimistiese titel vir hierdie uitgeweekte mini-extravanganza. "Mompel in die mis" sou dit dalk beter beskryf het. Resensente, met een of twee uitsonderings, was dit eens dat Singin' dalk eerder nie Natal se grense moes oorgesteek het nie.

Een gerespekteerde kritikus onder die ouer garde het gesê: "Ek was gek daaroor tot die gordyn opgegaan het." 'n Ander wat bekend is vir sy spitsvondigheid het laat hoor: "Hierdie gee 'n nuwe dimensie aan Durban Poison". 'n Jong Turk se droë kommentaar was: "How wet can you get".

Miskien die felste kommentaar was van 'n bekende dagbladresensent wat hom pouse uit die voete gemaak het en die taak van kritiek aan 'n junior kollega, genoemde jong Turk, oorgelaat het.

Met die uitsondering van enkele vertolkings - van Blaise Koch, Tim Plewman, Michael Brunner en Mike Huff (net-net) - was die spel, dans (veral) en sang (sang?) sonderling onimposant. Die choreografie was skouspelagtig mank en verbeeldingloos.

Het Saturday Night Fever, Dirty Dancing en Salsa dan hoegenaamd geen verskil gemaak nie? Wat 'n mens op disko-vloere sien lyk beter as die een-twee-drie-skop wat die danswerk van Mompel in die Mis kenmerk.



James Borthwick in Travelling Shots

Maar 'n mens verneem dis Proponentjie-tyd. Pretoria - blink, uitgevat en welriekend - trek in hul hordes op om die Opera van die Stötsteater bônkvôs te vul. 'n Mens moet dit sien. Waaroor praat jy ônders by die volgende braaivleis in Wôterkloof of die volgende eksklusiewe diplomatieke opskop.

Almal het al vergeet van die skietery in Pretoria, kindermolestering is ou nuus en Boksburg se wit winkels raak al vervelig. En in elk geval is die Kersseisoen tyd vir iets vroliks.

Kry 'n hoendertand-kaartjie en gaan paartie in die motreën. Dis tog nie die gehalte wat saak maak nie. Dis die geleentheid. Of hoe?

# Herken u nog die ou waarhede . . . ?

**Victor Munnik**

**Travelling Shots van Paul Slabolepszy in die Adcock-Ingramteater, Windybrow, Johannesburg. Tot 31 Desember.**

SKETSE vat herkenbare stereotipes en maak van hulle "iets meer" in die teater. Dis daardie "iets meer" wat ontbreek in Paul Slabolepszy se "Travelling Shots", 'n kaleidoskoop van Suid-Afrikaners.

Toets u eie patriotisme:

Herken u die stereotipe van die ryk miesies wat met haar vriendin se bediende wil flirt?

Weet u watse soort mens 'n safaripak dra?

Dat plattelanders soos David Kramer praat en of mal of vreeslik wulps is?

Nes die gehoor kry die akteurs swaar om iets meer van stereotipes te maak.

Hier moet ek darem vir Michael Richards en Christopher Wells uitsonder, in hul skaapnagmerrie, ná 'n nagmerrie-reis deur die Karoo. Hulle is heeltemal gemaklik in hul rolle as zeffers, en die geblêr bereik uiteindelik 'n meesleurende intensiteit. Dis rasegte plattelandse paranoia.

Slabolepszy se visie van die platteland word amper psigodrama wanneer twee susters, (Jacqui Singer en Judy Broderick) 'n dreigende vloedramp op verskillende maniere wil hanteer. Die mal sustertjie wil die Bybelse Ark-oplossing herhaal, en die koket is seker die veiligheidsmagte weet beter.

In hierdie skets, soos in van die ander, skep Dan Sebogodi 'n skerp ironiese teenwoordigheid van die "amper-afwesige swartman".

Wanneer hy 'n spreekbeurt kry - om verskillende maniere van loop te verduidelik - is dit moeilik om te sê of hy toneelspeel of 'n sosiologiese lesing gee.

'n Indrukwekkende vertoning is dié van James Borthwick as suiplap-rep wat van lekker kêrel tot smartryk vorder... Was dit maar 'n glas of wat korter, het die moegheid nie so oor 'n mens gekom terwyl jy die een ou waarheid na die ander hoor nie.

Van Slabolepszykan 'n mens seker iets met meer trefkrag en styl verwag?

## BOEKE

# Kaviaar en flappertjies vir ontbyt

**Joyce James**



DIE Johannesburgse Kunsmuseum gun jou die geleentheid om te speel dat jy in die eerste wêreld verkeer. Dit is stil, steriel en grafkelderagtig genoeg. Dis nou binne. Want buite krioel die Derde Wêreld - haal huurbussies met handgeskilderde name wat die stempel van eienaarskap op die verweerde waens sit. Mense gesels luidrigtig, koop neute en plastiekoorkrabbers by venters, lees City Press en New Nation. Mense loop enkeldiep in papier en blik. Nêrens is 'n Zeebee om te zap nie.

Al lyk die Kunsmuseum buite soos 'n vergete dekorstel van Ben-Hur, is dit tog nie die uiterlike wat saak maak nie. Binne in die restaurant, waar afdrukke van Franse Impressioniste en Maggie Laubser sy aan sy hang, is dit nie uitspattig nie. Dis Europees gekultiveerd. Net die plek om 'n peperduur boek - 'n beperkte oplaag van 100 teen R950 elk - te loods.

Die sjampanje vloei, ongelukkig nie Frans nie. Maar dit word darem uit lang glase gedrink. "Please keep the glasses away from the book," keer Casper Schmidt, die uitgewer. Die persone wat deur die boek blaai kyk verbaas op, gaan sit hulle glase elders en kom blaai verder. Die boek Skoenlapperheuwel, Skoenlappervrou - bestaande uit 'n gedig van Wilma Stockenstrom en kunswerke van Judith Attwood-Mason - is keurig. Gedruk op spesiale papier, met net die beste linne (uit Nederland) en leer (van plaaslike skape) vir die omslag.

Na 'n halfuur begin die sjampanje trek. En die uitgesoekte gaste gesels (en skinder). Gawe mense: Nic de Jager; Tobie Cronjé, binnekort Charlie's Aunt; 'n sardoniese Gerrit Olivier van Taurus-Uitgewers wat meen "die boek is darem duur"; Dr. Ernst Lindenberg in 'n Afrika-hemp staan rond en gesels.

Annie Basson wat Spaans lyk lag en gesels - mense simpatiseer met haar en Wilma Stockenstrom oor die waarskynlike komplot om die briljante TV-rolprent Uitdraai met so min as moontlik reklame uitgesaai te kry; Casper Schmidt, nie een van die groot digters in Afrikaans nie en woonagtig in New York, staan die pers te woord en praat met religieuse ywer oor die verskeie aspekte, behalwe die prys, wat die boek so spesiaal maak.

Casper Schmidt verduidelik aan iemand hoe moeilik dit was om die regte lettertipe te kry. "Dit moes pas by Judith se sterk visuele styl. Ons het besluit op 'n nuwe lettertipe Visigoth." Dit lees stadiger, stadiger byvoorbeeld as die skrif op die kant van die swart taxi's daarbuite.

"Dit is 'n kunswerk," vertel die digteres. "Ek dink nie gedig staan op sy eie nie. En ek het dit gedoen omdat ek graag saam met Judith wou werk. So 'n kans laat 'n mens nie verby gaan nie."

"Dis 'n wonderlike gedig," laat Petra Pieterse van HAUM-Uitgewers van haar hoor. "Dis jammer dat dit nie vir die volk beskikbaar is nie. Soiets hoort vryelik beskikbaar te wees."

Die lig buite is verblindend wit. 'n Swart kind staan eenkant, een 'n groen spookasem - goedkoop gesponne suiker. Dis nie die suiker van die Skoenlappervrou nie:

Op die heuwel van die
skoenlappers
in die huis met ruimtes lug
in die volheid van haar jare,
sereen en serfyn, daar woon die
vrou
met haar kleingoed en haar
brakkie,
en haar baie blikke suiker:
witsuiker, geelsuiker,
gowwermentsuiker
en blokkiesuiker en suikerkristal.

# 'n Boks wat wyn gou afkoel

**BJ Lankwarden skryf oor vernuwings in die Culemborg-wynreeks**

CULEMBORG is een van die wynreekse op die mark wat die beste verkoop. Dit word deur Uniewyn geproduseer, is uitstekende waarde vir geld en jy het 'n groot keuse in die reeks.

Culemborg het die op die oomblik 'n paar vernuwings op die mark wat hul markaandeel verder behoort te verhoog.

Neem die wynboks as voorbeeld. Het jy al ooit haastig huis toe gekom omdat vriende die aand oorkom en jy moet die boks nog in die yskas sit?

Het jy die Australiërs al gevloek omdat hulle 'n houer ontwerp het wat ten minste 24 uur in die yskas moet wees voordat die wyn werklik koel is?

Jou bekommernisse is op 'n end. Culemborg bemark nou 'n nuwe boks met 'n nuwe handvatsel wat boonop die bonus het dat dit die wyn baie vinnig afkoel.

Baie van ons het al wynbokse na partytjies of braaie geneem en dit met groot moeite daar gekry nadat die handvatsel uit die boks gegly het. Dit was werklik 'n gesukkel.

Culemborg het nou 'n boks vrygestel waar mens twee panele aan die bokant van die boks verwyder en dan dra jy die boks deur jou hand daarin te druk. Dis 'n fantastiese uitvindsel en tog so eenvoudig. Die verdere bonus is dat die wyn baie vinniger afkoel nadat die twee panele verwyder is.

Hierdie uitvindsel is beskikbaar by die Culemborg 51 en die nuwe 21-boks. Maar die 51-boks het nog 'n attraksie, wat slegs by hierdie wynreeks voorkom. Daar is 'n geperforeerde sypaneel aan die bokant van die boks - verwyder dit en jy vind 'n pakkie Safari gesoute neute en rosyntjies van die Droëvrugte-koöp. Hierdie happie-in-die-boks kry jy net in die 51-bokse van die Culemborgreeks.

Al hierdie nuwe uitvindsels is op die somer ingestel - so ook die nuwe byvoeging tot die reeks, Culemborg Light. Dit is 'n wyn met 'n lae alkoholinhoud en is ideaal vir dié wat hul figuurtjies in die somer slank wil hou.

Hierdie wyn word gemaak van Riesling-, Chenin Blanc- en Clairette Blanche-druiwe wat vroeg geoes word. Dit ruik heerlik en het 'n goed gebalanseerde vrugtigheid en geur.

Die wyn is in die 51-boks beskikbaar, asook in die 21-boks, wat spesiaal ontwerp is om in enige yskasdeur te pas. Dit is ook in 21-bottels beskikbaar (die enigste ligte wyn in hierdie gewilde bottelreeks), en in 750 ml- en 250 ml-bottels.

Terwyl ons oor hierdie reeks praat is dit gepas om die heerlike Blanc de Blanc te noem. Baie aande wat ek hierdie wyn geskink het, moes ek nog twee of drie bottels in die yskas sit omdat die eerste bottel op was nog voordat die maaltyd begin het.

Vir dié van ons wat van 'n bietjie soeter wyn hou is die Culemborg Bijou Blanc 'n ondervinding. Dit het 'n interessante geur en 'n vars aantreklike smaak. Culemborg is 'n reeks om dop te hou.




**Die nuwe Culemborg Light in 'n boks met 'n onfeilbare handvatsel en rosyntjies en grondboontjies op die koop toe. In dié boks koel wyn ook baie vinniger af as in ander.**





Est 1987

Yard of Ale

*By die Mark-Teater*

**Kom kuier by ons vir huiskos, goeie wyn en lekker mense**

- **Die ideale plek vir u kersfunksie**

**Bespreek vandag : 836-6611/2**


# Eet elegant en stylvol

**Les Marquis, Fredman-rylaan 12, Sandown**

DIE eerste ding wat jou opval as jy in Les Marquis instap is die groot bosse vars, pragtige rose. 'n Mens wonder wat die blomrekening van hierdie restaurant elke maand bedra - as jy kostes soos hierdie in ag neem moet jy besef jy kan nie verwag om goedkoop te eet nie.

Die diens is flink - miskien 'n bietjie onpersoonlik, afgesien van maitre d' Bill Berry, wat net die regte aanslag het - en die wyn word teen die regte temperatuur bedien.

Die wynlys is formidabel: ek wens ek kon R190 vir 'n bottel goeie Franse sjampanje betaal. Maar gewone sterflinge moet soms met die tweede of derde beste tevrede wees.

As voorgereg het ek vars aspersies, met gerookte salm en 'n roomsous bestel. Die aspersies was nie heeltemal bevredigend nie. Dit was 'n bietjie te sout, en effe draderig. As dit afgeskil is, is dit nie deeglik gedoen nie. Die roomsous het 'n bietjie definisie kortgekom.

My maat het avokado-mousse met Cranberry-sous en gerookte eend bestel. Die gereg het wonderlik gelyk: Die liggroen mousse uit 'n vormpie bo-op die rooi Cranberrysous, met die eend wat daarin gebrokkel is. Die smaakkombinasie was ook uitstekend: die effe neutrale mousse met die soetsuur van die sous en sout van die eend.

As hoofgereg het ek koedoe met 'n rooiwynsous bestel. Volgens Germain Marquis, die eienaar-sjef, is ons Suid-Afrikaanse wildvleis redelik smaakloos. Daarom was die koedoe 'n tyd lank gehang. Hy self het dit lank in rooiwyn gemarineer.

Dié gereg was nie heeltemal bevredigend nie. Die rooiwynsous was heerlik, maar die koedoe was steeds effe smaakloos. Miskien moet hy koedoes uit Namibia probeer.

My maat het as hoofgereg Geroosterde Kalfsnier Lucullus bestel. Die nier word in sy "netvet" gerooster en dan in dun skyfies opgesny - nog mooi rooi. Die meeste Suid-Afrikaners sal nie aan dié gereg raak nie: dis dan rou. Maar die sappigheid en die smaak van die nier word behou. Dié gereg was uitstekend.

Die groente was goed berei en smaaklik, en ek loop nou die gevaar om vas te haak: kan die groente nie in kleinbordjies bedien word nie?

Maar die hoogtepunt van die aand was die nagereg: 'n uitstalling van die volgende op grootborde: droëvye-roomys (heerlik), die klamste sjokoladekoek wat ek in my lewe geëet het (heerlik), mev Marquis se okkerneutkoek (ek kon toe nie meer nie), saam met room, aarbei, vars kersies en kiwivrug.

En om mee af te sluit: goeie koffie, saam met klein broskoekies en die heerlikste nat sjokolade in papierhouertjies.

Nagereg word dikwels in restaurants afgeskeep, selfs in goeie restaurants. Le Marquis ken die waarde van 'n goeie nagereg.

Dié restaurant is onlangs deur American Express Gold Card en Style Magazine as een van die tien bestes in die land aangewys. Dit verdien dié eer.

KOOS COETZEE

# Rooikool en appels en Bocuse

DIT is een van die hoekstene van nouvelle cuisine dat kos sy eie smaak moet behou, skryf Paul Bocuse in die inleiding tot sy kookboek The Cuisine of Paul Bocuse.

Voorheen was daar 'n beheptheid in die Franse kookkuns met vertoon wat baie min met kos te doen gehad het. In nouvelle cousine moet alles met 'n doel gedoen word.

Bocuse maak 'n seebaars, gevul met 'n kreef-mousse, in 'n deegomhulsel gaar. "Jy hoef die deeg nie te eet nie: dit is daar om die sap van die vis binne te hou. Jy hoef ook nie die vulsel te eet nie, omdat dit daar is om die vis klam te hou."

Nouvelle cuisine beteken eenvoudiger, ligter spyskaarte. "Daar is geen behoefte meer aan swaar boeljons en souse nie, lang marinerings en voorbereidings nie."

Die vereenvoudigde voorbereidings beïnvloed ook die gaarmaaktye. "Vis, byvoorbeeld, wat altyd oorgaar is, moet nog pienk op die been wees, hoe vreemd dit ook al vir sommige mense mag klink. Boontjies moet nog bros wees. Pasta moet ferm wees."

Bocuse sê die volgende (en kan ons ou volkie wat hom so graag aan de overdaad skuldig maak, miskien iets hieruit leer?): "Ek vind dat maaltye altyd te groot is. Ek dink jy moet nog effens honger voel wanneer jy van die tafel opstaan."

Hy sê hy onthou altyd wat sy ou grootmeester Fernand Point gesê het: jy kan net goed kook as jy met liefde kook, en vriendskap en broederskap rondom jou tafel skep.

"Die huiskok sowel as die groot sjef moet net geregte kook waarvan hy hou."

Kom ons kyk hoe maak Bocuse 'n klassieke groenteresep - rooikool met appels - eenvoudig gaar.

'n Sjef soos Robert Carriere gooi allerhande kruie by hierdie gereg: dit is totaal onnodig. Die smaak van die kool en die appels kombineer so goed dat dit nie met kruie versteur moet word nie.

*1 vars mediumgroot rooikool*
*sout en peper*
*2 teelepels wynasyn*
*ongesoute botter*
*3 kookappels*
*1 teelepel suiker*

"Hierdie gereg is maklik om gaar te maak en heerlik. Verwyder die stam van die kool en enige verlepte blare. Sny die kool in kwarte, was, verwyder die kern en groot nerwe, en snipper die blare grof.

"Sprinkel met sout en peper en 2 eetlepels wynasyn en meng goed.

"Smeer 'n swaar oondvaste erdepot met 'n dik laag botter, maak dig toe en maak gaar teen 300 grade Fahrenheit (150 grade Celsius) vir twee en 'n half uur.

"Voeg die appels by na twee uur, geskil, ontkern en in kwarte gesny, en sprinkel met 'n teelepel suiker. Stoom nog 'n halfuur lank, en bedien in 'n groenteskottel."

'n Woordjie van waarskuwing: ek dink Bocuse se gaarmaaktyd is dié vir 'n groot hoeveelheid in sy restaurant. Ek vind dit heeltemal lank genoeg om die kool 20 minute gaar te maak, die appels dan by te voeg, en dit nog 'n halfuur of selfs korter in die oond te druk.

Kom ons betuig rooikool en appels die eer om dit as die enigste groente saam met 'n vleisgereg te bedien. Dis 'n uitsonderlike gereg.

KOOS COETZEE

DIE meeste van ons het "interessante" familielede. Stephen Whitehead se "familie" is interessanter as die meeste mense s'n en wou vir ses maande absoluut niks met hom te doen hê nie.

Stephen Whitehead wou deel word van 'n trop wilde bobbejane sodat hy die leerprosesse van jong bobbejane kon bestudeer.

Eksperimenteer jong bobbejane self met kos, of leer hulle hul dieet van hul ouers? Sulke vrae het die basis gevorm vir sy nagraadse projek in dierkunde, wat hy in die Mkuzi-wildtuin aangepak het onder Peter Henzi, 'n sosio-bioloog van die Universiteit van Natal.

Maar dit was makliker gesê as gedaan. Agterstewes wat in die lang gras verdwyn, is al wat hy aanvanklik van hulle te sien gekry het. Sy boomklimtegniek het egter gou verbeter - die wildtuin het 'n baie gesonde renoster-bevolking.



Twee jong burgers van die berge: vrede ná 'n woeste geveg

# Lewe tussen die bobbejane

## Bobbejaan

Vandag praat Stephen "bobbejaan". Wanneer hy hulle vroeg oggend probeer opspoor, blaf hy soos 'n wyfie, kerm hy soos 'n kleintjie en laat hy dawer soos 'n uitgegroeide mannetjie. En hulle antwoord hom.

Hy sê bobbejaan bestaan nie uit woorde nie, maar uit klanke wat wissel in lengte en intensiteit.

Die feit dat bobbejane so volop is dat hulle as 'n las gesien word, is eintlik 'n bewys van hulle oorlewingsvaardigheid - waar ander diere maklik uitsterf, pas hulle aan en vermeerder.

Stephen hoop dat sy navorsing inligting sal lewer wat dit vir boere moontlik sal maak om bobbejaangetalle te beheer sonder om hulle uit te wis.

Stephen se bosfamilie is net so nuuskierig as gewone familie. Nadat hy ons fotograaf aan hulle "voorgestel" het een oggend, het hulle twee vir middagete na sy hoekie in die karavaanpark teruggekeer. Toe ons weer hoor is dit kraak- en ritselgeluide in die lang gras digby ons. Die "familie" het onverwags ingeval om die nuwe besoeker van nader te beskou...

## Geen macho

Stephen se navorsing het 'n paar verrassende feite vorendag gebring.

Daar was geen "macho"-leier wat almal intimideer nie, geen wagte nie en geen misbruik van wyfies was in sy trop te bespeur nie.

"As 'n mannetjie te aggressief raak bondel die wyfies saam, raas dat die son skuiling soek en verwilder die ongewenste mannetjie lag-lag.

"Seks en politiek is net so belangrik in die bobbejaanwêreld as in ons eie. Elke troplid het 'n sekere status en die kleintjies leer gou die "who's who" van hulle gemeenskap ken.

"Byvoorbeeld, as twee kleintjies baklei sodat die ma's tussenbeide moet tree, wen die wyfie met meer status se kleintjie altyd die geveg - al is die ander een fisies sy meerdere.

**Hy blaf soos 'n wyfie, kerm soos 'n kleintjie en laat dawer soos 'n volgroeide mannetjie. En die bobbejane antwoord hom.**

"Al die troplede saam hou hulle oë en ore oop en sodra een onraad bespeur maak hy die ander attent daarop. Die leier weer moet veral op sjarme staatmaak om ondersteuning te werf," sê

**Elizabeth Badenhorst**

Stephen.

## Leer loop

Hoe word 'n mens nou eintlik deel van 'n bobbejaanfamilie?

"Wel eerstens leer jy loop... 'n mens se normale loop en die reguit afpyl op iemand wat tipies is van homo sapiens is onaanvaarbaar vir die 'familie'.

"My 'bobbejaanloop' is 'n mengsel van John Travolta se stayin' alive-stap en dié van 'n meisie met groot heupe (self is hy so maer soos 'n spaghetti-stokkie).

"Bobbejane aanvaar vrouebesoekers wat ek saamneem baie makliker as mans - hul liggaamstaal is minder intimiderend. En mens benader bobbejane met so 'n halfmaandraai en jy kyk hulle nie in die oë nie - dis 'n teken van aggressie.

"Ek maak of ek gewoon maar in die omgewing is om kos te soek - net soos hulle. Ek druk stokkies, gras en sulke dinge in my mond en krap na onsigbare vlooie. As jy te geïnteresseerd in hulle voorkom, maar dit hulle ongemaklik en beweeg hulle weg."

Die lewe saam met "Ringo", "Darth Vader" en "Flash Gordon" (name wat aan die "familie" gegee is na aanleiding van hulle persoonlikhede) was wel

**"As 'n mannetjie te aggressief raak, bondel die wyfies saam, raas dat die son skuiling soek en verwilder hom lag-lag."**

interessant, maar baie eensaam.

Vir maande was sy enigste geselskap 'n radio en sy notaboeke. Nudisme kon hy in en om sy karavaan met lus beoefen - daar was net die goggas as getuies. "Ek het naderhand 'n alter ego ontwikkel en met dié gedebatteer en baklei. Uiteindelik het ek besef dis 'n gevaarlike speletjie en die spook is verban.

"In 1989 gaan ek my tesis skryf en daarna wil ek reis en veral in plekke wees waar daar baie mense is."

## Noodlot

Stephen se projek het ongelukkig 'n noodlottige nadraai gehad. Laat Oktober het 'n Skotse student, Joanna Copley, haar by hom aangesluit om die navorsing wat hy begin het, voort te sit terwyl hy sy tesis skryf.

Vyf dae ná haar aankoms in die wildtuin is sy deur 'n renoster aangeval en het aan haar wonde beswyk. Stephen, wat haar lyk vir kilometers deur die bos moes dra tot by die grootpad, is erg deur haar dood ontstel en het tydelik by familie oorsee gaan kuier om weg te kom.

# VERMAAK

## Teatergids

*****Uitstekend
****Goed
***Middelmatig
**Ondergemiddeld
*Swak
Waar sterretjies nie verskyn nie beteken dit dat die produksie nog nie beoordeel is nie.

*******FRANKIE AND JOHNNY AT THE CLAIR DE LUNE,** Leonard Rayne-Teater, Doornfontein, Johannesburg. 'n Deernisvolle en teer komedie deur Amerikaner Terrence McNally. Dit handel oor twee siniese liefdeswrakke wat op 'n aand die helende genade van maanlig en musiek belewe. Skitterende spel deur Jana Cilliers en Bill Flynn.

******LILLIAN,** Upstairs by die Markteater, Newtown, Johannesburg. Sandra Duncan lewer 'n kragtoer in hierdie eenvroudrama deur William Luce oor die lewe van die beroemde Amerikaanse dramaturg Lillian Hellman.

****LETTICE AND LOVAGE,** André Huguenet-Teater, Hillbrow, Johannesburg. 'n Oordadige en verbeeldinglose vertolking van Peter Shaffer se jongste komedie oor twee bejaarde vroue wat in die greep van die geskiedenis en die teater vasgevang is. Met Moira Lister, Paddy Canavan, John Hussey en Charlotte Butler.

*****TRAVELLING SHOTS,** Windybrow, Hillbrow, Johannesburg. 'n Reeks snaakserige sketse deur bekroonde dramaturg Paul Slabolepszy oor die wese van Suid-Afrikaans wees. Met James Borthwick, Jacqui Singer, Stephen Jennings en ander.

******ALADDIN,** Alexander-Teater, Braamfontein, Johannesburg. 'n Skreeusnaakse gebarespel deur Janice Honeyman. Ideale vermaak vir die hele gesin. Met Jenny De Lenta, Jeremy Taylor, Nomsa Nene, Glenn Swart en ander.

***SINGIN' IN THE RAIN,** Opera Staatsteater, Pretoria. 'n Musiekspel wat 'n treffer kon gewees het. Jammer net van die regie en choreografie! Met Tim Plewman, Mike Huff, Carol-Ann Kelleher en ander.

**** THE ILLUMINATI,** Black Sun, Orange Grove, Johannesburg. 'n Satiriese revue wat nie heeltemal daarin slaag om met godsdiens die draak te steek nie. Daar is amusante oomblikke, maar in die algemeen is dit redelik vervelig. Met Soli Philander en Robert Colman. Black Sundaes met Joanna Weinberg en Tonia Shelley is elke Woensdag, Vrydag en Sondag-aand om 10.30 te sien. Steve Newman en Tony Cox tree nog net vanaand, Saterdag en Sondag-aand om 10.30 op. Veelsydige Afrikaanse straatprofeet André Letoit begin Saterdag-aand om 10.30.

******AH-MEN,** Dalro, Windybrow, Johannesburg. 'n Satiriese revue deur Deon Opperman waarin die manlike homo-sapiens van anderby bekyk word. Met Deon Opperman, Bruce Fields en David Alcock.

**IT'S ALL FRIGHT BY ME,** No 58 Hillbrow. Deel twee van die baie gewilde toneelstuk met dieselfde naam wat vroeër vanjaar op die planke gebring is. Steve Walsh en Fiona Ramsey lewer onvergeetlike vertonings met hul uitbeeldings van musiekrillers wat dateer uit Rocky Horror Picture-dae. Kai Horsthemke op bas.

### BAXTER-TEATER

Mainstraat, Rondebosch

**BIRDS OF PRAY** in die hoofteater. Jennifer Ferguson se meesleurende konsert wat Suid-Afrika in al sy tragedie vasvat. Nog vanaand en Saterdag-aand te sien. Van Maandag tot Donderdag word Agatha Christie se **MURDER ON THE NILE** hier opgevoer.

**DISTRICT SIX - THE MUSICAL** in die konsertsaal. Die baie gewilde musiekblyspel met David Kramer en Taliep Pietersen is nog tot 24 Desember te sien.

**SLEEPING BEAUTY** in die Studio, is 'n kindervertoning wat smiddae tot 21 Januarie opgevoer word. Die aand-opvoering word om die beurt deur Thandi Claasen en Danièle Pascal met The Power of Piaf behartig.

### NICO MALAN-TEATER

Rondebosch

**CREAM PASSIONS** in die Arena word nog tot 7 Januarie aangebied.

**DIE VROLIKE WEDUWEE** in die Operahuis is 'n balletweergawe van Frans Lehar se gewilde operette, en duur tot 11 Januarie.

**THE MIKADO**, Gilbert en Sullivan se gewilde operette.

### THEATRE ON THE BAY

Kampsbaai

'n Splinternuwe teater verrys uit die ou Phoenix-teater. Dit word op 10 Desember geopen met die gewilde musiekspel **NUNSENSE**. Dit word aangebied tot einde Februarie. Met o.a. Kate Normington, Natalie Gamsu, Gaby Lomberg en Suzanne Braun. Regie deur Tobie Cronjé.

## Musiekgids

**JAMESONS BAR,** Commissionerstraat. Die voorste aanbieder van oorspronklike plaaslike musiek met oorblyfsels van OU Johannesburg. Nie te duur nie en die lugreëling werk. 'n Wye verskeidenheid SA musiek: van mbaqanga tot pseudo-samba. Gehore wissel met die musiek wat aangebied word met 'n paar herkenbare "locals". Jazz by die Saterdagmiddagete, geen toegangsfooi. Die Gereformeerde Blues Band tree vanaand en Saterdag-aand op. Dinsdag en Woensdag is Moosa aan die beurt en Donderdag-aand speel 'n anonieme rock-groep van Durban vir die eerste keer in Johannesburg. Moosa tree ook op. (Tel. 836-6002).

**ROXY RHYTHM BAR,** Mainstraat, Melville. Steeds die nr.1 plek vir yuppies en aspirant-yuppies om by gesien te word. Vanaand: African Jazz Pioneers. Saterdagmiddag: City Gents, Little Sister. Aand: The Jive. Maandag: Zia. Dinsdag: Little Sister. Woensdag: Roots. Donderdag: Mike Faure en Steam Machine. Vrydag: African Jazz Pioneers. Tel: 726-6019.

**THE JUNCTION,** h/v Breë- Claimstraat. Klein dansplek maar lekker biljartkamer en 'n daktuin wat gebruik kan word deur idiote wat nog verlief raak. Die ouer rock en "new wave" -musiek wat hier gespeel word, is 'n welkome afwisseling van die disko-twak op ander plekke. Chris Prior en Neil Johnson is soms op Saterdagaande die platejoggies.

**KIPPIE'S,** Markteater, Newtown. Township-jazz en sy meer voorstedelike ekwivalent. Thetha tree tans elke aand daar op. (Tel. 832-1641)

**No 58,** Hillbrow. Johannesburg se gewilde kabaret-kroeg. Duur maar die moeite werd vir die vertoning It's all Fright By Me - Part 2. Met Fiona Ramsey, Jenny da Lenta en Steve Walsh.

**BONES,** Rosebank Restaurant met buitelug-biertuin vir Jo'burg yuppies en aspirant-yuppies. Vrydag: Naughty Boys met rock/blues-veteraan Larry Amos. Saterdagmiddag: Rush Hour. Saterdagaand: Diamond Dogs. Woensdag: Little Sister. Donderdag: Double Image.

**THE THUNDERDOME,** h/v Claim- en Noordstraat. "Mega" -disko, kroeë en groepe. Baie spieëls en hoë hakke. Oop van Dinsdae tot Saterdae. Die nuwe gereelde orkes is Cinema, wat met lasers, ligte en video's vermaak verskaf aan die tieners. (Tel. 238-788)

**RUMOURS,** Rockeystraat. 'n Tipiese Rockeystraat laataand "joint" vir mense wat soms werk ook. (Tel. 648 4605)

**LATE NITE DUKE'S** in Melville - Laatnag alternatief vir Rockeystraat. Oop van vyfuur smiddags tot baie laat saans en Saterdae vir middagete ook. Etes word sewe dae van die week tot laataand bedien. Woensdag tot Sondag Rudi and Friends en Saterdagmiddag die solis Pierre van Staden. (Tel. 726 8400)

**RAKE'S WINE BAR** Ridgestraat 20 Parktown. Eintlik 'n ou huis met groot tuin wat vir ontspanningsdoeleindes opgeknap is. Ligte etes op die grondvloer met Longhorn-tipe biefstuk op die boonste verdieping. Dixieland-jazz deur die Jazz Aces op Saterdae tussen een- en vyf-uur. Die blues/rockgroep Roots is Sondae aan die beurt.

**CLUB MANZATTAN,** Moletsane, Soweto. Hoër-inkomstegroep-disko. Oop van elfuur die aand. Op Maandae en Dinsdae is toegang gratis. Twee gratis biere op aande wanneer toegang gevra word. Ledegeld R10. Alle soorte musiek. (Tel. 930-1735)

**IDOLS.** Bokant van Endstraat. Lang toue van ongemaklik entoesiastiese jollers buite. Musiek en plesier vir die tiener-yuppies. (Tel. 402 7840)

**CAPONE'S,** Louis Bothalaan 440. Restaurant met orkes. Woensdag: Alan Gold. Donderdag: Meisies se aand. Vrydag: Alan Gold. Saterdag: Hilton Chilchick & Dave. Sondag: Jazz. (Tel. 640 7582)

**EASY BY NIGHT,** Natalspruit. Vir hoë-inkomstegroep-jollers. Baie gewild onder Sowetane op Woensdag-aande. Speel saam as jy 'n BMW het. (Tel. 864-4748)

**CLUB STATUS,** Fun Valley. Disko met baie dansplek. Syndicate met Ronnie Joyce is die gereelde orkes in die pas opgeknapte klub. (Tel. 945-1001/2)

**HARD ROCK CAFE,** Oxfordlaan 204, Illovo. Baie gewilde tiener-uithangplek wat so goed doen dat hulle selfs t-hemde suksesvol bemark. Middag- en aandete op die maat van bekende treffers, laat herleef deur Alzec wat Woensdae en Sondae optree.

**KING OF CLUBS,** h/v Mark- en Von Wiellighstraat. Hi-NRG gemors op boonste verdieping op Woensdae, Donderdae, Vrydae, Saterdae en Sondae. Disko-mbaqanga op die onderste verdieping. Toegang: R3. (Tel. 331-6727)

**BLUES,** 165 Marshallstraat. Word meestal besoek deur wesens van die Noordelike voorstede (ouderdom tussen 25 en 35). Disko-musiek, flitsende ligte, spieëls, mense met grimering... daai soort van ding.

## Disko-mbaqanga vir Athlone!

VAN die gewildste township-disko-kunstenaars tree môre by die Athlone-stadion op in die Radio Xhosa/Lion Lager Roadshow.

Op die lys is onder meer die koning van neo-reggae, Lucky Dube, die prinses van disko-mabaqanga Brenda Fassie, haar sussie Lindi wat deesdae 'n naam vir haarself as solo-kunstenaar uitkerf, Lazarus Kgaodi, Ali Katt, die lang-verlore maar immer-welkom Sankomota (laas op die kruin met die eerste Shifty langspeler), Peto (wat vir die Kersseisoen in Kaapstad is), Rebecca (nog 'n Shell Road to Fame-wenner, Mercy Pakela en 'n groep met die naam van Cokes en Cola...

Dit hou heeldag aan, so bring 'n reënjas en biltong-toebroodjies.

**FERGUSON BY BAXTER**

Vanaand en môre-aand is die laaste geleenheid om Jennifer Ferguson se Birds of Pray op gemaklike stoele by die Baxter te sien. Sy sal darem nog by die klubs optree.

**BLOED SWEET EN SNARE**

Sweatband stuwe voort by Paschas. Daar is darem genoeg spieëls om hulleself in te sien in geval niemand anders opdaag nie.

**THANDI KLAASEN BY DIE JAZZ DEN**

'n Tydgenoot van al die bekende stemme van die vyftigerjare (Makeba, Rathebe, Khubeka, Mbulu) wat nog op haar voete is, tree Sondag by die Jazz Den op. Thandi Klaasen het nog niks van haar "swing" verloor nie. Verwag nostalgiese musiek-verwysings na die marabi en umgqashiyo van weleer met 'n paar unieke nuwe wendings.

**PETO BY THE BASE**

Peto stel vandeesweek hulle nuwe langspeler bekend in Kaapstad. Hulle tree van Woensdag tot Saterdag by The Base op.

**SKIN**

Die nuwe klub in Seepunt, Skin, het verlede week met Gotiese basuingeskal geopen. Robbie Jansen tree Donderdagaand daar op. Jazz-aanhangers kan ook stroom na Heaven (ook in Seepunt) om vir Tony Schilder te gaan kyk.

## Galerygids

**Die Johannesburgse Kunsmuseum** Joubertpark, Kleinstraat. "Die Verwaarloosde Tradisie: Met die oog op 'n nuwe geskiedenis van Suid-Afrikaanse kuns (1930-1988)". 'n Uitstalling van 95 swart Suid-Afrikaanse kunstenaars se werk. Tot 8 Januarie. "Mite en Fantasie in Drukkemakery": 'n Uitstalling van drukke wat karakters en vertellings met 'n mitiese of fantasiese aard uitbeeld. Tot 29 Januarie.



Pieter House se Zebra

**Kim Sacks-galery** Cavendishstraat, Bellevue. Die galery en potterbakkersentrum open met 'n uitstalling van verskeie soorte handwerk - keramiek, houtwerk, tekstiele en juwele. Die uitstalling word "Expressions of Africa genoem" en stel werk vanoor die hele vasteland uit.



Vincent Baloyi: The Wind

**Goodman-galery** Hyde Square 3b, Hyde Park. Geverfde houtbeelde van Sekukune-kunstenaar Johannes Segogela. Olie-pastel portrette en stillewes deur Triënnale-wenner van die meriete-toekenning, Keith Dietrich. Tot 17 Desember.

**Markteater-galery:** Markteater-kompleks, Newtown. Foto's van Modderfontein, deur Ivan Muller. Val saam met die internasionale dag van menseregte op 10 Desember. Ook The Black Sash se fotografiese uitstalling, met bydraes van Gideon Mendel, Omar Badsha, Gisele Wulfsohn, Paul Weinberg en andere. Die beeldhouer Kevin Brand se "Nineteen Boys Running" is gegrond op die Uitenhage-slagting waarin 19 jeugdiges in 1985 dood is.

**Gallery on the Market** Wolhuterstraat 49, Newtown. 'n Groepuitstalling van meer as 20 plaaslike kunstenaars se werk, waaronder Bettie Cilliers-Barnard, Isolde Krams, Guy du Toit, Villa en Braam Kruger. Tot 17 Januarie.

**Galery 21** Derde Vloer, Victory House, Harrisonstr. 'n Groepuitstalling deur verskeie Suid-Afrikaanse kunstenaars. Tot 31 Desember.

**Karen Mc Kerron-galery** Mandeville straat 42, Rosebank. Bryanston "Mirrors". 'n Uitstalling geborg deur PG Glass. Bekende kunstenaars soos André Naude, Margaret Vorster en Isolde Krams het kunswerke uit spieëls gemaak. Tot 15 Desember.

**Gertrude Posel-galery** Senate House, Wits New Aquisitions: Die beste werke wat vanjaar deur Wits se galery aangekoop is. Tradisionele handwerk-stukke is ook ingesluit. Tot Februarie.

**Pretoria Kunsmuseum** Arcadia-park. 'n Uitstalling van werk van "Die Nuwe Groep". Dit sluit kunswerke van Gregoire Boonzaaier, Frieda Lock, Terence McCaw, Lippy Lipschitz en Walter Battiss in. Tot 1 Januarie.

**Cassirer Kunsgalery** Mutual Plein, Rosebank. Kersfees uitstalling: 22 plaaslike kunstenaars. Tot einde Desember.

**Les Art International** The Mews, Rosebank. Werke van oorlede bleek pop-profeet Andy Warhol sowel as van Chagall, Gaugin, Paul Klee, Picasso.

**Natalie Knight-galery** Hyde Park-sentrum. 'n Kersuitstalling van ongewone plaaslike en oorsese kunswerke, "Innovations", duur tot 31 Desember (reproduksies van Picasso, Cocteau-borde, grafiese drukke). 'n Uitstalling van kunswerke op papier deur Arne Bass duur tot 15 Desember. 'n Veiling van internasionale en plaaslike kunswerke ten bate van liefdadigheid op 11 Desember.

**Pateggebou-Galery** Richardstraat 222, Pretoria. Beelde en skilderye deur bekende Suid-Afrikaners soos Eduardo Villa, Judith Mason, Hannes Harris en Penny Siopis.

**Johannesburgse Kunsstigting** Eastholdweg 6, Saxonwold. Werke van Grant Chapman en Robert Gilpin.

**Sanderling-galery** Smalstraat Mall Ronnie van der Walt se keramiekvoëls word uitgestal tot einde Desember.

**Pimstraat 60, Newtown Theresa Naudé en vriende hou 'n groepsuitstalling by haar juweliers-werkwinkel by Mega Music. Die adres is Pimstraat 60, Newtown. Philip Schedler stal geverfde foto's uit, William Steyn grafiese tekennge, Charles Peers meubels, Suzanne Alexander en Susan Thirion geverfde materiaal, Alex Trinkl objets d'art en Arletta Franks en Aré van Schalkwyk skilderye. Saterdag van tien- tot vyf-uur, en Sondag van vier-uur af. Die party is Sondag.**



Gerard Sekoto: Street Scene

## Filmgids

*** - Hoog aanbeveel
** - Sien gerus
* - Vermy as jy nugter is

*****BIG**
Tom Hanks speel die rol van 'n seuntjie wat letterlik te groot raak vir sy skoene. Sy wens om grootmens te wees, word waar. Die gevolg is natuurlik 'n seuntjie in die liggaam van 'n man, wat regtig nie van hom 'n uitsondering maak nie. Tog is dit 'n verfrissende manier om kommentaar te lewer oor volwasse neuroses.

***** THE UNBEARABLE LIGHTNESS OF BEING**
Gegrond op 'n boek deur Milan Kundera. Die verhaal speel af teen die agtergrond van die Russiese inval in Praag in 1968. Met Daniel Day Lewis, Juliette Binoche en Lena Olin.

**** HANNA'S WAR**
Die ware verhaal van 'n naïewe jong vrou (Hanna Senesh) wat glo dat sy, met behulp van haar vriende, mense uit Hitler se konsentrasiekampe kan red. Sy beland self in die tronk.

**** THE RAGGEDY RAWNEY**
Bob Hoskins, die Britse filmvonds van die eeu, se debuut as regisseur. Hy speel ook self die rol van 'n man wat genoeg van die weermag gehad het, dros, homself vermom as 'n vrou en aansluit by 'n groep sigeuners. Die groepleier se pragtige dogter, Jessie, ontmasker hom, en die tweetjies raak verlief.

*** TEEN WOLF TOO**
Jason Bateman speel die rol van Todd Howard, die neef van die oorspronklike Teen Wolf in hierdie opvolg-film. Todd is vasbeslote om die familievloek vry te spring, maar sy goeie voornemens is van korte duur. By 'n kollege-dans, in die arms van 'n pragtige meisie, sien hy homself in die spieël...

***** THE MODERNS**
'n Film Noir-agtige weergawe van die laaste stuiptrekkings van die Paryse avant garde van die 1920's. Dit gaan oor die tyd toe die bistro's van Montparnasse en die Seine se linker-oewer vol skrywers en kunstenaars soos Hemingway en Picasso was. Keith Carradine speel die rol van 'n vervalser wat omring is deur verleidsters met vreemde motiewe.

***** BEAST OF WAR**
Nie net maar nog 'n oorlogsfliek nie. Eerder 'n briljante uitbeelding van Afghaanse wraak teen die Russiese besetting waarin 'n Russiese tenk (the Beast) tot mitologiese status deur die rebelle verhef word. Uitstekende kinematografie.

**** THE SEVENTH SIGN**
Bratpacker Demi Moore speel die rol van 'n vrou wie se ongebore baba moontlik die wêreld kan verander. Die Wederkoms van "Jesus" bring die apokaliptiese sewe tekens van Openbaring daarmee saam. Dit is ook die aankondiging van die begin van die einde van die wêreld. 'n Dramatiese rolprent vol doem en ander profesieë. Ook met Jürgen Prochnow.

* A NEW LIFE
Daar is blykbaar 'n baie lekker nuwe lewe ná 'n egskeiding, vertel dié prent waarin Alan M*A*S*H Alda die hoofrol speel, die regie behartig en die draaiboek geskryf het. Die vrou wat hy los is Ann-Margaret en die nuwe een is Veronica Hamel, beter bekend as die wysneusige advokaat in Hill Street Blues.

*** BABETTE'S FEAST
Dié film, wat 'n Oscar as die beste buitelandse prent gewen het, handel oor die invloed wat 'n vlugteling van die Communard-opstand in Parys (en spesifiek haar kookkuns) het op 'n klein dorpie op die Jutlandse kus in Denemarke. Gegrond op 'n roman van Isak Denisen.

* ARTHUR 2 ON THE ROCKS
Dudley Moore doen weer wat hy beter as enige ander Britse akteur korter as drie voet doen... rondstrompel en manies giggel. In Arthur 2 verloor hy al sy geld. Dit laat hom net meer drink. Sy geesdriftige teruggetrokke lyfbediende se latente "sin vir humor" kom ook tot uiting. Liza Minelli, die kelnerin wat met hom getrou het, staan hom by deur dik en dun.

* QUEST FOR LOVE
'n Plaaslik vervaardigde rolprent oor die liefde tussen vrouens en die onafhanklikheidswording van 'n Afrikaland as temas. Losweg op 'n roman van Gertrude Stein gegrond. Met Jana Cilliers, Sandra Prinsloo en Joanna Weinberg.

** BRIGHT LIGHTS BIG CITY
Michael J Fox speel in die film-weergawe van die veelbesproke novelle met dieselfde naam deur Jay McInnerney. Dit gaan oor die verval van 'n kokaïen-dronk New York yuppie wat probeer om die dood van sy ma en die verlies van sy jong model-vroutjie te verwerk. Phoebe Cates vertolk die rol van die vrou.

*** THE MILAGRO BEANFIELD WAR
Beskik oor al die elemente van misterie en surrealisme wat gewoonlik aan die moderne Latyns-Amerikaanse novelle toegeskryf word. Verbasend goeie regie deur die wêreld se verveligste man, Robert Redford. Hooftema is die kleindorpse gemeenskap se stryd teen die monsters van groot industrie wat hulle geboortereg bedreig. Goed vertolk deur 'n filmspan wat bestaan uit 'n vark, 'n eksentrieke spook en twee vurige vroue.

** THE BLUE IGUANA
Die geeste van Dashiell Hammet en Louis l'Amour smelt saam in een konsep met Blue Iguana. Al die gewone visuele en verbale "one-liners" en cliches uit die Film Noir en die klassieke Western met die verskil dat alles in BLOU geskied. Seker een van die "hipste" flieks om by gesien te word hierdie seisoen.
Met Dylan McDermott, Jessica Harper en James Russo.

* THE PRESIDIO
Sean Connery vertolk die rol van 'n weermag-bevelvoerder en Mark Harmon is die speurder wat moet saamwerk om 'n gewetenlose moordenaar te vang. Hul grootste probleem is dat hulle mekaar nie kan verdra nie.

* BIG BUSINESS
Bette Midler en Lily Tomlin haal dieselfde streek uit as Donald Sutherland en Gene Wilder in Start the Revolution van sowat vyftien jaar gelede. Hulle is twee pare identiese tweelinge wat met geboorte omgeruil word. Nou is een klomp ryk en die ander arm en wanneer hulle by mekaar uitkom, spat nie net vonke nie.

*** SWEET COUNTRY
Michael Cacoyannis ondersoek die gevolge van onbeperkte mag vir die staat. Met Jane Alexander, Carol Laure en Randy Quaid.

* DONA FLOR AND HER TWO HUSBANDS
Dona Flor is 'n weduwee wat weer trou en dan na haar eerste man verlang. Hy "kom terug" en veroorsaak heelwat probleme.

** GOOD MORNING VIETNAM
Die ander kant van Viëtnam-flieks. 'n Platejoggie (Robin Williams) beur die troepe op met aardse humor, die vyftigerjare se rock-musiek en 'n vars lewensuitkyk.

* SIESTA
'n Erotiese drama met eienaardige redigeringstegnieke propvol gestileerde seks, jaloesie en doodslag. Met Ellen Barkin, Gabriel Byrne, Isabella Rossellini en Grace Jones.

** THE WOO WOO KID
Dis 'n gek maar waar storie van 'n veertienjarige seun wat 'n twintigjarige getroude vrou ompraat om saam met hom weg te loop. Die vrou word daarvan aangekla dat sy 'n minderjarige ontvoer het, terwyl die mannetjie 'n reputasie as 'n minnaar kry. Met Patrick Dempsey en Beverly D'Angelo.

***** (hie hie) GOR
Gebaseer op die fantasieromans van John Norman. 'n Moet vir aanhangers van Gotiese fantasie-comics en niemand anders nie. Met whiskey-neus veteraan Oliver Reed.

** WHITE MISCHIEF
Moord en liefde in koloniale Kenia, gegrond op 'n ware verhaal. Met Greta Scacchi, Charles Dance en Sarah Miles. Regie: Michael Radford.



Demi Moore in The Seventh Sign

## Die Afrikaanse weergawe van Kinekor se filmgids kom ongelukkig te laat om te plaas

# Kaapstad


STER-KINEKOR 9-15 DECEMBER 1988
MOVIES
CINEMAS — Advance Booking at Computicket (Enquiries (021) 21-4715)

**Maynard Mall Wynberg**
MAIN ROAD, TEL. 71-0131
DAILY: 9.45, 12, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm • TOM HANKS • BIG — Have you ever had a really BIG SECRET? (All)
DAILY: 9.45, 12, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm • BILL MURRAY • SCROOGED — Hysterical comedy. (All)
DAILY: 9.45, 12, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm • SHWARZENEGGER, BELUSHI • RED HEAT — Moscow's toughest detective, Chicago's craziest cop (2-19)
DAILY: 9.45, 12, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm • THE MOTION PICTURE • SALSA – IT'S HOT! — Hottest, dirtiest dancing of the season (All)

**Protea Claremont**
MAIN ROAD, TEL. 61-7979
DAILY: 9.45, 12, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm • Number 5 is back... • SHORT CIRCUIT 2 — JACK WESTON • CYNTHIA GIBB — The feel-good movie of the season. (All)
DAILY: 9.45, 12, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm • TOM HANKS • BIG — Have you ever had a really BIG SECRET? (All)
DAILY: 9.45, 12, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm • BOB HASKINS • WHO FRAMED ROGER RABBIT — A wacky comedy for everyone!

**Constantia Rosebank**
MAIN ROAD, TEL. 686-6649
DAILY: 9.45, 12, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm — Even in war the human spirit triumphs. THE BEAST OF WAR — Drama. (2-16)
DAILY: 9.45, 12, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm — Academy Award winner for Best Foreign Film BABETTE'S FEAST (WITH SUB-TITLES) — Outstanding dramatic entertainment (All)
DAILY: 9.45, 12, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm — A POIGNANT VISION OF THE CROSSROADS OF YOUTH AND ADULTHOOD! LE GRAND CHEMIN — French with English sub-titles (2-18)

**Tyger Valley**
Tyger Valley Centre, Bellville Tel. 97-6710
DAILY: 9.45, 12, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm • Number 5 is back... • SHORT CIRCUIT 2 — JACK WESTON • CYNTHIA GIBB — The feel good movie of the season (All)
DAILY: 9.45, 12, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm • TOM HANKS • BIG — Have you ever had a really BIG SECRET? (All)
DAILY: 9.45, 12, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm • BOB HASKINS • WHO FRAMED ROGER RABBIT — A wacky comedy for everyone!
DAILY: 9.45, 12, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm • THE MOTION PICTURE • SALSA – IT'S HOT! — Hottest, dirtiest dancing of the season (All)

**Elite Sea Point**
SEA POINT, TEL. 44-8941
DAILY: 10.30, 2.30 pm THE CARE BEARS ADVENTURE IN WONDERLAND — Super holiday fun.
DAILY: 5.30, 8.30, 10.15 pm • SHWARZENEGGER, BELUSHI • RED HEAT — Moscow's toughest detective, Chicago's craziest cop (2-19)

**Golden Acre**
CITY, TEL. 25-2720
DAILY: 9.45, 12, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm • Number 5 is back... • SHORT CIRCUIT 2 — JACK WESTON • CYNTHIA GIBB — The feel-good movie of the season (All)
DAILY: 9.45, 12, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm • TOM HANKS • BIG — Have you ever had a really BIG SECRET? (All)
DAILY: 9.45, 12, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm • BOB HASKINS • WHO FRAMED ROGER RABBIT — A wacky comedy for everyone!

**Monte Carlo**
FORESHORE, TEL. 25-3052
DAILY 9.45, 12, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm THE BLUE IGUANA (2-16)
DAILY: 9.45, 12, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm • KEITH CARRADINE • • GERALDINE CHAPLIN • THE MODERNS — Adult Drama. (2-18)

**Kine Parow**
Sanlam Centre, Parow Tel. 92-5126
DAILY: 9.45, 12, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm • Number 5 is back... • SHORT CIRCUIT 2 — JACK WESTON • CYNTHIA GIBB — The feel-good movie of the season. (All)
DAILY: 9.45, 12 noon ONLY THE CARE BEARS ADVENTURE IN WONDERLAND — Super holiday fun.
DAILY: 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm • SHWARZENEGGER, BELUSHI • RED HEAT — Moscow's toughest detective, Chicago's craziest cop (2-19)

**Stellenbosch**
TEL. (02231) 4464
DAILY: 10.30, 2.00, 4.15, 6.30, 8.45 pm • Number 5 is back... • SHORT CIRCUIT 2 — JACK WESTON • CYNTHIA GIBB — The feel-good movie of the season. (All)
DAILY: 11, 2.15, 4.30, 6.45, 9.00 pm • BILL MURRAY • SCROOGED — Hysterical comedy (All)
DAILY: 10.30, 2.00, 4.15, 6.30, 8.45 pm • SHWARZENEGGER, BELUSHI • RED HEAT — Moscow's toughest detective, Chicago's craziest cop (2-19)
DAILY: 11, 2.15, 4.30, 6.45, 9.00 pm • THE MOTION PICTURE • SALSA – IT'S HOT! — Hottest, dirtiest dancing of the season (All)

**Somerset West**
TEL. (024) 2-5581
DAILY: 10.30, 2.15, 4.30, 6.45, 9.00 pm • TOM HANKS • BIG — Have you ever had a really BIG SECRET? (All)
DAILY: 11, 2.30, 4.45, 7.00, 9.15 pm • BOB HASKINS • WHO FRAMED ROGER RABBIT — A wacky comedy for everyone!

**DRIVE-INS**
★ NIGHTLY AT 8.30 pm ★ R9,00 per Car, Combi, or L.D.V. for 2 Films
Goodwood-Tel 54-4339: SALSA – IT'S HOT! — Hottest, dirtiest dancing of the season (All); AMERICAN NINJA 2 — Action karate (All)
Seabreeze – Tel 75-1821: BIG — TOM HANKS (All); LA BAMBA — The true story of Richie Valens (2-10)
Skyvue – Tel 903-5130: WHO FRAMED ROGER RABBIT — BOB HASKINS A wacky comedy for everyone; CAN'T BUY ME LOVE — PATRICK DEMPSEY. Comedy (All)
• ADGRAPHICS •



STER-KINEKOR 9 DECEMBER – 15 DECEMBER BOOK AT COMPUTICKET ENQUIRIES (011) 28-3040 – ALL WELCOME
MOVIES — ALL CINEMAS CLOSED FRIDAY DECEMBER 16
PRETORIA COMPUTICKET ENQUIRIES (012) 322-7460

**CENTRAL**
KINE ENTERTAINMENT CENTRE 331-3841/2 — Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
SHORT CIRCUIT 2 (A) HE'S NUTS! HE'S BOLTS! HE'S HERE! THAT HILARIOUS ROBOT IS BACK!
BIG (A) HAVE YOU EVER HAD A REALLY BIG SECRET? A HILARIOUS COMEDY WITH TOM HANKS!
WHO FRAMED ROGER RABBIT? (A) A MAN, A WOMAN, A RABBIT, IN STEVEN SPIELBERG'S LATEST HIT COMEDY!
RED HEAT (2-19)
ARTHUR 2 – ON THE ROCKS (A)
BIG BUSINESS (A)
THE SEVENTH SIGN (2-16)
BLACK EAGLE (A)
Daily: 10.00, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm DIE HARD (2-18)
COMING ATTRACTIONS 23 Dec – BULL DURHAM; 23 Dec – LICENCE TO DRIVE

**NORTH**
SANDTON CITY 1-7 783-4430/1 — Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
SHORT CIRCUIT 2 (A) NO 5 IS ALIVE AND WELL AND BACK TO CAPTURE YOUR HEART! A COMEDY!
BIG (A) MAKE A WISH AND PREPARE FOR A BIG EXPERIENCE! A COMEDY WITH TOM HANKS!
WHO FRAMED ROGER RABBIT? (A) ONE RABBIT IN A WHOLE LOT OF TROUBLE! A STEVEN SPIELBERG COMEDY!
RED HEAT (2-19)
SALSA (A)
Daily: 10.00, 12.00 pm CARE BEARS ADVENTURE IN WONDERLAND (A)
Daily: 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm BIG BUSINESS (A)
ARTHUR 2 – ON THE ROCKS (A)
COMING ATTRACTIONS 23 Dec – BULL DURHAM; 23 Dec – LICENCE TO DRIVE

**EAST**
EASTGATE 1-6 622-3617/8 — Mon-Thurs: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm; Fri-Sat: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.30 pm
SHORT CIRCUIT 2 (A) NO 5, THAT HILARIOUS ROBOT IS BACK AND TRYING TO SURVIVE THE BIG CITY!
BIG (A) MAKE A WISH AND PREPARE YOURSELF FOR A REALLY BIG EXPERIENCE! WITH TOM HANKS!
WHO FRAMED ROGER RABBIT? (A) A HILARIOUS STEVEN SPIELBERG COMEDY!
RED HEAT (2-19)
Daily: 10.00, 12.00 pm CARE BEARS ADVENTURE IN WONDERLAND (A)
Daily: 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm ARTHUR 2 – ON THE ROCKS (A)
BLACK EAGLE (A)
COMING ATTRACTIONS 23 Dec – BULL DURHAM; 23 Dec – LICENCE TO DRIVE; 30 Dec – BEETLEJUICE

**WEST**
WESTGATE ROODEPOORT 764-2530 — Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
BIG (A) A WISH COME TRUE CAN CHANGE YOUR LIFE FOREVER! A COMEDY STARRING TOM HANKS!
WHO FRAMED ROGER RABBIT? (A)
Daily: 10.00, 12.00 noon CARE BEARS ADVENTURE IN WONDERLAND (A)
Daily: 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm RED HEAT (2-19)
COMING ATTRACTIONS 23 Dec – BULL DURHAM; 30 Dec – BEETLEJUICE

KINE FLORA 1 & 2 472-1658 — Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
SHORT CIRCUIT 2 (A) NO 5 IS ALIVE AND ON HIS WAY TO THE BIG CITY! A COMEDY!
SALSA (A)

CINE HIGHGATE 1-5 474-2013 — Tickets: Adults R4.50. Scholars R3.00 — Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
BIG (A) TOM HANKS STARS IN THE COMEDY OF THE YEAR! NOT TO BE MISSED!
RED HEAT (2-19) SCHWARZENEGGER AND BELUSHI DEALING OUT THEIR OWN BRAND OF JUSTICE!
SHORT CIRCUIT 2 (A)
SALSA (A)
Daily: 10.00, 12.00 pm CARE BEARS ADVENTURE IN WONDERLAND (A)
Daily: 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm BLACK EAGLE (A)
COMING ATTRACTIONS 23 Dec – BULL DURHAM; 23 Dec – LICENCE TO DRIVE; 20 Jan – COCKTAIL

KINE KRUGERSDORP 665-5330/1 — Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
WHO FRAMED ROGER RABBIT? (A) A NEW KIND OF HERO IS ABOUT TO HIT THE SILVER SCREEN! A COMEDY!
SALSA (A)
COMING ATTRACTION 30 Dec – FUNNY FARM

SHORT CIRCUIT 2
NO 5 IS ALIVE AND BACK FOR 5 STAR ENTERTAINMENT!

STER CITY 1-8 337-3033 — Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
SCROOGED (A) BILL MURRAY IS BACK WITH THE GHOSTS IN THIS HILARIOUS CHRISTMAS COMEDY!
WHO FRAMED ROGER RABBIT? (A) A STEVEN SPIELBERG COMEDY WITH A DIFFERENCE!
SALSA (A) THE DANCE SENSATION OF THE YEAR! IN THE TRADITION OF 'DIRTY DANCING'!
Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00 pm THE BLUE IGUANA (2-16)
Daily: 10.15 pm THE ROCKY HORROR PICTURE SHOW (2-18)
COMING TO AMERICA (2-14)
GOOD MORNING VIETNAM (2-16)
THE PRESIDIO (2-16)
Daily: 10.00, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm DIE HARD (2-18)
COMING ATTRACTIONS 15 Dec – WILLOW; 30 Dec – FUNNY FARM

KINE RANDBURG 1 & 2 787-5446 — Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
BIG (A) ONE WISH AND SUDDENLY A TEENAGER IS SET FOR THE ADVENTURE OF A LIFETIME!
WHO FRAMED ROGER RABBIT? (A) STEVEN SPIELBERG PRESENTS HIS LATEST HIT COMEDY! NOT TO BE MISSED!

CRESTA RANDBURG 476-3802 — Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
BIG (A) HAVE YOU EVER HAD A REALLY BIG SECRET?! A FUN COMEDY WITH TOM HANKS!
SHORT CIRCUIT 2 (A) HE'S NUTS! HE'S BOLTS! HE'S BACK! A COMEDY FOR EVERYONE!
Daily: 10.00, 12.00 pm CARE BEARS ADVENTURE IN WONDERLAND (A)
Daily: 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm RED HEAT (2-19)
COMING ATTRACTIONS 23 Dec – BULL DURHAM; 6 Jan – JOHNNY BE GOOD

KINE HILLBROW 1-3 725-3134 — Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
SHORT CIRCUIT 2 (A) NO 5 IS ALIVE AND ON HIS WAY TO THE BIG CITY! A FUN FILLED COMEDY!
BIG (A) A WISH COMES TRUE FOR A YOUNG BOY, WITH HILARIOUS RESULTS!
RED HEAT (2-19)
COMING ATTRACTIONS 23 Dec – BULL DURHAM; 30 Dec – BEETLEJUICE; 13 Jan – A FISH CALLED WANDA

NORTHCLIFF 1 & 2 782-6816 — Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
SALSA (A) HEAR THE MUSIC. FEEL THE RHYTHM. EXPERIENCE THE DANCE SENSATION OF THE YEAR!!
WHO FRAMED ROGER RABBIT? (A)
COMING ATTRACTIONS 15 Dec – WILLOW; 23 Dec – LICENCE TO DRIVE

KEMPTON PARK 975-5023 — Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
BIG (A) A WONDERFUL NEW COMEDY!
SHORT CIRCUIT 2 (A)

CONSTANTIA BENONI 422-3305 — Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
SALSA (A) THE DANCE SENSATION OF THE YEAR! IN THE TRADITION OF 'DIRTY DANCING'!
COMING ATTRACTION 23 Dec – BULL DURHAM

350 BOKSBURG 52-4631 — Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
SCROOGED (A) A CHRISTMAS COMEDY FOR EVERYONE! STARRING FUNNY MAN BILL MURRAY!

PALMSPRINGS 1 & 2 56-3223 — Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
WHO FRAMED ROGER RABBIT? (A) A RABBIT CAUGHT IN A TRIANGLE OF TROUBLE!
BIG (A)
COMING ATTRACTION 23 Dec – LICENCE TO DRIVE

POTCH
KINE POTCHEFSTROOM 930378 — Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
BIG (A) A BIG EXPERIENCE OF FUN AND LAUGHTER WITH TOM HANKS!
SCROOGED (A) BILL MURRAY IS BACK AMONG THE GHOSTS IN HIS NEW HILARIOUS COMEDY!
Daily: 10.00, 2.30, 8.00 pm SALSA (A)
Daily: 12.15, 5.30, 10.15 pm RED HEAT (2-19)
COMING ATTRACTIONS 23 Dec – BULL DURHAM; 13 Jan – A FISH CALLED WANDA

VAAL △
RIVERSQUARE VEREENIGING 016-46928 — Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
WHO FRAMED ROGER RABBIT? (A) A RABBIT CAUGHT IN A TRIANGLE OF TROUBLE! A STEVEN SPIELBERG COMEDY!
SHORT CIRCUIT 2 (A)
COMING ATTRACTION 23 Dec – LICENCE TO DRIVE

KINE VANDERBIJLPARK 016-330072 — Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
BIG (A) A WONDERFUL NEW COMEDY STARRING TOM HANKS!!
SALSA (A)

SK THE MECCA OF QUALITY FILMS
Pensioner concessions only applicable Mon to Thurs at Constantia and The Mall
COMING ATTRACTIONS: BIRD; REVOLVING DOORS; I PICARI; HIGH TIDE; A FISH CALLED WANDA; THE BIG BLUE; TO KILL A PRIEST

THE MALL ROSEBANK 880-2866/7
Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm BABETTE'S FEAST (A)
Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 PASCALI'S ISLAND (A)
Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm MR NORTH (A)
Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm THE RAGGEDY RAWNEY (2-18)
Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm THE BLUE IGUANA (2-16)
Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm SIESTA (2-21)

CONSTANTIA ROSEBANK 788-4300
Daily: 10.00, 2.30, 5.45, 9.00 pm THE UNBEARABLE LIGHTNESS OF BEING (2-21) 6TH RECORD BREAKING MONTH!
Daily: 10.00, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm THE MODERNS (2-18)
Covered parking available at back entrance of Constantia Centre

SK STER-KINEKOR 9 Dec – 15 Dec DRIVE-INS FOR A FUN NIGHT OUT
ONLY R9,50 PER CAR, KOMBI OR L.D.V. FOR 2 SHOWS.
Films change on FRIDAYS. Gates and cafeteria open 6.00 p.m. Shows start at 7.15 p.m.
INFORMATION CENTRE: EAST-RAND 816-1444, WEST-RAND 412-1843
Please Note: Extra late shows at 11.00 pm Friday and Saturday at Top-Star, Velskoen and Atlas. R6,50 pr car, kombi or L.D.V.

TOP STAR (CITY) 412-1843/493-5877 — TOUGH DETECTIVE VERSUS CRAZY COP! SCHWARZENEGGER – BELUSHI IN ACTION! RED HEAT (2-19); WHITE MISCHIEF (2-18); EXTRA LATE SHOW – FRI. & SAT. – "RED HEAT" at 11.00 pm. R6,50 per Car, Combi or L.D.V. for late show only; Midnite 16 Dec: MEAT BALL 3/MANIAC COP
VELSKOEN (RANDBURG) 412-1843/793-2812 — TOM HANKS – STAR OF 'SPLASH', IN THE VERY FUNNY HAPPY MOVIE! BIG (A); BLACK EAGLE (A); EXTRA LATE SHOW – FRI. & SAT. – "BIG" at 11.00 pm. R6,50 per Car, Combi or L.D.V. for late show only
ATLAS (BRENTWOOD PARK) 816-1444/973-1017 — IT'S HOT! IT SIZZLES! IT'S THE DIRTY DANCING OF '88! BE ADVISED – COME EARLY! SALSA (A); HERO (2-14); EXTRA LATE SHOW – FRI. & SAT. – "SALSA" at 11.00 pm. R6,50 per Car, Combi or L.D.V. for late show only; Midnite 16 Dec: BIG/SHORT CIRCUIT 2
STADIUM (MALVERN) 816-1444/615-1131 — IT'S HOT! IT SIZZLES! IT'S THE DIRTY DANCING OF '88. BE ADVISED – COME EARLY! SALSA (A); NINJA 3 (2-12)
5-STAR (HONEYDEW) 412-1843/795-1963 — IT'S HOT! IT SIZZLES! IT'S THE DIRTY DANCING OF '88! SALSA (A); HERO (2-14); 15 Dec – WILLOW/MILAGRO BEANFIELD WAR
KEMPTON PARK 816-1444/976-4905 — A CHRISTMAS WISE-CRACKER WITH THE STAR OF 'GHOSTBUSTERS' BILL MURRAY! SCROOGED (A); CROCODILE DUNDEE 2 (A)
SPEEDYS (SOUTH HILLS) 816-1444/613-4129 — WHAT A SUPER STEVEN SPIELBERG FUN MOVIE! IT'S PURE MAGIC! WHO FRAMED ROGER RABBIT? (A); RETURN TO SNOWY RIVER (A)
GERMISTON 816-1444/902-1607/8 — NO 5 IS BACK AGAIN TO DELIGHT YOU IN HIS LATEST FUN-FILLED COMEDY! SHORT CIRCUIT 2 (A); BLACK EAGLE (A)
STERLIG (ROODEPOORT) 412-1843/764-2468 — TOM HANKS STAR OF 'SPLASH' IN THE VERY FUNNY HAPPY MOVIE! BIG (A); BLACK EAGLE (A)
SPRINGBOK (SPRINGS) 816-1444/813-4138 — STEVEN SPIELBERG WITH HIS LATEST COMEDY HIT MOVIE!! IT'S PURE MAGIC! WHO FRAMED ROGER RABBIT? (A); BIG BUSINESS (A)
PANORAMA (MONDEOR) 412-1843/682-3411 — BIG LAUGHS! BIG FUN! BIG MOVIE! WITH TOM HANKS! STAR OF 'SPLASH'! BIG (A); DIRTY DANCING (PG2-16); 15 Dec: SALSA/HERO
MEIRINGSPARK (KLERKSDORP) (018) 91060 — BETTE MIDLER IN THE MADCAP COMEDY! COME AND HAVE A LAUGH NIGHT OUT! BIG BUSINESS (A); RETURN TO SNOWY RIVER (A)
HILLFOX (FLORIDA) 412-1843/679-1212 — TOUGH DETECTIVE VERSUS CRAZY COP! SCHWARZENEGGER – BELUSHI IN A HOT ACTION THRILLER!! RED HEAT (2-19); NADINE (A)
BRAKPAN 816-1444/915-3907 — TOUGH DETECTIVE VERSUS CRAZY COP! SCHWARZENEGGER – BELUSHI IN A HOT ACTION THRILLER!! RED HEAT (2-19); DIE HARD (2-18)
VEREENIGING 816-1444/12-3211 — DUDLEY MOORE STARS IN ... ARTHUR 2 – ON THE ROCKS (A); RETURN TO SNOWY RIVER (A); Midnite 16 Dec: RED HEAT/LICENCE TO DRIVE
KINANDER (EVANDER) 816-1444/24117 — IT'S HOT! IT SIZZLES! IT'S HERE! SALSA (A); THE BIG GAG (A); Midnite 16 Dec: RED HEAT/LICENCE TO DRIVE
KRUGERSDORP 412-1843/953-1959 — NO MONEY – STILL FUNNY WITH DUDLEY MOORE! ARTHUR 2 – ON THE ROCKS (A); 3 MEN AND A BABY (A); Midnite 16 Dec: RED HEAT/BLACK EAGLE
NIGEL 816-1444/739-6616 — THEY'RE BACK! DUDLEY MOORE, LIZA MINELLI! ARTHUR 2 – ON THE ROCKS (A); HELLO AGAIN (A); Midnite 16 Dec: SALSA/NINJA 3

**PRETORIA**
STERLAND 1-8 341-7568/9 — Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
WHO FRAMED ROGER RABBIT? (A) A MAN, A WOMAN, A RABBIT, IN A TRIANGLE OF TROUBLE! A FUN COMEDY!
SCROOGED (A) A CHRISTMAS COMEDY STARRING BILL MURRAY!
RED HEAT (2-19)
SALSA (A)
Daily: 10.00, 12.15, 2.30 pm CARE BEARS ADVENTURE IN WONDERLAND (A)
Daily: 5.30, 8.00, 10.15 pm DIE HARD (2-18)
BIG BUSINESS (A)
BLACK EAGLE (2-16)
ARTHUR 2 – ON THE ROCKS (A)
COMING ATTRACTIONS 23 Dec – BULL DURHAM; 23 Dec – LICENCE TO DRIVE

SUNNYPARK 1-3 44-4053 — Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
SHORT CIRCUIT 2 (A) HE'S NUTS! HE'S BOLTS! HE'S BACK! NO 5 IN HIS NEW HIT COMEDY!
BIG (A) A WONDERFUL COMEDY! A BIG EXPERIENCE! WITH TOM HANKS!!
Daily: 10.00, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm JEAN DE FLORETTE (A)
COMING ATTRACTION 30 Dec – BEETLEJUICE

TRANSVALIA 26-8387 — Daily: 10.00, 2.30, 5.45, 9.00 pm
THE UNBEARABLE LIGHTNESS OF BEING (2-21) N.B. RUNNING TIME 172 MINUTES
COMING ATTRACTION 23 Dec – THE WHALES OF AUGUST

VERWOERDBURGSTAD 663-2034 — Daily: 10.00, 12.15, 2.30, 5.30, 8.00, 10.15 pm
BIG (A) A WISH COME TRUE AND HE'S SET FOR THE ADVENTURE OF A LIFETIME!
WHO FRAMED ROGER RABBIT? (A)
COMING ATTRACTION 23 Dec – LICENCE TO DRIVE

ICE-RINK 44-5253 — PUBLIC SKATING MONDAYS – SATURDAYS 1st Session: 10.00-12.30 pm; 2nd Session: 2.00-5.00 pm; Sun. 2.00-5.00 pm – 7.30-10.30 pm

Sun City Theatres 014651-21174
NOW SHOWING: OPEN 7 DAYS PER WEEK
CINE 3: SALSA (A); BIG BUSINESS (A); CROCODILE DINDEE 2 (A)
CINE 1 & 2: THE TIT BIT (Adult); DELICIOUS (Adult); SUMMER CAMP GIRLS (Adult); THAT GIRL IS A TRAMP (Adult); SCREWLOOSE (Adult) AND MANY MORE

SK STER-KINEKOR PRETORIA DRIVE-INS
FOUNTAINS 44-2454 — STEVEN SPIELBERG'S LATEST HIT COMEDY!! WHO FRAMED ROGER RABBIT? (A); BIG BUSINESS (A); 17 Dec: SHORT CIRCUIT/BLACK EAGLE
SWARTKOPS 374-4902 — SUPER SCHWARZENEGGER ACTION THRILLER DOUBLE!! RED HEAT (2-19); RUNNING MAN (2-16); 17 Dec: SALSA/HERO
WONDERBOOM 57-1108 — HE'S NUTS! HE'S BOLTS! HE'S BACK! SHORT CIRCUIT (A); JOCK OF THE BUSHVELD (A); 17 Dec: WHO FRAMED ROGER RABBIT?/RETURN TO SNOWY RIVER
LYNNWOOD 87-1633 — THE SMASH HIT COMEDY OF THE YEAR! STARRING TOM HANKS! BIG (A); RAGE OF HONOUR (A); 17 Dec: BIG/THE WOO WOO KID
UITSPAN 7-2515 — SHO KOSUGI – THE MASTER, IN THIS ACTION THRILLER! BLACK EAGLE (A); VIBES (A); 17 Dec: SHORT CIRCUIT/DIRTY DANCING
JAKARANDA 541-1159 — THE DANCE SENSATION OF THE YEAR! SALSA (A); MASTERS OF THE UNIVERSE (A); 17 Dec: ARTHUR 2/POLICE ACADEMY 5
WITBANK 01351-81064 — SUPER WALT DISNEY ADVENTURE MOVIE! RETURN TO SNOWY RIVER (A); 3 MEN AND A BABY (A); 17 Dec: BIG BUSINESS/CAN'T BUY ME LOVE
RUSTENBURG 01421-29358 — THE DANCE SENSATION OF THE YEAR! SALSA (A); NINJA 3 (2-12); 17 Dec: RETURN TO SNOWY RIVER/HELLO AGAIN

## Hoogtepunte op TV

# Nicholson op sy beste — vanaand op TV4

CHINATOWN wat vanaand om 9.00 op TV4 wys, is beslis 'n rolprent wat nie misgeloop moet word nie. Die spannende speurverhaal speel in die 1930's in Los Angeles af. Jack Nicholson (in sy beste vertolking ooit, volgens sekere kritici) is die siniese speurder J J Gittes wat deur 'n miljoenêr (John Huston) gehuur word om 'n ogie oor sy skoonseun (Darrell Zwerling) te hou. Faye Dunaway speel die miljoenêrsdogter by wie Gittes betrokke raak.

GOEIE NUUS vir rock-geesdriftiges! **The Story of Rock and Roll** rol steeds Saterdag-aande om 11.00 voort en hierdie keer word daar gekyk na die ontstaan en invloede van rock, van country-musiek tot Mersey-beat. Rock-pioniers wat optree is Buddy Holly, Carl Perkins, Eddie Cochran, wikkelpelvis-Elvis, Creedence Clearwater Revival, Bob Seeger, Tom Petty en Huey Lewis...



John Thaw as Regan in Sweeney

TEACHERS is 'n dramatiese komedie wat Saterdag-aand om 8.30 op M-Net te sien is. Nick Nolte speel die rol van 'n talentvolle maar uiters verveelde en ontnugterde onderwyser wat gelukkig 'n pragtige idealistiese prokureur (JoBeth Williams) ontmoet. Ongelukkig kan sy nie al sy probleme oplos nie. Een van dié waarvoor sy nie raad het nie, is die skoolseun wat die skool wil dagvaar omdat hy sy standerd geslaag het.

GHOSTBUSTERS wys Sondag-aand om 8.30 op M-Net en handel oor drie parapsigoloë (Dan Aykroyd, Bill Murray en Harold Ramis) wat die wêreld van 'n klomp stuitige spoke moet red. Die drie loop behoorlik hulle rieme styf wanneer 'n vampier-agtige Sigourney Weaver hulle vra om 'n paar bose geeste uit haar woonstel te verdryf.

MAANDAG-AAND om 8.30 (ook op M-Net) begin 'n nuwe mini-reeks, **Spearfield's Daughter**. Cleo Spearfield (Kim Branden) is 'n ambisieuse - en pragtige - nuusverslaggewer wat die oerwoude van Asië trotseer, lewensgevaarlike terroriste vrou-alleen aandurf en elke slag met 'n voorblad-storie terugkom. Sy raak natuurlik ook verlief...

NOG een van Sidney Sheldon se verhale wat verfilm is, **The Naked Face**, is Donderdag-aand om 8.30 op M-Net te sien. Roger Moore is die dokter wat probeer om die man wat hom wil doodmaak, op te spoor. Ook met Rod Steiger, Elliot Gould en Anne Archer.

"Budget-Westem"-veterane, James Coburn en Kirk Douglas, speel Saterdagaand om 9.30 op TV1 in **Draw**. 'n Voortvlugtende beland weer in die moeilikheid ná 'n skietvoorval.

TV1 wys Sondag-aand om 9.00 die klassieke Afrikaanse rolprent, **Uitdraai**. Dawid Minnaar vertolk die rol van 'n jong man van onsekere agtergrond wat verlief raak op 'n boeremeisie (Anna-Mart van der Merwe).



Nick Nolte en Jobeth Williams in Teachers

### Vrydag 9 Des

TV1
6.00 Goeiemôre SA
3.30 Take a Break
4.00 Ducktails
4.30 The Boy and the Book
4.35 Manuel's Mediterranian Melodies
5.00 Fast Forward
5.35 Topsport
6.00 News
6.15 Sundowner
7.00 Matlock
8.00 Netwerk
8.45 Polisie '75
9.00 Familiegeheime
10.00 Die helde van Houston
11.00 Klub '88
11.30 Oordenking

TV4
6.03 Topsport
*9.00 Chinatown (1974) 'n Speurverhaal in Los Angeles in die 1930's. Jack Nicholson is die siniese speurder wat gehuur word deur 'n miljoenêr (John Huston) om 'n ogie oor sy skoonseun te hou. Speurder Nicholson raak in die proses betrokke by die miljoenêr se pragtige dogter (Faye Dunaway).
10.30 M*A*S*H
11.00 Musiek

M-NET
10.30 The Competition - 'n Roerende liefdesverhaal met Richard Dreyfuss, Amy Irving en verskeie musiek-instrumente.
3.30 Disney: Magic in the Magic Kingdom
4.20 Me and Dad's New Wife. 'n Skoolmeisie (Kristy McNicol) wat agterkom dat haar pa, wat onlangs geskei is, se nuwe vrou haar Wiskunde-onderwyseres is. Dit maak haar bitter ongelukkig.
5.27 Mega-T tuffy tooth club
5.30 Jimbo and the Jet Set
5.35 Strokiesprent
5.45 The Trap Door
5.50 Carebears
Oop Tyd
6.15 Loving
6.45 Supersport
Intekenare
8.00 Supersport - 1988 Olimpiese Spele in Seoul
8.30 Roots: The Next Generation
10.06 Improve Tonite
10.30 Against All Odds. 'n Spannende liefdesverhaal met Rachel Ward (van Thornbirds-faam) agter wie twee mans aan is. Met Jeff Bridges en James Wood.
12.03 Hot Hits

### Saterdag 10 Des

TV1
5.57 Oggendboodskap
6.00 Opvoedkundige tv
6.30 Agriforum '88
7.00 Goeiemôre SA
9.00 Opvoedkundige tv
11.00 Topsport
1.00 Sandmannetjie/ Kuifie
1.10 Bennie die Beer
1.35 Die Verkenners
2.00 Topsport
5.57 Kompas
6.00 Nuus
6.15 Teletreffers
7.05 Hardcastle en McCormick
8.00 Network
8.40 Magnum VI
9.30 Draw - Kirk Douglas speel die hoofrol van 'n voortvlugtige in dié klassieke prent oor die Wilde Weste. Ook met James Coburn, Alexandra Bastedo en Graham Jarvis.
*11.00 The Story of Rock 'n Roll - 'n soektog na die wortels van rock: country, rhythm en blues tot rockabilly. Met pioniers Buddy Holly, Carl Perkins, Eddie Cochran en Elvis na Creedence Clearwater Revival, Bob Seeger, Tom Petty en Huey Lewis.
11.45 Epilogue

TV4
6.00 The Law and Harry McGraw
9.03 A Different World
9.57 Cover Story
10.30 The Dom deLuise Show
11 00 Baretta

M-NET
6.00 Supersport
1.30 Mistress - 'n Ryk man se skelmpie (Victoria Principal) in die knyp wanneer hy skielik sterf. Met Don Murray en Joanna Kearns.
3.00 The Making of Maria's Lovers
3.30 All of Me - Die siel van 'n eksentrieke ryk vrou (Lily Tomlin) beland danksy 'n dom ghoeroe in die liggaam van 'n prokureur (Steve Martin) in plaas van dié van 'n mooi jong meisie (Victoria Tennant).
5.00 City of Cities
5.30 Beyond 2000
Oop tyd
6.15 Hot Hits
7.00 Crime Story
Intekenare
8.00 Fame, Fortune and Romance
*8.30 Teachers - Nick Nolte is die talentvolle maar ontnugterde onderwyser wat 'n aantreklike, idealistiese prokureur (JoBeth Williams) ontmoet. Ook met Judd Hirsch en Ralph Macchio.
10.15 Supersport
10.30 Deadly Passion - 'n Privaatspeurder (Brent Huff) word 'n verdagte in 'n moordsaak terwyl hy 'n skatryk vrou se man agtervolg.

### Sondag 11 Des

TV 1
1.30 Heidi
2.00 Zet
2.15 Storybook International
2.45 Collage
3.35 Honderd Meesterwerke
4.05 Bobby and Sarah
4.30 Legacy
5.00 Lassie
6.10 50/50
6.50 Built for Life
7.05 Life Style
7.30 Thy Kingdom Come
8.00 Netwerk
9.00 Uitdraai - 'n Storie oor liefde tussen 'n plaasmeisie (Anna-Mart van der Merwe) en 'n jongman wie se pa moontlik 'n kleurling was! (Dawid Minnaar). Die verhouding dra haar ouers se goedkeuring nie weg nie, natuurlik weens die arme man se duistere stamboom...
10.30 Perspektief

TV4
6.03 Kupid
9.04 Trauma Center
*9.57 Kate and Allie.
10.25 Sing Country
11.00 Topsport

M-NET
1.00 Supersport
3.30 Just Between Friends - 'n Drama oor twee vroue wat uitvind dat hulle een man deel. Met Mary Tyler Moore, Christine Lahti en Ted Danson.
5.20 Mega-T-tuffy tooth club
5.25 Wuzzles
5.50 The Mouse Factory
Oop Tyd
6.15 Heartbeat
7.00 Carte Blanche
Intekenare
8.00 Hollywood Squares
10.30 Ghostbusters - 'n Komedie oor spoke wat amok maak en drie maltrap parapsigoloë (Bill Murray, Dan Aykroyd en Harold Ramis) wat die wêreld moet red. Sigourney Weaver is die pragtige vrou wat van die drie se dienste gebruik maak... en dis dan wat sake handuit ruk!
10.10 The Electronics Wai
10.30 Heart of A Champion - 'n Drama wat handel oor 'n atleet wat sy been verloor en ná 'n tydperk van emosionele wroeging besluit om 'n eenman-marathon aan te pak. Met Eric Fryer, Robert Duvall en Christopher Makepeace.

### Maandag 12 Des

TV 1
6.00 Goeiemôre SA
2.00 Orm and Cheep
2.15 Mark Twain's Tom Sawyer
3.30 Luister en Hoor
3.35 Impact
4.00 Ovide
4.15 Pumpkin Patch
4.30 The Boy and the Book
4.35 Another life
5.00 We got it made
5.30 Bionic Six
6.00 News
6.15 Graffiti
7.00 Murder she wrote
8.00 Netwerk
9.00 Die Kartuiserklooster van Parma
10.00 Topsport
11.45 Oordenking

TV 4
6.00 Butterfly Island.
6.30 Topsport
9.00 Head of Class
9.32 Hotel
11.25 Spenser for Hire
11.16 The Forum Presents

M-NET
10.30 Shattered Vows - Die ware verhaal van 'n non (Valerie Bertinelli) wat in twee geskeur word tussen haar roeping en haar liefde vir 'n priester (Davis Morse).
12.00 Videofashion.
3.30 Mistress
5.04 Victims
5.27 Mega-T tuffy tooth club
5.30 Jimbo and the Jet Set
5.35 Tekenprent
5.45 The Trap Door
5.50 The Enterprise Smurfers
Oop Tyd
6.15 Loving
6.45 Hart to Hart
7.45 Supersport
Intekenare
8.00 Supersport
8.30 Spearfield's Daughter (Deel 1) 'n Minireeks wat handel oor 'n jong, ambisieuse nuusverslaggewer (Kim Braden) wie se werk haar dwarsoor die wêreld laat reis maar ook in doodsgevare laat beland. Ook met Christopher Plummer en Nancy Marchand.
10.10 Supersport
11.10 Die Sersant en die Tiger Moth. 'n Rolprent wat handel 'n jong man en vrou en 'n baie ou vliegtuig. Met Katinka Heyns en George Ballot.

### Dinsdag 13 Des

TV 1
6.00 Goeiemôre SA
2.00 Deugniet, die Dapper Ridder
3.30 Vrouekeur
3.50 Miena Moe en kie
4.00 Mof en Mer
4.10 Wielie Walie
4.30 Gryses en Wyses
5.00 Noem my net Lamprecht
5.30 Die Wonderwêreld van Isabelle
5.57 Kompas
6.00 Die Nuus
6.15 Potpourri
7.05 Spioen-Spioen
8.00 Network
9.00 The Hamptons
10.00 Topsport
11.30 Evening prayer

TV 4
6.00 Shane
9.04 The Kid with the 2000 IQ - 'n Komedie oor 'n 13-jarige genie (Gary Coleman) wat universiteit toe gaan sonder hoërskoolopleiding. Hy tel gou probleme met die studente op, maar sy kamermaat (Dean Butler) wat versot is op meisies en sport, raak met hom bevriend.
10.49 Amen
11.16 Big Valley

M-NET
10.30 1 Met Santa Claus
3.28 The Apple Dumpling Gang
5.12 Taming the Monster
5.30 Liqui-Fruit Chit Chat
5.40 Strokiesprent
5.50 G.I. Joe
Oop tyd
6.15 Loving
6.45 China Beach
7.45 Inkopiemandjie
Intekenare
8.00 Floyd on Food
8.30 Spearfield's Daughter
10.40 Supersport: Snoeker
11.40 Southern Comfort - 'n Drama wat handel oor 'n grap wat in 'n nagmerrie verander. Vier lede van 'n tuiswag bestook vier vreemdelinge met loskruit en in die verwarring sterf die groepleier. 'n Vreesaanjaende trek deur moerasse volg. Met Powers Boothe, Keith Carradine en Peter Coyote.

### Woensdag 14 Des

TV 1
6.00 Goeiemôre SA
2.00 Orm and Cheep
2.15 Tom Sawyer
3.30 Agriforum '88
4.00 Ovide
4.15 Tele 6
4.25 The Boy and the Book
4.30 Another life
5.00 Cosby III
5.35 Curiosity Show
6.00 News
6.15 No Jacket Required
7.00 Roger Rabbit and the Secrets of Toontown - 'n Dokumentêre program wat handel oor die maak van die rolprent 'Who Framed Roger Rabbit?'
8.00 Netwerk
9.05 Die Ma-Plotters
9.35 Angelo Branduardi
10.00 Topsport
11.00 Oordenking

TV 4
6.00 Pursuit of Happiness
6.30 Topsport
9.00 The Bold and the Beautiful
9.30 Capitol
10.00 Ongewensde Vreemdeling - Nog 'n radioverhaal wat verfilm is. Gerhard Steenberg (Marius Weyers) vlug vir sy verlede. Hy werk as 'n plaasbestuurder, word nie deur die gemeenskap aanvaar nie, raak verlief op Mitz (Anele Jonker) Haar suster, Lida (Sandra Kotze) raak weer op hom verlief. Intriges, intriges, intriges...
11.33 The Honeymooners

M-NET
10.30 Just Between Friends
12.15 Archie Leggatt Designer Award Show
3.30 Die Sersant en die Tiger Moth
5.10 Queen of the Reds
5.27 Mega-T Tuffy Tooth Club
5.30 Liqui-Fruit Pikkieflikkers
5.40 Tekenprent
5.50 The Adventures of the Galaxy Rangers
Oop tyd
6.15 Loving
6.15 Loving
6.45 Mariah State
7.45 Supersport
Intekenare
8.00 Supersport
8.30 Spearfield's Daughter
10.40 Supersport
11.40 Sweeney

### Donderdag 15 Des

TV 1
6.00 Goeiemôre SA
2.00 Die Soutprins
3.30 Wat sê die reg?
3.50 Meaty moments.
3.55 Die Oefs
4.00 Vegskip-X
4.30 Silhouette
5.25 Tekkies
5.57 Kompas
6.00 Nuus
6.15 Uit en Tuis
7.05 Reccie
8.00 Network
9.00 thirtysomething.
10.00 Topsport
11.00 Face to face

TV 4
6.00 The Beatles: Third Era
9.00 The Bold and the Beautiful
9.30 Capitol
10.00 Night Court
10.22 Boetebessie Marie
11.19 Ripley's Believe It or Not

M-NET
10.30 Against All Odds
3.30 Bugs Bunny
4.46 The Horrible Honchos
5.30 Jimbo and the Jet Set
5.35 Tekenprent
5.45 The Trap Door
5.50 Inspector Gadget
Oop tyd
6.15 Loving
6.45 Designing Women
7.15 Newhart
7.45 Supersport
Intekenare
8.00 Supersport
8.30 The Naked Face - Roger Moore speel die hoofrol in die aksiefilm wat handel oor 'n dokter wat probeer om sy voornemende moordenaar vas te trek.
10.16 Supersport
11.16 Deadly Passion
12.45 Carte Blanche - heruitsending

**Lees Egbertus Klaagvoort se TV-rubriek op bladsy 4**